

Verhandeling aangebied ter vervulling van 'n gedeelte van die vereistes vir die graad M.A. (KOMMUNIKASIEKUNDE) aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

1975

VOORWOORD.

As deel van die Kommunikasiewetenskap vorm Skakelkunde en in die besonder Staatskakelkunde 'n nuwe en onbekende dissipline. Die voordeel hiervan is die wye veld waarin navorsing gedoen kan word terwyl die nadeel die gebrek aan bronne is. Vir hierdie studie moes hoofsaaklik van primêre bronne gebruik gemaak word. Ten einde hierdie bronne op te spoor en toegang tot hulle te kon verkry, was ek afhanklik van die hulp van verskeie persone.

Graag betuig ek my dank teenoor dr. C. E. Mulder van die Departement van Inligting wat oor die Departement se geskiedenis navorsing doen en wie se hulp waardevol was. Mnr. M.U. Zimmermann wat reeds sedert 1953 in die Inligtingsdiens is, word vir die moeite wat hy gedoen het om behulpzaam te wees bedank. So ook die personeel van die Departement van Inligting se biblioteek, die Staatsbiblioteek in Pretoria en die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek.

Minister Marais Steyn word bedank vir sy bereidwilligheid en vir die tyd wat hy aan my afgestaan het. Die Minister van Nasionale Opvoeding, sen. J.P. van der Spuy, en die Direkteur van Argiewe in Pretoria word bedank vir die toestemming om insae te kom hê in die geslote gedeeltes van die Hertzog- en Smutsversamelings.

Graag betuig ek my erkentlikheid jeens prof. G.J. Pienaar, hoof van die Departement Kommunikasie-

en Perswetenskap aan die P.U. vir C.H.O., onder wie se leiding hierdie studie gedoen kon word. Sy ervaring, kennis en insig in dié besondere onderwerp was van groot waarde. Ook die opoffering gedurende sy vakansie word hoog waardeer.

Aan my pa 'n woord van dank vir die belangstelling, hulp en wenke.

Aan Gerda van der Walt (Ellis) 'n woord van dank vir die netjiese en noukeurige tikwerk. Die persoonlike opoffering en vriendskap het nie onopgemerk verby gegaan nie.

Dankie aan my vrou, Triena, vir die belangstelling, laat nagte en hulp met die manuskrip. Sonder haar bystand en geduld sou dit nie moontlik gewees het nie.

Pieter Mulder.

Potchefstroom.

Januarie 1976.

INHOUDSOPGAWE.

HOOFSTUK 1.	INLEIDING.	2
HOOFSTUK 2.	DIE TYDPERK 1936 - 1939.	10
HOOFSTUK 3.	1939 - 1944 DIE OORLOGSJARE.	19
HOOFSTUK 4.	1944 - 1947 ONDERSOEKE EN ON- SEKERHEID.	51
HOOFSTUK 5.	1948 - 1954 'N NUWE BEDELING.	71
HOOFSTUK 6.	1955 - 1960 'N PERMANENTE STAATSINLIGTINGSDIENS.	99
HOOFSTUK 7.	1961 - 1965 'N DEPARTEMENT VAN INLIGTING.	130
HOOFSTUK 8.	1966 - 1971 AANPASSINGS EN VERANDERINGE.	159
HOOFSTUK 9.	1972 - 1975 DIE HUIDIGE STAATSINLIGTINGSDIENS.	182
HOOFSTUK 10	SAMEVATTING.	201
BRONNE		208

HOOFSTUK 1.

INLEIDING.

Die voorsiening en verspreiding van inligting, veral wanneer dit amptelik of van regeringsweë geskied, is nie net in Suid-Afrika nie, maar bykans oral in die wêreld problematies.¹⁾ Die breë oogmerke met hierdie studie is om die inligtingsdienste van state te ondersoek. Die klem in die ondersoek val op die funksies en doelstellings van staatsinligtingsdienste. Ander aspekte, waaronder volledige geskiedkundige studies, organisatoriese besonderhede, voorligtingsdienste e.d.m., is slegs ondersoek in die mate wat dit betrekking het op spesifieke funksies of miskien doelstellinge beter toelig.

Aangesien dit prakties onmoontlik is om binne die bestek van één studie 'n volledige ondersoek te doen na alle inligtingsfunksies wat deur regerings in die verlede en tans nog gedoen word, is hierdie ondersoek in hoofsaak beperk tot die amptelike Suid-Afrikaanse staatsinligtingsdiens wat in 1936 tot stand gekom het. Die studie moes tot hierdie diens beperk word omdat die meeste staatsdepartemente en staatsinstellings in die Republiek een of ander inligtingsfunksie het. 'n Studie van die Suid-Afrikaanse staatsinligtingsdiens behoort egter 'n breë

1) Vgl. Cutlip and Center. *Effective Public Relations*, p. 529-559 & E. Dekker. *Overheidsvoorlichting in de Verzorgingsmaatschappij*.

verteenwoordigende oorsig te kan gee van die inligtingstake wat deur die staat onderneem word.

Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse staatsinligtingsdiens is in hierdie studie in sekere tydvakke ingedeel om spesifieke funksies wat eie aan 'n tydvak is, te kon uitlig. Deur die tydvakke met mekaar te vergelyk, is gepoog om deurlopende funksies en klemverskuiwings aan te dui. Om deurlopende funksies te kon aandui, was dit wel ook nodig om enkele inligtingsfunksies wat aanvanklik onder ander staatsdepartemente en staatsinstellings geval het, te behandel omdat die funksies wel later deel van die Suid-Afrikaanse Departement van Inligting se funksies geword het.

MODERNE ONTWIKKELING.

Amptelike staatsinligtingsdienste is 'n ontwikkeling van die twintigste eeu. Hierdie inligtingsdienste kan ook as uitvloeisel van die moderne diplomاسie gesien word. "Waar die oerdiplomaat basies 'n vredesboodskapper was, het die diplomaat van vandag inderdaad 'n veldheer in die oorlogsarena van die koue inligtingsoorlog geword - nog steeds met die woord as sy wapen."²⁾ Waar die internasionale politiek in die verlede slegs tussen ampsdraers en amptenare op hoë vlak gevoer is, lei die ontwikke-

- 2) M.J. Bekker. Histories-Empiriese studie van die Suid-Afrikaanse Diplomatieke en Konsulêre diens as staatskakelorganisasie, p. 24.

ling van en tendense in die kommunikasiemedie daartoe dat die openbare mening in ander lande vir 'n staat belangrik word in sover dit sy buitelandse beleid raak.³⁾ In hierdie verband het inligtingsdienste en die verspreiding van inligting net so 'n belangrike instrument in die uitvoering van enige land se buitelandse beleid geword as erkende instrumente soos diplomatie, die ekonomie en militêre wapens.⁴⁾ Holsti vat die doel van hierdie inligtingsdienste op internasionale vlak soos volg saam:

"Governments no longer just make promises of rewards or threats of punishment to foreign diplomats and foreign office officials; they make them to entire societies. One of the unique aspects of modern international political relationships is the deliberate attempt by governments, through diplomats and propagandists, to influence the attitudes and behaviour of foreign populations, or of specific ethnic, class, religious, economic or linguistic groups within those populations. The officials making propaganda hope that these foreign groups or the entire populations will in turn influence the attitudes and actions of their own government."⁵⁾

3) H. Nicolson. Diplomacy, p. 92.

4) Vgl. J. Frankel. International Politics, p. 157; J. Frankel. International Relations, p. 103; K.J. Holsti. International Politics, p. 211.

5) K.J. Holsti. International Politics, p. 211.

Behalwe die buitelandse inligtingstaak van die staat het daar in die twintigste eeu ook 'n binnelandse taak na vore getree. Hierdie binnelandse taak kan verbind word aan die ontwikkeling van die skakelwese byna oral in die wêreld,⁶⁾ maar ook in Suid-Afrika.⁷⁾ Faktore soos die grootte en ingewikkeldheid van die moderne samelewing, die vinnige tempo van die hedendaagse lewe en die groot aantal kommunikasiemiddele het meegewerk om 'n behoefte te skep aan 'n gespesialiseerde beroep soos die openbare skakelwese.⁸⁾

Mev. Indira Ghandi, eerste minister van Indië, verbind die openbare skakelwese met die staatstaak en stel dit dan soos volg:

"Public relations is one of the lubricants of democracy. Governmental and industrial processes are becoming increasingly complex. It is through public relations that these processes can be made intelligible to the people and enable them to leave their impress on the shaping of policies."⁹⁾

Ook die Suid-Afrikaanse staatsinligtingsdiens moes rekening hou met die ontwikkeling van die skakelwese.

6) Cutlip & Center. Effective Public Relations, p. 46-96.

7) J.P. Malan & J.A. L'Estrange Openbare Skakelwese in Suid-Afrika, p. 22-24.

8) Ibid., p. 15.

9) Aangehaal in Cutlip & Center. Effective Public Relations, p. 529.

Daar is in so 'n mate hierin geslaag dat dr. Eschel Rhoodie, die Sekretaris van Inligting, in 1972 kon sê: "Die Departement van Inligting is geen vreemdeling op die gebied van skakelwerk nie. U kan alle fasette van skakelwerk in sy dag-tot-dag werksaamhede, in sy beplanning, beide in die binneland en oorsee, waarneem. Dit sluit in groep-, individuele en massa-skakelwerk, hetsy mondeling of oudiovisueel."¹⁰⁾

DRIELEDIG.

Die duidelik onderskeibare binnelandse en buitelandse staatsinligtingsfunksies wat hierbo genoem is, word in die meeste lande geskei en deur verskillende staatsinstellings beheer.¹¹⁾ Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse staatsinligtingsdiens handel egter hoofsaaklik oor die verhouding tussen hierdie twee funksies as take van dieselfde diens. Omdat 'n studie van albei hierdie hooffunksies te omvangryk sal wees, is hierdie studie beperk tot die binnelandse funksies van die Suid-Afrikaanse staatsinligtingsdiens sedert 1936. In 'n latere studie kan moontlik aandag gegee word aan die buitelandse funksie van die Suid-Afrikaanse staatsinligtingsdiens. Waar die buitelandse funksies wel genoem word, is dit om belangrike klemverskuiwings binne die inligtingsdiens aan te dui.

10) Dr. E.M. Rhoodie. Referaat oor Massa-Kommunikasie, 25.10.1972.

11) Hansard, Deel 30, 1970, kol. 4943-4950.

In hierdie studie word van die veronderstelling uitgegaan dat die staat se globale inligtingsfunksie drieledig van aard is - dit omvat die diplomاسie, staatsinligting en staatsvoorligting. In hierdie studie val die klem deurgaans op staatsinligting vir sover dit in die eerste plaas binnelands gerig is.

Samevattend is die oogmerk met hierdie studie om aan die hand van die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse staatsinligtingsdiens vas te stel watter binnelandse inligtingsfunksies in sekere tydvakke deur die staat gedoen is en hoe dit aanleiding gegee het tot die huidige binnelandse inligtingsfunksies van die Suid-Afrikaanse Departement van Inligting.

PROBLEME.

Verskeie probleme is met hierdie ondersoek ondervind. Tot dusver het nog geen gepubliseerde werk oor die geskiedenis van die inligtingsdienste in Suid-Afrika verskyn nie. Sonder die feitelike agtergrond van die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens se ontstaan en ontwikkeling was dit onmoontlik om 'n studie te maak van die funksies van die diens in verskillende tydvakke. Die geskiedenis van die diens moes dus eers gerekonstrueer word uit verskillende primêre bronne. Aangesien die inligtingsdiens betreklik onlangs tot stand gekom het,¹²⁾

12) Op 29 Januarie 1936. Hansard, Deel 37, 1940, kol. 1763.

is gevind dat die meeste belangrike bronne nog vir navorsing gesluit is. As gevolg hiervan is tot groot hoogte van die Inligtingsdiens se jaarverslae asook van Debatte van die Volksraad gebruik gemaak. Toestemming is verkry om insae te kon hê in die Hertzog- en Smutsversamelings asook die argief van die Departement van Binnelandse Sake tot 1955. Dit is gelukkig dat verskeie oud-amptenare wat aan die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens verbonde was, nog in die lewe is. Waar leemtes aangevoel is, is onderhoude met hierdie persone gevoer om 'n vollediger beeld te kon verkry.

BEGRIPPE.

Dit is nodig dat die begrip "inligting" soos dit in hierdie studie gebruik sal word, nader omskryf word. Om begrippe soos inligting, propaganda, politieke werwing, agitاسie, advertensie, skakeling, publisi-teit, be-invloeding e.a. duidelik te omlin en van mekaar te onderskei, lewer dikwels probleme op. Die vernaamste probleem met so 'n omskrywing van begrippe is dat bepaalde betekenisgeheg word aan bepaalde woorde na gelang van spesifieke standpunte, ideologieë, tale en begripstrukture. Dit is geensins die doel van hierdie studie om uitsluitel te probeer gee watter betekenis aan watter begrip geheg moet word nie.¹³⁾ Met die woord "inligting" word

13) Vgl. L.W. Doob. Public Opinion and Propaganda & J. Ellul. Propaganda.

in hierdie studie bedoel "die nodige kennis, informasie verskaf" waardeur mense of "iemand op hoogte van sake gebring word."¹⁴⁾ Dit gaan dus hier om 'n inligtingsverspreidingsfunksie of 'n publisiteitsfunksie - die bekendmaking van inligting met behulp van verskeie middele. Hoewel die begrip "propaganda" in hierdie verband voor en gedurende die Tweede Wêreldoorlog gebruik is, word vandag nadruklik voorkeur aan die begrip "inligting" gegee.¹⁵⁾

Behalwe vir instansies wat inligting versprei, is daar ook verskeie instansies wat gemoeid is met die versameling of inwin van inligting¹⁶⁾ - byvoorbeeld die Direktoraat van Militêre Inligting. Dit gaan hier nog steeds om inligting, maar in 'n heeltemal ander verband. In Engels word 'n doeltreffender onderskeid gemaak deurdat die verspreidingsfunksie van inligting omskryf word as "information", terwyl die versamelfunksie omskryf word as "intelligence".¹⁷⁾ Daar word selfs ook 'n verdere onderskeid gemaak tussen inligting en informasie,¹⁸⁾ terwyl die begrip "informatika" ook reeds met die staat se inlig-

14) P.C. Schoonees. e.a. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, p. 350.

15) Hansard, Deel 59, 1947, kol. 12591 & Hansard, Deel 72, 1950, kol. 5474.

16) Kommandant Robertson. Suid-Afrika moet voorvat. Kommando, 6(3):15, Maart 1955, p. 15.

17) Dr. E.C. Mulder. Ongepubliseerde manuskrip.

18) Kommandant Robertson. Suid-Afrika moet voorvat. Kommando, 6(3):15, Maart 1955, p. 15.

tingstaak in verband gebring is.¹⁹⁾ Hierdie fyner onderskeidings is nie in hierdie studie van toepassing nie en die klem sal hoofsaaklik op die verspreidingsfunksie van inligting val.

19) Hansard, April 1975, kol. 5163.

HOOFSTUK 2.

DIE TYDPERK 1936-1939.

Op 29 Januarie 1936 keur die Staatsdienskommissie die pos "Inligtingsbeampste" goed as 'n permanente staatsdiensbetrekking in die Departement van die Eerste Minister.¹⁾ 'n Bedrag van £750 word vir die pos begroot. Dit sou voorsiening maak vir die salaris van een persoon.²⁾

REDES VIR DIE INSTELLING VAN DIE POS.

Die daarstelling van 'n pos "staatsinligtingsbeampste" moet gesien word teen die agtergrond van die binnelandse en buitelandse omstandighede in die tydperk 1936-1939. Binnenslands was dit die jare ná die politieke samesmelting tussen Hertzog en Smuts. Buitenslands was dit die opkoms van Duitsland en die vooroorlogse woelinge in Europa.³⁾

Genl. J.B.M. Hertzog as destydse Eerste Minister het verskeie probleme in hierdie tyd met die pers ondervind. Die pers het veral gedurende 1937 en 1938 probleme vir die regering veroorsaak deur baie krities teenoor Hitler en Mussolini te staan. Dit het

1) Hansard, Deel 37, 1940, kol. 1763.

2) Hansard, Deel 27, 1936, kol. 3152 en 3161.

3) Vgl. C.F.J. Muller, red. Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis, p. 376-379 & F.A. van Jaarsveld. Van Van Riebeeck tot Verwoerd 1652-1966, p. 244-247.

gelei tot amptelike verskonings aan die betrokke regering deur die Suid-Afrikaanse regering.⁴⁾ Genl. Hertzog het dit sover gevoer dat hy in 1939 wetgewing voorberei het om sekere beperkings op die pers te plaas ten opsigte van hulle beriggewing oor internasionale sake.⁵⁾

Hoewel die inligtingsdiens reeds in 1936 goedgekeur is, moet dit teen die agtergrond van hierdie latere woelinge en strominge gesien word. Genl. Hertzog verduidelik die noodsaaklikheid van 'n staatsinligtingsdiens in hierdie tyd soos volg:

"Dit is 'n instelling wat jy kry by elke regering. Selfs Holland het 'n hele persburo. Ons het maar een kêreltjie wat ons moet doodry. Geen onafhanklike land kan daarsonder klaarkom nie. Waarom? Omdat ons nie alleen moet sorg dat korrekte inligting in ons eie land versprei moet word nie, maar wat van baie groter gewig is, dat ons moet toesien dat die inligting wat uit Suid-Afrika gaan, korrekte inligting is. As dit nie korrekte inligting is nie, dan moet daardie persoon toesien dat dit dadelik gekorrigeer word.... As dit nie kan geskied nie en ons moet onderworpe bly aan al die kwaadwillige rapporte

4) Hertzogversameling, Band 143, koerantuitknipsels, 1937 & G.H. Wilson. Gone down the years, p. 112.

5) Hierdie saak word volledig bespreek in G.H. Wilson. Gone down the years, Hoofstuk XII; kyk ook G.J. Pienaar. Perssensuur en Staatsveiligheid, p. 91.

wat oorgesein word van ander lande, dan kan ons vryheid op enige moment in gevaar gebring word. Nee, hierdie persoon se dienste is al lankal nodig, en ek voel dat as ons nie hierdie stap doen nie, dan neem ons 'n risiko op ons."⁶⁾

KRITIEK TEEN DIE INSTELLING VAN DIE POS.

Die daarstelling van 'n inligtingsbeampte deur die regering het wye reaksie uitgelok - waarskynlik omdat dit in daardie stadium nog nie duidelik was wat die funksie van so 'n beampte sou wees nie. Die parlementêre persgalery het 'n memorandum wat hulle besware saamvat, opgestel en aan die Eerste Minister gestuur. Die Departement van die Eerste Minister het 'n antwoord daarop opgestel waarin die doelstellings met die nuwe beampte uiteengesit is. Die Persunie het 'n besoek aan die Eerste Minister gebring oor die saak en 'n verdere memorandum is opgestel om op hulle besware te antwoord en weereens die doel met so 'n beampte te verduidelik. Nieteenstaande al die bogenoemde onderhandelinge neem die persgalery eenparig die volgende besluit:

"Die vergadering hou hom daarvan oortuig dat enige poging om alle Regeringspersberigte voor publikasie aan insage deur 'n sentrale staatskantoor te onderwerp, nie alleen 'n refleksie is op die koerante

6) Hansard, Deel 27, 1936, kol. 3161.

nie, wat aan die publiek verantwoording verskuldig is vir die juistheid en eerlikheid van berigte, maar ook 'n gevaar vir die publiek, vir wie die beste versekering teen wanbestuur 'n vrye drukpers is wat toegang tot alle staatsdepartemente het."⁷⁾

Hoe sterk die persgalery oor die hele saak gevoel het, blyk uit die volgende gedeelte van hulle verklaring:

"Die Regering se aandag word daarop gevestig dat hierdie stap kan lei tot ernstige verstoring van die goeie betrekkinge tussen die Pers en die owerheid. Die vergadering versoek die Eerste Minister eerbiedig om van die instelling van die voorgestelde inligtingskantoor af te sien."⁸⁾

In die Volksraad word verdere kritiek uitgespreek. Op 6 Mei 1936 loods adv. C.R. Swart 'n aanval op die instelling van die nuwe pos van inligtingsbeampte.

"As dit so moet wees, beskou ek dit as 'n baie gevaarlike ding dat hierdie persoon alleen beheer moet hê oor nuus wat gegee word deur Regeringskantore. Nie alleen die pers wat hierdie kant van die Raad steun nie, maar ook die pers wat die Eerste Minister ondersteun, het die ernstige beswaar

7) Hansard, Deel 27, 1936, kol. 3202.

8) Ibid., kol. 3203.

gemaak teen die instelling van dié nuwe pos. Hierdie Raad en die land het nog nie behoorlik inligting gekry oor hierdie saak nie. Daarom wil ek voorstel dat hierdie pos geskrap word, omdat dit onnodig en gevaarlik is."⁹⁾

Die kritiek teen die beoogde inligtingsbeampste kan soos volg saamgevat word: "Die gevolg gaan wees dat, as hulle gaan publiseer wat hulle nie by daardie beampste kry nie, gaan hulle uitgeskakel word van inligting. Dit gaan daarheen loop dat die pers geen inligting gaan kry as deur daardie een enkele kanaal nie. Dit is wat ons vrees, en dit is wat die pers vrees, en dit is nie in belang van die land dat die Regering alleen sal beslis oor wat gepubliseer moet word nie."¹⁰⁾

FUNKSIES VAN DIE INLIGTINGSBEAMPSTE.

Voordat genl. Hertzog die beoogde funksies van die nuwe inligtingsbeampste uiteensit, antwoord hy soos volg op kritiek teen die pos:

"Hier is vanaand gesê en die indruk is gewek, en dit is herhaal geword, dat daar 'n alleenreg gegee word om nuus te versprei. Dit is iets wat onteenseglik nie waar is nie. Die koerante kan nog net soos altyd hul nuus gaan haal van waar hulle

9) Hansard, Deel 27, 1936, kol. 3152.

10) Ds. C.W.M. du Toit, Hansard, Deel 27, 1936, kol. 3203.

wil."11)

Hy antwoord ook op die kritiek van die koerant-skrywers. "Net so met die koerantskrywers. Hulle was by my, en hulle het hul saak mooi openlik aan my voorgelê. Maar ek het dadelik aan hulle gesê dat dit duidelik is dat hulle baseer hul sienswyse op suspisie, en dat ek hulle die versekering kon gee dat daar geen sprake was van 'n sensor nie."12) Hieruit is dit duidelik wat nie die funksies van die Inligtingsbeampste sou wees nie.

Die funksies van die Inligtingsbeampste sou hoofsaaklik 'n persinligting- en skakeltaak wees.

"Wat ons nou wil hê, is dat hierdie persoon sal daar wees om te sorg dat die pers die korrekte inligting kry en dat die pers sal reggehelp word as hulle verkeerde inligting het."13)

Die tweeledigheid van die Suid-Afrikaanse staatsinligtingsdiens se funksies met 'n binnelandse en buitelandse taak is ook reeds in hierdie vroeë stadium duidelik as genl. Hertzog sê: "Omdat ons nie alleen moet sorg dat korrekte inligting in ons eie land versprei moet word nie, maar wat van baie groter gewig is, dat ons moet toesien dat die inligting wat uit Suid-Afrika gaan korrekte inligting is."14)

11) Hansard, Deel 27, 1936, kol. 3160.

12) Ibid.

13) Ibid.

14) Ibid., kol. 3161.

'n Bedrag van £750 is deur die Parlement goedgekeur vir die pos van Inligtingsbeampste. Ná die pos in die pers geadverteer is, is mnr. J.H. Steyn, die latere Volksraadslid vir Potchefstroom, op 9 Mei 1937 aangestel as die eerste Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsbeampste.¹⁵⁾ Die aanstelling is meer as 'n jaar ná die pos reeds goedgekeur is, eers gedoen. Van die beoogde doelstellings met die beampste het nie veel tot sy reg gekom nie. Mnr. Steyn se taak was in die praktyk hoofsaaklik die lees van koerante en die maak van koerantuitknipsels. Algemene persskakelfunksies soos die reël van perskonferensies en die vrystelling van persverklarings wat as aktiwiteite van so 'n beampste verwag word, is nie deur hom gedoen nie.¹⁶⁾

Behalwe die amptelike inligtingsfunksies van die Inligtingsbeampste wat hierbo genoem is, is verskeie ander inligtingsfunksies deur ander afdelings van die staatsdiens in hierdie tydperk gedoen. Funksies wat hier van belang is, is funksies wat later deel geword het van die amptelike staatsinligtingsdiens. So het die Minister van Verdediging in hierdie tydperk drie perskonferensies gehad wat deur die Departement van Verdediging gereël is. Die doel was "... om op 'n deurtastende wyse wat in 'n gewone

15) Hansard, Deel 81, 1953, kol. 1412.

16) Gesprek met mnr. J.H. Steyn.

persoonderhoud ondoenlik en onbevredigend sou ge-
wees het, op 'n meer doeltreffende wyse nodige voor-
ligting te verskaf aan die verantwoordelike redak-
teurs self. Feite wat in die openbare belang as
vertroulik beskou moes word het ek by hierdie ge-
leentheid meegedeel aan genoemde verteenwoordigers
van die pers om hul sodoende behoorlik op hoogte
te stel omtrent belangrike beleidskwessies."¹⁷⁾

In 1971 sou hierdie funksie 'n hoogtepunt bereik
met die reël van 'n soortgelyke konferensie tus-
sen die Eerste Minister en die koerante.¹⁸⁾

Ander inligtingstake was die maak van rolprente
deur die Departement van Spoorweë en Hawens. "Vir
reklamedoeleindes. Ofskoon die rolprent hoofsaak-
lik oor geskiedenis en die ontwikkeling van Suid-
Afrika handel, is daar, waar moontlik, tonele wat
toeriste na hierdie land kan lok, in die rolprent
opgeneem."¹⁹⁾ Hierdie funksie sou ook later deur
die staatsinligtingsdiens oorgeneem word.

GEVOLGTREKKINGS.

In hierdie tydvak was daar nog geensins 'n staats-
inligtingsdiens met al sy aspekte soos dit later en
vandag kenbaar sou word nie. Dit gaan hier hoof-
saaklik om 'n persskakelfunksie en die daarstelling

17) Hansard, Deel 33, 1937, kol. 1368.

18) Jaarverslag 1971-72, p. 24.

19) Hansard, Deel 33, 1939, kol. 30.

van 'n persburo vir die regering. Die betekenis van hierdie tydvak is daarin geleë dat die beginsel van 'n staatsinligtingsdiens wat namens die regering inligting versprei en skakelwerk doen, deur die regering aanvaar is. Die feit dat daar in die praktyk nie veel van die doelstellings van die inligtingsdiens tot hul reg gekom het nie, is nie so belangrik nie. In die daaropvolgende tydvakke sou daar praktiese beslag gegee word aan die beginsel wat in hierdie tydvak aanvaar is.

HOOFSTUK 3.

1939-1944. DIE OORLOGSJARE.

Op 3 September 1939 breek die Tweede Wêreldoorlog uit. Ná 'n skeuring in die Verenigde Party tree Suid-Afrika op 6 September 1939 toe tot die oorlog. Genl. J.C. Smuts was die nuwe Eerste Minister na genl. Hertzog se bedanking.¹⁾ Mnr. J.H. Steyn, wat deur genl. Hertzog aangestel is, het op 12 September as Staatsinligtingsbeampste bedank.²⁾

AANSTELLING VAN MNR. A.N. WILSON.

Op 5 Oktober 1939, 'n maand ná die bedanking van mnr. Steyn, is mnr. A.N. Wilson aangestel as oorlogstydse Staatsinligtingsbeampste.³⁾ Die aanstelling sou slegs tydelik wees en net vir die duur van die oorlog.⁴⁾ Mnr. Wilson was in daardie stadium verbonde aan die Rand Mines-groep in Johannesburg. Die bedrag van £750 wat in die Eerste Minister se begrotingspos beskikbaar was vir hierdie pos, het veroorsaak dat mnr. Wilson heelwat minder in sy nuwe pos verdien het as by Rand Mines.⁵⁾

- 1) C.F.J. Muller, red. Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis, p. 376-379 & F.A. van Jaarsveld. Van Van Riebeeck tot Verwoerd 1652-1966, p. 244-247.
- 2) Hansard, Deel 81, 1953, kol. 1412.
- 3) Hansard, Deel 81, 1953, kol. 1413.
- 4) Hansard, Deel 37, 1940, kol. 1763.
- 5) Onderhoud met mnr. A.N. Wilson.

Mnr. Wilson is waarskynlik aangestel vanweë sy spesifieke joernalistieke ervaring. Hy was elf jaar lank politieke korrespondent van The Star. Aan genl. Smuts was hy bekend as die seun van sy vriend, G.H. Wilson, redakteur van The Cape Times.⁶⁾ Sedert 1933 het mnr. A.N. Wilson ook op Sondagaande 'n nuuskommentaarpraatjie oor die Engelse diens van die S.A.U.K. behartig. Laasgenoemde was waarskynlik die deurslaggewende rede vir sy aanstelling aangesien sy enigste opdrag met sy aanstelling in 1939 was om die propaganda van radio Zeesen te weerlê. Sy radio-ondervinding sou hier nuttig van pas wees.⁷⁾

AANVANKLIKE FUNKSIES.

Verskeie jare voor die Tweede Wêreldoorlog het radio Zeesen reeds van die Harzgebergte in Duitsland na Suid-Afrika uitgesaai. Die diens het onder leiding van Eric Holm pro-Duitse propaganda in Afrikaans uitgesaai.⁸⁾ Aanvanklik is probeer om die uitsendings elektronies te verstuur, maar dit het nie geslaag nie.

Mnr. Wilson is as Staatsinligtingsbeampte aangestel met die hoofdoel om die propaganda van radio Zeesen te weerlê. Daar is 'n ooreenkoms met die S.A.U.K. aangegaan waarvolgens mnr. Wilson saans van 19h00

- 6) Vgl. G.H. Wilson. Gone down the Years, Voorwoord.
- 7) Onderhoud met mnr. A.N. Wilson.
- 8) Onderhoud met mnr. Marais Steyn.

tot 19h15 oor die Engelse diens en vanaf 19h15 tot 19h30 oor die Afrikaanse diens kommentaar op radio Zeesen se bewerings sou lewer. Dié kommentaar is ook die volgende dag as 'n persvrystelling van die Inligtingsbeampte aan alle koerante beskikbaar gestel met 'n beroep op hulle om soveel as moontlik daarvan te plaas.⁹⁾ Hierdie aanvanklike funksie van die Inligtingsbeampte is soos volg deur die Eerste Minister, genl. Smuts, verduidelik:

"Hierdie pos is al lank op die begroting vir die Inligtingsbeampte - 'n persbeampte wat die Regering in kontak hou met die pers daarbuite en wat die Regeringsdepartemente ook bymekaar sal hou wat inligting aanbetref, en kennisgewings van 'n publieke aard aan die publiek uitvaardig. Dit is die ou staande werksaamhede van die Inligtingsbeampte ge-wees. Nadat die oorlog uitgebreek het, en met die oog op die verbasende Radiopropaganda wat van buite gemaak word om publieke opinie in ons land te beïnvloed, het die Regering dit nodig geag dat hierdie Inligtingsbeampte by sy gewone berigte wat hy meedeel aan die pers vir publikasie, ook sal byvoeg inligting by wyse van 'n antwoord op die uit-saaidiens van buite. So sien agb. lede dat daar word 'n diens uitgesaai deur die Inligtingsbeampte wat bevat, nie alleen die mededelings omtrent die

9) Hansard, Deel 39, 1940, kol. 6859 en onderhoud met mnr. A.N. Wilson.

werk van die Regeringsdepartemente nie, maar ook inligting wat antwoord gee en repliek maak op die radio-diens van 'n ander land, wat bepaald daarop toegelig is om propaganda te maak in ons land, en by name om antwoord te gee op die radiodiens uit Zees- sen."¹⁰⁾

KRITIEK.

Hierdie nuwe funksie van die Inligtingsbeampte is nie sonder kritiek aanvaar nie. Op 9 April 1940 stel mnr. Eric Louw, latere Minister van Buitelandse Sake, dit soos volg:

"Die Eerste Minister het vanmiddag die indruk probeer skep dat die inligting wat ons kry vanuit Duitsland, valse inligting is, en dat die inligting wat ons uit ons eie Inligtingskantoor kry, die reïne en onvervalste waarheid is. Maar die Eerste Minister weet dat dit nie so is nie; hy weet dat in tyd van oorlog kry jy nie so iets as waarheid van die oorlogvoerendes nie, en terwyl jy die waarheid nie van Zeesen kan kry nie, sê ek dat jy net so min die waarheid kry van Daventry en van ons eie Inligtingskantoor in Suid-Afrika."¹¹⁾

In die Volksraad is dan ook voorgestel dat die bedrag van £750 wat vir die Inligtingsbeampte begroot

10) Hansard, Deel 38, 1940, kol. 4607.

11) Ibid., kol. 4658.

word, geskrap moet word. "Ek doen dit nie omdat ek in beginsel teen 'n inligtingsbeampste is nie. Ek glo dat dit nodig is dat daar so iemand is, maar ek doen dit as protes teen die wyse waarop die huidige inligtingsbeampste optree. Dit hang saam met die waarheidsridderlikheid wat gevolg word ... Ek maak egter hierdie voorstel omdat op skandelige wyse misbruik gemaak word van ons Uitsaaidiens, wat nie 'n regeringsinstelling is in die volle sin van die woord nie. Die Uitsaaidiens is daar vir die publiek en daar is private geld ingesteek en dit word gebruik vir partypolitieke propaganda. Die inligtingsbeampste moet die volk inlig, maar hy doen sy bes om die volk in te lieg van die een dag na die ander. Daarom doen ek die voorstel."¹²⁾

Van belang van hierdie kritiek is die feit dat die beswaar van die opposisie gaan om die metodes van die Inligtingsdiens en nie om die beginsel van so 'n diens nie. Dat so 'n diens noodsaaklik vir 'n moderne staat is, word reeds aanvaar.

SUBTIELE OORLOGSPROPAGANDA.

Hierdie kritiek teen die Inligtingsdiens was nie altyd ongegrond nie; veral nie as dit gesien word uit 'n Afrikaner-opposisiestandpunt nie. Omdat 'n

12) Dr. N.J. van der Merwe, Hansard, Deel 38, 1940, kol. 4581.

groot gedeelte van die Afrikanergemeenskap teen die oorlogspoging gekant was, was die uitgangspunt van die Inligtingsdiens dat: "This propaganda should be given a distinctly Afrikaans slant."¹³⁾ As voorbeeld word gestel dat: "Every time Oom Jannie Smuts appears on the screen the commentary should be in Afrikaans."¹⁴⁾

Die Regering het die Inligtingsdiens en die metodes wat aangewend is, geregverdig as noodsaaklik vir die welslae van sy oorlogspoging. Die doelstellings met die daaglikse radio-uitsendings is in November 1939 soos volg saamgevat deur die Inligtingsbeampste in 'n memorandum aan die Kabinet:

"So far as the daily broadcasts are concerned, it is my view that the essential purpose is to try and convert the Afrikaans speaking section from their present pro-Nazi attitude of mind, to a belief in the justice of the Allied cause, and to a subsequent or consequent belief in the correctness of South Africa's policy of entering the war. A subsidiary purpose must be to satisfy the English-speaking section that the Government's activities in the conduct of the war are efficient."¹⁵⁾

Behalwe hierdie breë doelstellings met die binnens-

13) Aangehaal in Hansard, Deel 87, 1955, kol. 1758.

14) Ibid.

15) Smutsversameling, Band 132, Omslag 10, p. 5.

landse propaganda omlyn die Inligtingsbeampste in dieselfde memorandum ook meer spesifieke doelstellings.

"1) Continuous efforts must be made to discredit the Nazis. The Zeesen radio station is mainly responsible for the existing pro-Nazi bias, and, therefore, the principal objective should be to discredit the Zeesen radio."¹⁶⁾

Dat dit hier om subtiële oorlogspropaganda gaan, blyk duidelik uit die volgende: "11) Simultaneously the campaign against pro-Nazi sentiment in the Union could be attacked by giving continuous publicity to Nazi comments upon South Africa ... In the German newspaper 'Völkischer Beobachter' Afrikaners were described as White kaffirs. Two or three such quotations could be given without comment, and then the main attack should be developed in the form of a long article."¹⁷⁾

Verdere doelstellings stel mnr. Wilson soos volg: "The third line of attack upon pro-Nazi bias is to undermine faith in Nazi ideas."¹⁸⁾

"A fourth line of attack is to reveal that the Nazis had designs upon South Africa, and that these designs involved a challenge to the independence of

16) Smutsversameling, Band 132, Omslag 10, p. 6.

17) Ibid., p. 8.

18) Ibid., p. 8.

the country."¹⁹⁾ Van die verdere doelstellings van die Inligtingsbeampte sou wees om aan te toon dat Duitsland die oorlog veroorsaak het en nie Brittanje soos beweer is nie.²⁰⁾ Met hierdie en verdere doelstellings kan aangetoon word dat die staatsinligtingsdiens gedurende hierdie tydvak as vernaamste funksie die openlike verspreiding van oorlogspropaganda gehad het.

PERSSENSUUR.

Van die eerste take wat sou bykom naas die opdrag in verband met Zeesen, was die opstel van 'n perssensuurooreenkoms. Dit moes 'n vrywillige ooreenkoms wees tussen die Inligtingsdiens en die redakteurs van al die Suid-Afrikaanse koerante.²¹⁾ Op 25 Junie 1940 is in Pretoria 'n konferensie deur al die betrokkenes gehou. Ná 'n lang bespreking is eenparig op die voorwaardes van so 'n ooreenkoms besluit. Die ooreenkoms het in besonderhede bepaal watter tipe nuus skadelik vir die oorlogspoging sou wees en watter wel gepubliseer kon word. Die pers is egter nie heeltemal aan bande gelê nie. Die ooreenkoms het onder andere ook bepaal: "Dat die pers die reg behou om kritiek uit te oefen en om in sy redaksiekolomme sy eie beleid uit te

19) Smutsversameling, Band 132, Omslag 10, p. 9.

20) Ibid., p. 10.

21) Onderhoud met mnr. A.N. Wilson.

spreek."²²⁾

Die Inligtingsbeampte sou wel as 'n sensor optree deurdat alle sake waaroor die pers twyfel, na hom verwys moes word vir 'n beslissing.²³⁾ In hierdie verband bepaal die ooreenkoms: "Beginselsake in die verhouding tussen die Pers en die Buro moet in die eerste plek bespreek word met die hoof van die Persafdeling en later, indien nodig, met die Direkteur van Inligting. In sake van belangrike beleid mag die Minister genader word."²⁴⁾

'n Oorlogstydse funksie van die Inligtingsdiens in hierdie tydvak was dus nie net die daarstelling van 'n vrywillige perssensuurstelsel nie, maar ook die instandhouding daarvan. Hierdie vrywillige perssensuurooreenkoms was so geslaagd dat mnr. Wilson in Junie 1942 in 'n onderhoud verklaar: "Fortunately the Bureau was on good terms with the Press and the voluntary censorship agreement had worked very well. While in no way interfering with the legitimate functions of the newspapers, this agreement only sought to prevent the publication of news which might be useful to the enemy and so far this agreement had been honoured."²⁵⁾

22) G.J. Pienaar. Perssensuur en Staatsveiligheid, Bylae A, p. B 1.

23) Onderhoud met mnr. A.N. Wilson.

24) G.J. Pienaar. Perssensuur en Staatsveiligheid, p. B 3.

25) Anon. The Nongai, 33(6), Junie 1942, p. 647.

AANVANKLIKE PROBLEME EN AANPASSINGS.

Die werksaamhede van die Inligtingsbeampte het baie vinnig uitgebrei. Behalwe die opdrag in verband met radio Zeesen en die perssensuurooreenkoms het verskeie funksies bygekom. "This was a matter of a week before the job just burst, like this, open. I was to do everything."²⁶⁾

Die nuwe funksies wat van dag tot dag bygekom het, het verskeie probleme, waarvoor nie voorsiening gemaak was nie, veroorsaak. Omdat mnr. Wilson nie ten volle tweetalig was nie,²⁷⁾ was daar 'n behoefte aan iemand wat in Afrikaans kon skryf en vertaal. Mnr. P.J. Pistorius is derhalwe in Oktober 1939 van die vertaalburo oorgeplaas na die kantoor van mnr. Wilson. In 1940 word ook mnre. Uys Krige en Marais Steyn as Afrikaanssprekendes in die kantoor aangestel. Mnr. Uys Krige is die latere bekende skrywer, terwyl mnr. Marais Steyn 'n Kabinetsminister sou word. Die spesifieke aandag wat deur die kantoor aan die Afrikaanssprekendes gegee is, het hierdie aanstellings nodig gemaak. Die bykomende werksaamhede het dit nodig gemaak om ook gedurende 1940 vir mnre. Brennan, Pickles, Cornell, Bell, Hope en Hooper as tydelike joernaliste aan te stel.²⁸⁾ Dit

26) Onderhoud met mnr. A.N. Wilson.

27) Hansard, Deel 37, 1940, kol. 1763.

28) Hansard, Deel 81, 1953, kol. 1413 & Hansard, Deel 40, 1940, kol. 1227.

was nou onprakties om na die Inligtingskantoor met soveel personeellede te verwys as die "Inligtings-beampte". In die loop van 1940 word die Inligtings-beampte die Direkteur van Inligting. Die kantoor sou voortaan bekend staan as die Buro van Inligting.²⁹⁾

'n Verdere probleem sou die finansiering van die Buro wees. Die begroting wat deur die Parlement goedgekeur is, het voorsiening gemaak vir die salaris van een inligtingsbeampte.³⁰⁾ Om hierdie bedrag te vermeerder, is nie as wenslik geag nie. Genl. Smuts, as die verantwoordelike Minister, was ook nie bereid om 'n groot begroting vir propaganda in die Parlement te verdedig nie. Aanvanklik is die salarisse van die nuwe personeellede uit die Union Unity Truth Fund betaal. Die fonds het tot stand gekom uit geld wat ingesamel is om die Duitse propagandaveldtog in Suid-Afrika teë te werk. Verdere vermeerderings in uitgawes is onder die begroting van die Departement van Verdediging geplaas waar dit nie kritiek kon uitlok nie. Geld wat vir spesifieke veldtogte en aksies nodig sou word, moes met die nodige skriftelike verduideliking en omslagtigheid van die verdedigingsmagti-

29) Onderhoud met mnr. A.N. Wilson & Anon.
Some notes on the Development of the Department of Information, p. 1.

30) Smutsversameling, Band 144, Omslag 16.

gingskomitee verkry word.³¹⁾ Op 23 Augustus 1940 het mnr. Wilson in 'n memorandum oor hierdie toestand gekla:

"It should also be emphasised that the Bureau is suffering from the fact that the only money allocated to it has been the salary of the Government Information Officer - £750. It has, therefore, no funds explicitly set aside for its work. This anomalous position has restricted the scope of the Bureau's activities and has more-over given rise to the most extraordinary complications regarding procedure and expenditure. The work of the Bureau has consequently been made unnecessarily difficult and the sooner money can be voted for the activities of the Bureau the sooner it will be possible for the Director and his staff to devote themselves to a large campaign of active propaganda, without being constantly worried by the trivialities of office procedure."³²⁾

Behalwe die finansiële probleme sou die werksaamhede so toeneem dat mnr. Wilson in 1941 'n senuwee-ineenstorting kry. As gevolg hiervan is 'n departementele kommissie van ondersoek aangestel na die probleme en werksaamhede van die Buro van Inligting. Die kommissie het bevind dat die Buro te veel werk

31) Onderhoud met mnr. A.N. Wilson.

32) Smutsversameling, Band 144, omslag 16.

vir sy personeelgetalle het. 'n Adjunk-direkteur wat die administratiewe werk van die Buro sou behartig, is aangestel.³³⁾ Die Buro van Inligting is ook oorgeplaas van die Departement van die Eerste Minister na die Departement van Binnelandse Sake.³⁴⁾ Die verantwoordelike Minister was mnr. H.G. Lawrence.

Die waarskynlike rede vir die verskuiwing is dat genl. Smuts as Eerste Minister, Minister van Buitelandse Sake, Minister van Verdediging en opperbevelhebber van die krygsmagte³⁵⁾ nie die nodige aandag aan die groter wordende Buro van Inligting kon gee nie.³⁶⁾ Tot in hierdie stadium was daar baie nou samewerking tussen die Eerste Minister en mnr. Wilson.³⁷⁾ Dit is ook moontlik dat genl. Smuts nie kans gesien het om as Eerste Minister onnodige kritiek in die Parlement te verduur as gevolg van die aanvegbare werksaamhede van die Buro nie.³⁸⁾ Deur die verskuiwing is die finansiële probleme van die Buro ook tot groot hoogte opgelos. Reeds in die volgende boekjaar is 'n bedrag van £12 900 vir die Buro in die Parlement goedgekeur as deel van die begroting van die Departement van Binnelandse Sake.³⁹⁾

33) Onderhoud met mnr. A.N. Wilson.

34) Hansard, Deel 70, 1950, kol. 1122.

35) Muller, C.F.J., red. Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p. 374.

36) Onderhoud met mnr. Marais Steyn.

37) Onderhoud met mnr. A.N. Wilson.

38) Vgl. Hansard, Deel 80, 1952, kol. 8363.

39) Hansard, Deel 70, 1950, kol. 1122.

Die volgende veertien jaar sou die Buro deel van die Departement van Binnelandse Sake wees. Dat die Buro juis na die Departement van Binnelandse Sake verskuif is, dui reeds aan waar die klem van sy werksaamhede geval het. In latere tydvakke sou daar so 'n klemverskuiwing wees van die binnenslandse inligtingsfunksie na die buitenslandse dat die Buro in 1955 verskuif is na die Departement van Buitelandse Sake.⁴⁰⁾

UITBREIDING VAN DIE BURO VAN INLIGTING.

Die werksaamhede van die Buro van Inligting sou so uitbrei dat, waar in Februarie 1940 nege personeellede nodig was om alles te hanteer,⁴¹⁾ daar in Augustus 1940 reeds 27 nodig was.⁴²⁾ In Junie 1942 sou die getal 56 wees,⁴³⁾ terwyl die personeel aan die einde van die oorlog 79 was. Van die 79 was 39 professionele personeellede.⁴⁴⁾

Om doeltreffender te kon funksioneer is die Buro se werksaamhede in afdelings ingedeel wat 'n verdere aanduiding gee van die omvang van sy funksies in die oorlog:

40) Hansard, Deel 88, 1955, kol. 5434.

41) Hansard, Deel 37, 1940, kol. 1764.

42) Smutsversameling, Band 144, Omslag 16.

43) Anon. The Nongai, 33(6), Junie 1942, p. 658.

44) Binnelandse Sake, Band 1/5/2. Leër 4/5.

- "A. Press Section:
 - (1) Daily newspapers
 - (2) Country newspapers
 - (3) Foreign relations
 - (4) Services to the troops
- "B. Broadcast Section:
 - (1) National services
 - (2) Local services
 - (3) Foreign services
 - (4) Services to the troops
- "C. Film Section.
- D. General Publicity Section
- E. Miscellaneous Services
- F. Administrative."⁴⁵⁾

Die begroting van die Buro het ook steeds groter geword. Waar dit in 1941 - £12 000 was, is dit in 1942 £18 585 en skuif dit op na £24 179 in 1943. In 1944 sou dit £30 142 beloop.⁴⁶⁾ Van één personeellid en £750 het die Buro in vyf jaar uitgebrei tot 79 personeellede en 'n begroting van £30 142. Dit is duidelik dat die groei en ontwikkeling van die Buro binne hierdie tydvak buitengewoon was. Die voordeel van hierdie buitengewone groei is dat 'n groot aantal noodfunksies wat andersins nooit as funksies van so 'n staatsinligtingsdiens gesien sou word nie, behartig kon word. Meeste van hierdie funksies sou met geringe veranderinge voortge-

45) Smutsversameling, Band 150, Omslag 69, p.1.

46) Hansard, Deel 70, 1950, kol. 1122.

sit word in die na-oorlogse werksaamhede van die Buro.

FUNKSIES TEN OPSIGTE VAN DIE PERS.

Gedurende die oorlog sou die Buro optree as die skakel tussen alle Staatsdepartemente en die pers. Die Persafdeling van die Buro het alle persverklarings namens Departemente uitgereik. Waar dit nodig geag is, is self inligting van Departemente verkry vir amptelike aankondigings wat deur die Buro opgestel is.⁴⁷⁾ Dit is funksies wat genl. Hertzog vir die vorige inligtingsbeampte in die vooruitsig gestel het, maar wat nooit deur hom verrig is nie.

Dit is nodig dat hier ook verwys word na die persskakelkantoor van kapt. Bellwood wat in die begin van die oorlog as deel van die Departement van Verdediging tot stand gekom het. Die kantoor wat 'n personeel van ses gehad het, het as skakel tussen die pers en die Departement van Verdediging gedien.⁴⁸⁾ Dit was spoedig duidelik dat die instelling daarvan 'n misverstand was en dat daar oorvleueling was tussen die werksaamhede van hierdie kantoor en die Buro van Inligting.⁴⁹⁾

47) Anon. The Nongai, 33(6), Junie 1942, p. 647.

48) Anon. Some notes on the development of the Department of Information, p. 2.; Vgl. ook Hansard, Deel 37, 1940, kol. 698.

49) Onderhoud met mnr. A.N. Wilson.

In Junie 1940 is hierdie kantoor ontbind en die personeel het deel van die Buro van Inligting geword.⁵⁰⁾ Die Buro sou hierna ook optree as die enigste kanaal van inligting tussen die pers en die Departement van Verdediging.⁵¹⁾

Toe die Buro probleme ondervind met Departemente wat nie aan die reëling hou dat alle persskakeling deur die Buro gemaak word nie, skryf mnr. Wilson 'n brief aan die Minister van Binnelandse Sake en die Eerste Minister waarop hy hierdie reëling beklemtoon en hulpe hulp vra in die uitvoering daarvan.

"In order to secure and prevent overlapping and wasted effort, and to avoid unnecessary expenditure and, in general, so that there may be uniformity of policy, it is essential that all proposals for Government publicity on any subject, arising from any quarter connected with the war situation, should be dealt with through the medium of the Bureau of Information."⁵²⁾

Die Buro sou verder die koerante voorsien van beskikbare nuus en foto's van die Buro se oorlogskorrespondente in die Noorde."⁵³⁾

50) Hansard, Deel 40, 1940, kol. 1227.

51) Anon., The Nongai, 33(6), Junie 1942, p. 647.

52) Smutsversameling, Band 149, Omslag 15: Brief van mnr. Wilson aan die Minister van Binnelandse Sake en die Eerste Minister oor Regeeringspublisiteit, 10.10.1941.

53) Smutsversameling, Band 144, Omslag 16, p.7.

Om hierdie diens te kon verskaf, is 'n takkantoor van die Buro in Kaïro geopen wat as vernaamste doelstelling die verskaffing van nuus aan Suid-Afrika sou hê.⁵⁴⁾ Die Buro het ook afskrifte van praatjies wat deur die Eerste Minister en ander bekende persoonlikhede oor die radio gelewer is, aan alle koerante verskaf. 'n Spesiale diens is ook gelewer aan koerante wat die oorlogspoging goedgesind was nl: (to) "...circulate to editors of the friendly daily press confidential information or hints and suggestions offered by the Prime Minister or other members of the cabinet."⁵⁵⁾

'n Oorlogstydse funksie wat baie suksesvol sou wees en tot in die sestigerjare voortgesit sou word,⁵⁶⁾ was die verskaffing van nuus en foto's aan die plattelandse pers.⁵⁷⁾ Op kritiek in die Volksraad oor hierdie funksie van die Buro verduidelik die Minister van Binnelandse Sake, mnr. H.G. Lawrence, dit soos volg: "...deur middel van hierdie artikels kan die plattelandse pers 'n vollediger prentjie aan sy lesers gee in verband met ons oorlogspoging, as wat hy andersins in staat sou gewees het om te doen."⁵⁸⁾ Hierdie diens, wat klaar geskryfde artikels en kommen-

54) Anon. The Nongai, 33(6), Junie 1942, p. 647.

55) Smutsversameling, Band 150, Omslag 69, p.2.

56) Vergelyk Jaarverslag 1961-1962, p. 23.

57) Anon. The Nongai, 33(6), Junie 1942, p. 648.

58) Hansard, Deel 44, 1942, kol. 5441.

taar ingesluit het, is blykbaar deur die meer as 98 plattelandse koerante aangegryp. "The Bureau's services to the country press have been appreciated to such an extent that many of the newspapers contain little else but material and photographs supplied by the Bureau."⁵⁹⁾

Gedurende hierdie hele tydvak sou die verhouding tussen die Inligtingsdiens en die media bepaal word deur 'n spesifieke beleidsuitgangspunt van die Buro. In 'n verslag aan genl. Smuts oor sy werksaamhede stel mnr. Wilson dit so: "You will see that its policy is to operate through existing, not Government-owned channels. This is the public safeguard against contamination of news by the Government. In only one regard does the Bureau act in a restrictive capacity and that is in the operation of the Voluntary Press Censorship Agreement."⁶⁰⁾

Die rede vir hierdie benadering verbind mnr. Wilson aan die beginsels van die demokrasie. "The plain fact of the matter was that there was no State control of any vehicle of propaganda. Whatever use the Bureau was allowed to make of the various media was by voluntary agreement only, and this voluntary co-operation in the great cause was one of those principles of democracy which made the position in South Africa so different from that in countries

59) Smutsversameling, Band 150, Omslag 69, p.3.

60) Smutsversameling, Band 153, Omslag 54, p.3.

such as Nazi Germany."⁶¹⁾

Dit sou beteken dat die Inligtingsdiens nie koerante sou oorneem of sy eie koerante en radiostasies tot stand sou bring nie, maar slegs op 'n vrywillige basis gebruik sou maak van bestaande media.⁶²⁾

In die latere ontwikkeling van die staatsinligtingsdiens sou hierdie benadering steeds gehandhaaf word veral ten opsigte van die blankes. Die nie-blankes sou, soos aangetoon sal word, anders benader word.

PUBLISITEITSVELDTOGTE.

"Die funksie van die Buro is om op te tree as die agent van staatsdepartemente in verband met regeeringspublisiteit."⁶³⁾ Waar elke groot maatskappy 'n skakelafdeling het wat alle skakelwerk van die maatskappy hanteer, is die benadering hier dat die Buro die skakelwerk namens alle staatsdepartemente moet doen. Hierdie benadering, waar die Buro net 'n publisiteitskanaal is namens departemente en geen eie funksies het nie, sou veral die uitgangspunt wees in die tydperk net ná 1948.⁶⁴⁾

Publisiteitsveldtogte van die Buro sou as gevolg van hierdie uitgangspunt alle staatsdepartemente raak.

61) Anon. The Nongai, 33(6), Junie 1942, p. 647.

62) Onderhoud met mnr. A.N. Wilson.

63) Die Minister van Binnelandse Sake, mnr. H.G. Lawrence, Hansard, Deel 44, 1942, kol. 5436.

64) Vgl. Jaarverslag 1950, p. 5.

Die Minister van Binnelandse Sake stel dit so:

"Die Inligtingsburo is belas met die taak om vir publisiteit te sorg in verband met die oorlogspoging van die Regering. Daardie publisiteit dek 'n baie wye veld. Dit het te doen met verdedigingsaangeleenthede, met die burgerlike beskermingsdienste, en dit kan selfs betrekking hê op landbou-aangeleenthede, bv. die veldtog van eet meer vrugte, en 'n aantal ander dinge."⁶⁵⁾ Die "eet-meer-vrugte"-veldtog was nodig omdat die oorsese markte in duie gestort het as gevolg van die oorlog en Suid-Afrika nie sy vrugte kon uitvoer nie.⁶⁶⁾

Gedurende die oorlog is meer as 20 verskillende publisiteitsveldtogte deur die Buro gereël en deurgevoer.⁶⁷⁾ Daar was byvoorbeeld die veldtog in verband met die staalkommando; die oorlogstrein, die lugkommando en die saamtrekveldtog. Tot in 1942 is sowat £51 000 bestee aan sekere publisiteitsveldtogte. "Hierdie bedrae is bestee nie alleen aan advertensies nie, maar aan bioskoopprentjies, plakate, kaartjies, pamflette, ens."⁶⁸⁾ Die onderneem van publisiteitsveldtogte sou 'n permanente funksie van die Suid-Afrikaanse staatsinligtingsdiens in later tydvakke word.⁶⁹⁾

65) Hansard, Deel 44, 1942, kol. 5436.

66) Onderhoud met mn. Marais Steyn.

67) Onderhoud met mn. A.N. Wilson.

68) Hansard, Deel 44, 1942, kol. 5437.

69) Vgl. Jaarverslag 1961 - 1962, p. 15.

NASIONALE ADVIESKOMITEE.

Hierdie publisiteitsveldtogte het sulke afmetings aangeneem dat mnr. Wilson gereken het hy en sy personeel het nie genoeg ervaring van al die verskillende aspekte van so 'n veldtog om dit met welslae te kon deurvoer nie.⁷⁰⁾ As oplossing vir hierdie probleem is 'n advieskomitee in die lewe geroep. "Teen die einde van 1940 is die komitee, 'n adviserende publisiteitskomitee, in die lewe geroep, en dit het bestaan uit 'n aantal deskundiges in die verskillende rigtings van publisiteit, die pers, die radio, rolprente, advertensies, ens. Uit daardie komitee is 'n uitvoerende bestuur saamgestel wat sedert daardie tyd met gereelde tussenposes vergader het en wat enorm baie tyd en kraginspanning bestee het aan die optrek van skemas en om advies te gee aan die buro in verband met publisiteit."⁷¹⁾

FUNKSIES TEN OPSIGTE VAN DIE RADIO.

"The Bureau has further been given the responsibility of acting as liaison between the Government and its departments and the South African Broad-

70) Onderhoud met mnr. A.N. Wilson.

71) Minister van Binnelandse Sake, mnr. H.G. Lawrence, Hansard, Deel 44, 1942, kol. 5436 & Anon. H.N.P. pleit tevergeefs vir belange van boere, vrae herhaal oor die Inligtingsburo. Die Transvaler, p. 5, kol. 2 en 3, 8 April 1942.

casting Corporation." ⁷²⁾

Die aanvanklike 15 minute uitsaaityd wat die Inligtingsbeampte oor die Afrikaanse en Engelse senders onderskeidelik hanteer het, sou gedurende die oorlog uitbrei en in aanslag verander. Die Buro het later eerder spesifieke sprekers gekry wat in hierdie tyd oor spesifieke onderwerpe gepraat het, as wat die Inligtingsbeampte die tyd gebruik het. ⁷³⁾ 'n Paneel van kenners is dan ook saamgestel wat elkeen oor 'n besondere onderwerp kon praat. Die Buro het elkeen van hierdie paneellede voorsien van verdere inligting oor sy onderwerp. ⁷⁴⁾ Die radio is ook aangewend om nuwe maatreëls te verduidelik soos die Regeringsbeleid oor petrol en rubber asook die rantsoenering van kos en prysbeheer. ⁷⁵⁾

'n Ander werkzaamheid van die Buro was om met behulp van mobiele eenhede opnames te maak van ooggetuieverslae van veldslae en ander hoogtepunte aan die front. Hierdie verslae is later aan die Suid-Afrikaanse publiek teruggespeel. ⁷⁶⁾

ROLPRENTAFDELING.

Verskeie gebeure het aanleiding gegee tot die ont-

72) Anon. The Nongai, 33(6), Junie 1942, p. 648.

73) Smutsversameling, Band 150, Omslag 69, p.7.

74) Ibid., p. 8.

75) Ibid.

76) Smutsversameling, Band 144, Omslag 16, p.8.

wikkeling van 'n rolprentafdeling as deel van die funksies van die Buro van Inligting. Die Suid-Afrikaanse hoë kommissaris in Londen het in Junie 1940 gevra dat 'n rolprent gemaak moes word wat die Suid-Afrikaanse oorlogspoging weerspieël. In dieselfde tyd is besluit om 'n rolprentfotograaf aan te stel om die aktiwiteite van die Suid-Afrikaanse magte in Kenia te verfilm. Die Britse Ministry of Information het ook begin om groot getalle propagandaprente vir vertoning na Suid-Afrika te stuur. Die Buro het opdrag gekry om die verspreiding van hierdie rolprente te hanteer. Al hierdie faktore lei daartoe dat 'n selfstandige filmafdeling as deel van die Buro tot stand kom.⁷⁷⁾

"Since then the importance of the film as propaganda medium has been recognised by the Government and, in consequence, the work of the Film Section of the Bureau has expanded enormously."⁷⁸⁾

Verskeie rolprente vir binnenslandse vertoning en nuusflitse van die front af is gedurende die oorlog vervaardig.⁷⁹⁾ Hierdie rolprente is deur drie private rolprentmaatskappye vir die Buro versprei. Die Buro het as 'n rolprentsensor opgetree ten opsigte van alle stof wat van die front gekom het. Die oor-

77) Smutsversameling, Band 150, Omslag 69, p. 10.

78) Ibid.

79) Vir 'n uiteensetting van titels vgl. Anon. The Nongai, 33(6), Junie 1942, p. 658 & Smutsversameling, Band 150, Omslag 69, p. 12.

eenkoms met die private maatskappye het bepaal dat die Buro rolprente sou redigeer en die kommentaar sou nagaan om seker te maak dat die rolprente "sonder foute" is. Volgens die ooreenkoms kon die Buro ook enige nuusflitse wat oud of foutief sou raak as gevolg van nuwe verwikkelinge, onttrek.⁸⁰⁾ 'n Ooreenkoms wat met 'n ander maatskappy aangegaan is, het dit moontlik gemaak om hierdie rolprente met mobiele eenhede op die platteland te vertoon. "The circuits have been adjusted to cover areas where film propaganda is considered essential."

Die vervaardiging en verspreiding van rolprente is ná die oorlog nie as 'n funksie van die Buro van Inligting gereken nie. Eers in 1952 sou dit weer deel word van die permanente funksies van die Buro van Inligting.⁸¹⁾

ANDER FUNKSIES VAN DIE BURO IN HIERDIE TYDVAK.

'n Groot verskeidenheid kleiner funksies is in hierdie tydvak deur die Buro behartig. Dit het die verskaffing van ongevallelyste aan die pers, die beantwoording van private navrae, die reël van uitstallings, die verskaffing van foto's van soldate aan familie, ens. behels.⁸²⁾

80) Smutsversameling, Band 150, Omslag 69, p. 11.

81) Vgl. Hansard, Deel 80, 1952, kol. 8358.

82) Vgl. Anon. The Nongai, 33(6), Junie 1942, p. 647 en p. 648.

'n Funksie wat wel hier genoem moet word omdat dit later 'n belangrike deel van die Departement van Naturellesake en die later Departement van Inligting se funksies sou uitmaak, was die verskaffing van inligting aan die nie-blankes in Suid-Afrika. Hoewel hierdie funksie in die oorlogsjare as minder belangrik beskou is, sou dit ontwikkel tot een van die belangrikste funksies van die Suid-Afrikaanse staatsinligtingsdiens.

(The Bureau) "... assisted in the establishment of the weekly war bulletin in six Native languages, conducted by the Native Affairs Department, and continues to give advice, information, assistance and suggestions to the officials responsible."⁸³⁾

Die Buro was ook behulpzaam met "the establishment of 'closed circuit' broadcasts for natives in mines and other compounds."⁸⁴⁾ Die ander nie-blanke groepe in Suid-Afrika sou ook aandag kry. (The Bureau) "... sends specially written articles and selected photographs in stereo form to Indian newspapers in Natal and Cape Coloured newspapers at the Cape."⁸⁵⁾ Dit is opmerklik hoe die verskillende groepe onderskei word en bewustelik selektief en verskillend hanteer word.

83) Smutsversameling, Band 150, Omslag 69, p.3.

84) Anon. The Nongai, 33(6), Junie 1942, p. 658.

85) Smutsversameling, Band 150, Omslag 69, p.4.

'N TWEERIGTINGFUNKSIE.

Behalwe die verspreiding van inligting van die Regering na die publiek, het die Buro dit ook in hierdie tydvak as sy taak beskou om inligting van die publiek aan die Regering oor te dra.

"It was also vital to keep the Government informed as to what the public was thinking and one of the functions of the Press Section of the Bureau was to compile a daily press report outlining the criticisms which had appeared in the newspapers that morning and the evening before. This report was circularised to Cabinet Ministers and a limited number of officials. Where it was thought advisable, the attention of the responsible Minister of head of the Department was drawn to a specific complaint or grievance ventilated in the Press."⁸⁶⁾

Hierdie terugvloei van inligting wat die Buro 'n tweerigtingkanaal gemaak het, sou veral deur dr. Verwoerd in die tydvak ná 1948 beklemtoon word as 'n belangrike funksie van so 'n inligtingsdiens.⁸⁷⁾

FUNKSIES VAN DIE BURO BUITE DIE UNIE.

Sover dit buitelandse inligting betref, is daar in die vorige tydvak slegs gereken op die verskaffing van positiewe berigte aan die pers vir versprei-

86) Anon. The Nonqai, 33(6), Junie 1942, p. 647.

87) Vgl. Dr. H.F. Verwoerd se toespraak Hansard, Deel 76, 1951, kol. 7955.

ding in die buiteland. In hierdie tydvak sou daar spesifiek gestalte gegee word aan die buitelandse inligtingsfunksies wat so 'n diens behoort te doen. Gedurende 1943 is verteenwoordigers van die Buro in Nairobi, Leopoldstad, Londen en Washington aangestel.⁸⁸⁾ 'n Daaglikse oorsese kabelnuusdiens, die versending van persuitknipsels, die voorsiening van publikasies en verskeie ander buitelandse funksies is deur die Buro in hierdie tydvak gedoen.⁸⁹⁾ Hierdie funksies is nie van belang in hierdie studie nie. Wat wel van belang is, is dat die Buro reeds sulke funksies verrig het, maar dat die klem nog hoofsaaklik binnenslands sou val.⁹⁰⁾

'n Funksie wat in hierdie tydvak deur die Buro buite die Unie verrig is, maar wel hier van belang is, was die verskaffing van inligting aan die Suid-Afrikaanse magte in die Noorde. Aangesien hierdie diens verrig is vir Suid-Afrikaners, word dit as 'n binnenslandse funksie beskou.

Met die vertrek van die Suid-Afrikaanse magte na Kenia het die Departement van Verdediging die Buro van Inligting gevra om 'n daaglikse nuusdiens aan hulle te verskaf. Die diens moes ongeveer 1 500 woorde nuus van Suid-Afrika bevat en sou onder die

88) Onderhoud met mnr. A.N. Wilson.

89) Smutsversameling, Band 132, Omslag 10, p.l.

90) Onderhoud met mnr. Marais Steyn.

troepe versprei word. Die militêre owerheid het met behulp van hierdie diens en 'n mobiele drukkerseenheid "Eaforce News" in Nairobi uitgegee. Soos die Oos-Afrikaanse veldtog gevorder het, is later 'n koerant vir die troepe uit Addis Ababa uitgegee. Toe die Suid-Afrikaanse magte na Egipte is, het die mobiele drukkerseenheid in Kenia agtergebly. Om hierdie nuusdiens nog steeds aan die Suid-Afrikaanse magte te kon voorsien, het die Buro 'n kontrak met drukkers in Kaïro aangegaan. Die Buro het drie personeellede na Kaïro gestuur en die koerant "Springbok" het so tot stand gekom. Die koerant het uit 70 persent nuus en 30 persent advertensies bestaan. Die advertensies is in Suid-Afrika en Egipte gewerf. Om die koerant aan die gang te hou, het die Buro weekliks 16 000 woorde nuus per radio na Kaïro gestuur.⁹¹⁾

Behalwe vir die inligtingsaspek was die vernaamste doel met hierdie diens om die moreel van die troepe hoog te hou. Die inhoud van Springbok moes dan ook in oorleg met die militêre owerheid saamgestel word. In 1940 het daar 'n heftige briewewisseling plaasgevind nadat kol. Newman die Buro gekritiseer het oor 'n nuusbrief wat die troepe se moreel kon skaad. Mnr. Wilson se verweer is dat dit 'n uitsondering was en op 'n Saterdag gebeur het met be-

91) Smutsversameling, Band 150, Omslag 69, p. 6.

sonder min nuus!⁹²⁾

Die Springbok is in die Volksraad gekritiseer omdat die nuus wat daarin verskyn het, na bewering politiek eensydig sou wees. Hier moet in gedagte gehou word dat daar in 1943 'n algemene verkiesing in die Unie gehou is. Die Minister van Binnelandse Sake, mnr. H.G. Lawrence, het soos volg op die kritiek geantwoord:

"Dit word gratis afgelewer aan die troepe en die doel daarvan is om ons troepe in Libië so gou as moontlik van die jongste nuus te voorsien. Dit is nie op 'n politieke grondslag nie, en laat my sê dat baie besliste instruksies gegee is deur die Direkteur van die Inligtingsburo dat daar geen kleur op 'n politieke grondslag aan die nuus moet gegee word nie, maar dat dit van 'n objektiewe aard moet wees in verband met verskillende sake wat nuus is uit ons land."⁹³⁾

Die Buro was ook verantwoordelik vir die uitsaai van gereelde Suid-Afrikaanse programme van Kaïro af na die Suid-Afrikaanse magte. Dit was moontlik nadat spesiale reëlins met die Egiptiese Staatsuitsaai diens getref is. Hierdie programme het 13½ minute vooraf opgeneemde groete van die troepe se

92) Vir die volledige briewewisseling sien die Smutsversameling, Band 136, Omslag 1c.

93) Hansard, Deel 44, 1942, kol. 5440.

familielede in die Unie ingesluit.⁹⁴⁾

Omdat spesifieke en unieke noodtoestande die meeste van hierdie funksies genoodsaak het, sou hierdie funksies tydelike oorlogsfunksies bly en nie as permanente inligtingsfunksies in latere tydvakke voortgesit word nie.

GEVOLGTREKKING.

Die algemene betekenis van hierdie tydvak lê daarin dat riglyne getrek is van hoe 'n staatsinligtingsdiens in 'n noodtoestand kan optree. Verskeie van hierdie uitgangspunte en metodes sal vandag nog in 'n noodtoestand van toepassing wees. Daar kan dus heelwat geleer word uit die ervaring van hierdie tydvak.

Die meer spesifieke betekenis van hierdie tydvak lê daarin dat die Suid-Afrikaanse staatsinligtingsdiens as gevolg van die oorlog uitgebrei en ontwikkel kon word tot 'n erkende diens wat spesifieke staatstake doeltreffend kon uitvoer.

Die beginsel van 'n staatsinligtingsdiens is reeds in 'n vorige tydvak erken. Dit sou in hierdie tydvak weer bevestig word. Die beginsel moes egter nog prakties toegepas en uitgebou word. Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog sou ironies genoeg die ideale omstandighede hiervoor bied. Met

94) Anon. The Nongai, 33(6), Junie 1942, p. 658.

die oorlog en die noodtoestand as regverdiging kon die Buro van Inligting vinniger uitbrei as wat ooit andersins moontlik sou wees. 'n Groot aantal funksies sou as gevolg van hierdie noodtoestand op die Buro afgedwing word. Met die oorlog as regverdiging kon daar ook met verskeie nuwe funksies geëksperimenteer word.

As gevolg van die buitengewone groei van die Buro in hierdie tydperk was daar aan die einde van die oorlog 'n stewige grondslag aan die hand waarvan die toekomstige posisie en funksies van die Buro ondersoek kon word. Verskeie kommissies sou dan ook ondersoek instel na die voortbestaan van 'n permanente staatsinligtingsdiens. Die kommissies moes probeer vasstel watter funksies as oorlogsfunksies moes verval en watter voortgesit kon word as staatsinligtingsfunksies in vrede tyd.

HOOFSTUK 4.

1944-1947. ONDERSOEKE EN ONSEKERHEID.

Hoewel die oorlog tot aan die einde van 1945 geduur het, was dit in 1943 reeds duidelik dat die Geallieerdes 'n oorwinning sou behaal.¹⁾ In die lig hiervan was dit vir die Buro belangrik om te weet wat sy toekomstige posisie sou wees. Die Buro van Inligting het in daardie stadium 'n personeel van 79 gehad.²⁾ Die Buro is steeds gesien as 'n tydelike oorlogstydse instelling. Die personeel was ook almal slegs tydelik aangestel. Vir hulle was dit belangrik om te weet of die Buro in sy oorlogstydse vorm en grootte ná die oorlog sou voortgaan. 'n Verkleining van die Buro sou die personeel regstreeks raak.³⁾

DIE DE WET EN DUNN-KOMITEE.

Behalwe die onsekerheid oor die toekoms van die Buro was daar ook baie kritiek op die Buro. Dié kritiek het veral van binne die Staatsdiens gekom.

"In the process civil servants didn't like a civilian from outside coming in and doing jobs without going through the long process of consultation with heads of departments for instance ... Inevitably

- 1) F.A. van Jaarsveld. Van Van Riebeeck tot Verwoerd 1652-1966, p. 252.
- 2) Binnelandse Sake, Band 1/5/2, leër 4/5, p. 5.
- 3) Onderhoud met mnr. A.N. Wilson.

they found that I was doing things, issuing statements made by the ministers without the heads of departments being aware of it and there was a row ... And then there was also people who felt that the Bureau of Information was getting too big for its boots. This happened in England, it happened in every single state during the war."⁴⁾

Aan die einde van 1943 word mnre. J.H. de Wet en J.B. Dunn aangestel "om ondersoek in te stel na die funksies van die Inligtingsburo en om uit te vind of verbeterings aangebring kon word wat sy werksaamhede betref."⁵⁾ Die komitee sou bekend staan as die komitee in sake Staatspublisiteit.⁶⁾ Behalwe dat die komitee ondersoek na die onmiddellike probleme rondom die Buro moes instel, sou dit ook aandag aan die toekomstige posisie van die Buro gee. Die volgende opskrifte dui aan watter sake onder andere ondersoek is:

"Present and future activities of the Bureau of Information"; "Probable publicity requirements in the postwar period"; "Desirability of centralizing Government publicity through a permanent Bureau of Information" en "The scope of Government propaganda in neighbouring African territories and in the

4) Onderhoud met mnre. A.N. Wilson.

5) Hansard, Deel 57, 1946, kol. 5749.

6) U.G. 23 - 1945, Verslag van die Interdepartementale Komitee, 19.12.1944, p. 1.

British Dominions and foreign territories."7)

Op 24 April 1944 is die komitee se verslag ingedien.⁸⁾ Ten opsigte van die kritiek wat die Buro moes verduur, bevind die komitee:

"Your committee has heard many criticisms and some denunciations of the Bureau, but seldom have these been wholly justified ... if there has been trouble, isn't it due perhaps to superb initiative and to a dynamic creative impulse."⁹⁾ Die komitee het ook besondere lof vir die werksaamhede van die Buro.

"When it comes to a record of achievement the criticisms are largely confounded. A vast extent of the work of the Bureau is not being appreciated ..."10)

Die verslag van hierdie komitee tesame met 'n verslag van prof. C.A. Celliers oor rolprente is vir verdere ondersoek na 'n interdepartementele kommissie verwys.¹¹⁾ Hierdie interdepartementele kommissie is in Julie 1944 aangestel met die spesifieke opdrag om: "Die verslae van die Komitee in sake Staatspublisiteit (De Wet-Dunn) en die Filmkomitee (Celliers) en enige departementele kommentaar wat daaroor gelewer is, in oorweging te neem, en om die

7) De Wet-Dunn-komiteeverslag soos aangehaal in onderhoud met A.N. Wilson.

8) Hansard, Deel 57, 1946, kol. 5749.

9) De Wet-Dunn-komiteeverslag soos aangehaal in onderhoud met mnr. A.N. Wilson.

10) Ibid.

11) Hansard, Deel 57, 1946, kol. 5749.

Regering te adviseer ten opsigte van Staatspublisiteit en die vervaardiging van films deur die Staat of met staatsbystand."¹²⁾ Die komitee het as voorsitter gehad mnr. E.P. Smith van die Departement van Binnelandse Sake met mnre. L.C. Bourke van die poskantoor en J.S. Hurter van die Departement van Handel en Nywerheid as ander lede.¹³⁾

KRITIEK.

Nieteenstaande die verskillende ondersoeke wat na die werksaamhede en toekoms van die Buro ingestel is, het die Buro steeds meer die skyf van heftige kritiek geword. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die Buro voortgegaan het met sy propagandawerksaamhede ter ondersteuning van die oorlogspoging terwyl die werklike noodtoestand en oorlogwoelinge in Suid-Afrika steeds verder op die agtergrond geskuif het.

Mnr. C.R. Swart, latere Staatspresident, stel sy kritiek so: "Wat is die noodsaaklikheid van die Inligtingsburo vandag? Daar is geen afdeling van die staatsdiens wat in 'n slegter reuk geval het as die Inligtingsburo nie. Jy kan nie na een enkele koerant van naam in die Unie gaan, of hy

12) U.G. 23 - 1945, Verslag van die Interdepartementele Komitee, 19.12.1944, par. 2.

13) U.G. 23 - 1945, Verslag van die Interdepartementele Komitee, par. 37 & Anon. Some notes on the Development of the Department of Information, p. 3.

nou die Regering ondersteun of die Opposisie, wat 'n goeie woord oor het vir die Inligtingsburo nie. Almal praat smalend daarvan. Toe ek onlangs die saak geopper het, het ek opgemerk dat die koerante in alle dele van die land gesê het dat die Regering moet ingaan op die saak en aan die buro 'n end maak. Wat is die noodsaaklikheid om nog die groot som vir die Inligtingsburo hier te stem? Dit is nie die moeite werd nie... Vir watter rede moet daar so 'n buro aangehou word wat net mense kwaad maak?"¹⁴⁾

Mnr. Paul Sauer, later Minister, sluit hierby aan: "Ek weet nie wat hulle maak nie, maar die helfte van hul plig is die verskaffing van inligting aan die pers. Hul kollegas, of liewers die lede van die pers, noem hulle nie 'The Bureau of Information' nie, maar 'The Bureau of Misinformation!'"¹⁵⁾

Veral die koerante het probleme met die Buro en spesifiek met die vrywillige perssensuurooreenkoms en die toepassing daarvan, ondervind.¹⁶⁾ Ná nog 'n botsing tussen dr. H.F. Verwoerd, redakteur van die Transvaler, en mnr. Wilson, Direkteur van Inligting, verduidelik mnr. Eric Louw die spesifieke geval soos volg in die Volksraad:

14) Hansard, Deel 53, 1945, kol. 6295.

15) Hansard, Deel 53, 1945, kol. 6236.

16) Vgl. die geval van genl. Evered Poole se besoek aan Kaapstad en die militêre trein met tenks op wat by Standerton ontspoor het. Hansard, Deel 53, 1945, kol. 6237 en 6268.

"I think, however, it is necessary briefly to mention the circumstances which gave rise to that action. The Editor of the 'Transvaler' had asked the Information Office of the Government to supply him with a certain radio transmission from Zeesen, which the paper wished to publish for certain reasons, and the Information Officer, in sending that despatch included in it comments of his own. The 'Transvaler' was only interested in the message, and did not publish the political comment of the information officer. That was what gave rise to the whole trouble."¹⁷⁾

Mnr. P.O. Sauer probeer die pers se kant van die saak stel: "Die pers sê dat hy totaal geen hulp van die buro kry nie, dat inderdaad net die teenoorgestelde plaasvind en dat dit moeiliker word vir hulle om nuus te kry, as wat dit was voordat die buro in die lewe geroep is. 'n Ander ding wat die pers nie van hou nie, is die sogenaamde 'rigtingwenke' wat koerantredakteurs van tyd tot tyd van die buro ontvang. Hierdie rigtingwenke is 'n aanduiding vir die redakteurs wat hulle behoort te publiseer en wat die standpunt is wat hulle in verband met sekere dinge moet inneem. Watter reg het hierdie buro om aan die koerante te sê watter standpunt hulle moet inneem en wat hulle moet publiseer? Dit is nie hul taak nie; dit is

17) Hansard, Vol. 50, 1944, col. 9460.

nie die doel waarvoor hulle daar is nie ..."¹⁸⁾

Uit die verskillende punte van kritiek kan afgelei word watter funksies van die Buro irriterend was en aanleiding tot sy ongewildheid gegee het. Die Minister van Binnelandse Sake, sen. C.F. Clarkson, antwoord op die kritiek en sê: "Die Inligtingsburo is nie 'n sensordepartement nie. Dit is 'n departement wat in die lewe geroep is om propaganda in oorlogstyd te bevorder. Slegs een-sesde van die werk is perswerk. Die res is propaganda in die buiteland, en hul werk is deur die pers waardeer."¹⁹⁾

BURO EN PARTYPOLITIEK.

Die Buro het in hierdie tydvak ook die fout begaan om in die partypolitiek in te meng. In enige demokratiese staat is die verhouding tussen die staatsinligtingsdiens en die partypolitiek baie sensitief.²⁰⁾ Mnr. C.R. Swart maak hierdie beskuldiging teen die Buro:

"Wat die doel van die Inligtingsburo is, weet niemand nie, maar dit is sekerlik nie sy doel om politieke propaganda te maak vir kandidate by 'n verkiesing nie. Ek dink dat ek die stelling kan neerlê - en die Minister kan aan my sê of ek verkeerd

18) Hansard, Deel 53, 1945, kol. 6237.

19) Ibid., kol. 6268.

20) Vgl. Hansard, Deel 2, 1962, kol. 2004; Deel 4, 1962, kol. 8296 en 8306; Deel 27, 1969, kol. 7666 en 7667.

is - dat die Inligtingsburo nie bedoel is om propaganda te maak vir 'n bepaalde kandidaat by 'n politieke verkiesing nie. Ek het hier voor my 'n amptelike uitgawe van die Inligtingsburo soos dit verskyn het in die 'Friend' van 17 Februarie. Dit verskyn as volg - Army's Young Politician to contest Seat in S.W.A. for U.P. Die berig gaan oor 'n sekere Pierre J. Niehaus, wat by ons beter bekend is as Percy Niehaus ... Word die Inligtingsburo nou stapelgek om soiets uit te stuur?"²¹⁾

Die Minister van Binnelandse Sake antwoord: "Ek hoef kwalik te sê dat ek persoonlik dit nie goedkeur dat die Inligtingsburo sulke informasie gee nie. Dit is nuus vir my. Die Buro voer nie sy pligte uit soos hy behoort wanneer hy sulke dinge doen nie ... Ek sal sekerlik ondersoek daarna instel en vasstel wat gebeur het en ons sal natuurlik stop daaraan sit."²²⁾ Die verhouding tussen die Inligtingsburo en die partypolitiek sou in toekomstige tydvakke steeds 'n skyf van kritiek deur die opposisie bly.

Die belangrikheid van die verskillende punte van kritiek teen die Buro lê daarin dat dit die agtergrond en klimaat waarteen die verskillende ondersoeke na die toekomstige funksies van die Buro ge-

21) Hansard, Deel 51, 1945, kol. 1999.

22) Ibid.

doen is, aandui. Ook help dit verklaar waarom die Buro in hierdie tydvak 'n laagtepunt in sy geskiedenis bereik en amper tot niet gegaan het.

SMITH-BOURKE-HURTER-KOMMISSIE.

Die Smith-Bourke-Hurter-kommissie, wat in Julie 1944 aangestel is, het hulle verslag op 19 Desember 1944 aan die Minister van Binnelandse Sake, sen. C.F. Clarkson, voorgelê.²³⁾ Die kommissie het verskeie ingrypende veranderings aanbeveel.

"U Komitee is daarvan oortuig dat, hoewel daar in normale tye 'n bepaalde behoefte aan 'n klein sentrale staatspublisiteitsorganisasie bestaan, staatsdepartemente sover moontlik self met die gespesialiseerde publisiteitswerk wat met hul werksaamhede in verband staan, moet handel. Onder hierdie omstandighede meen die Komitee dat die werksaamhede en personeel van die bestaande inligtingsburo aansienlik ingekort kan word."²⁴⁾ Die kommissie was daarteen gekant dat alle publisiteitsfunksies in een kantoor gesentraliseer word. As die aanbevelings van die kommissie aanvaar sou word, sou dit tot gevolg hê dat 'n groot aantal van die personeel ander betrekkings moes aanvaar. Die kommissie beveel ook aan dat die Inligtingsbu-

23) U.G. 23 - 1945, Verslag van die Interdepartementele Komitee, 19.12.1944.

24) U.G. 23 - 1945, par. 4.

ro se benaming verander word na "Staatspublisiteitskantoor." Die Direkteur van Inligting moes ook as "Staatspublisiteitsbeampte" bekend staan.²⁵⁾ Dat die kommissie 'n klemverskuiwing ten opsigte van die funksies van die Buro wou teweegbring, kan afgelei word uit hierdie aanbevelings ten opsigte van die benaming van die Buro. Die funksies moes verander van 'n inligtingsfunksie na 'n publisiteitsfunksie. In hierdie verband word onder 'n inligtingskantoor verstaan 'n kantoor wat ook op eie inisiatief veldtogte aanpak en inligting versprei waar hy dit nodig ag. 'n Publisiteitskantoor is 'n meer passiewe kanaal wat slegs opdragte uitvoer en op versoek publisiteit verskaf. Hierdie aanbeveling is nie aanvaar nie.

Die belangrikste bydrae van die kommissie was die omskrywing van die funksies van so 'n diens in vredestryd.

- "a) Om die publisiteitsbehoefte van die Staat te koördineer;
- b) om deur bemiddeling van bestaande organisasies reëlins vir die publikasie van verklarings in sake regeringsbeleid te tref;
- c) om te verseker dat die Unie se buitelandse verteenwoordigers van die jongste inligting (afgesien van 'nuus') in verband met die Unie voorsien word;

25) U.G. 23 - 1945, par. 6 en 9.

- d) om beamptes van sy personeel toe te wys aan ander Staatsdepartemente om met publisiteitskemas behulpsaam te wees op dieselfde grondslag as dié waarop die vertaalburo funksioneer; en
- e) in die algemeen, om die Regering aangaande publisiteitsvraagstukke te adviseer."²⁶⁾

Dié spesifieke omskrywing van die funksies deur die kommissie sou met enkele veranderinge die amptelike funksies van die Inligtingsdiens beskou word tot met die totstandkoming van 'n Departement van Inligting in 1961.²⁷⁾

Wat die buitelandse inligtingsfunksie van die staat betref, beveel die kommissie aan dat dit van die binnelandse funksies geskei word. "Die openbare relasiesbeamptes in Londen en Washington en publisiteitsverteenwoordigers in ander lande behoort, soos tans die geval is, onder die beheer van die Departement van Buitelandse Sake te bly."²⁸⁾

'n Aanbeveling wat hier van belang is, is dié in verband met rolprente. Waar die oorlogstydse Buro 'n rolprentafdeling gehad het, is aanbeveel dat hierdie funksie van die Buro weggeneem word.

"U Komitee beveel aan dat alle filmbedrywighede van die Staat in een sentrale eenheid gekonsentreer

26) U.G. - 23 - 1945, par. 5.

27) Vgl. Jaarverslag 1951, p. 4 en Jaarverslag 1958 - 1959, p. 8.

28) U.G. 23 - 1945, par. 16.

behoort te word wat onder die Departement van Onderwys moet ~~ressorteer~~. Dit sal beteken dat bestaande eenhede ... so spoedig moontlik na voornoemde Departement oorgeplaas sal moet word."²⁹⁾

VERSLAG VAN MNR. A.N. WILSON.

Ná die verskyning van die Smith-Bourke-Hurter-verslag, lê mnr. A.N. Wilson as uittredende Direkteur van Inligting in 1945 'n verdere verslag voor. Die opskrif van sy verslag lui: "Report on future organisation and functions of the Bureau of Information."³⁰⁾ Mnr. Wilson het 'n verpligting teenoor die personeel van die Buro wat hom so getrou bygestaan het gedurende die oorlog, gevoel. Met sy verslag wou hy probeer om hulle toekoms te beveilig asook voorkom dat die Buro, wat met soveel moeite opgebou is, tot niet gaan.³¹⁾ Die doel van die verslag sit hy soos volg uiteen: "The Government having decided to accept the report of the Smith Committee, it is my duty to submit a comprehensive report containing recommendations for the reconstitution of the Bureau of Information."³²⁾

29) U.G. 23 - 1945, par. 31.

30) Die verslag beslaan meer as 230 bladsye met nege bylaes.

31) Onderhoud met mnr. A.N. Wilson.

32) A.N. Wilson. Report on Future Organisation and Functions of the Bureau of Information, p. 1.

Mnr. Wilson stem nie saam met verskeie aanbevelings van die Smith-Bourke-Hurter-kommissie nie. "They were men of limited outlook. There was not a single man there who had a Public Relations background."³³⁾ Wat die benaming van die Buro betref, sê mnr. Wilson: "Its function will be to provide 'information', not 'publicity' (tourist organisations will handle 'publicity'). The word 'publicity' has a nasty tang of propaganda and commercialism. If any changes are made it would be better to designate the Bureau the 'South African Government Information Service', rather than 'State Publicity Office', but I recommend that no change should be made at all."³⁴⁾

Waar die Smith-Bourke-Hurter-kommissie aanbeveel het dat die Buro verklein moet word, beveel mnr. Wilson aan: "... that if it is laid down as a matter of policy that the peacetime Bureau must be a 'small' one, that must be taken as measuring 'small' as compared with similar State organisations in other countries and not - as has been wrongly assumed - small in comparison with the wartime Bureau."³⁵⁾ Hy lig dit toe deur aanbevelings oor die personeelgrootte van 'n toekomstige Buro te doen. "It will be seen that, whereas the

33) Onderhoud met mnr. A.N. Wilson.

34) Smutsversameling, Band 163, Omslag 1, p. 2.

35) Ibid., p. 1.

existing staff establishment of the Bureau provides for 77 posts, my recommendations involve an increase in that staff to 91 posts during the transitional period, and a subsequent establishment of 83 posts for normal peacetime working."³⁶⁾

Die Kommissie van Onderzoek na die Staatsdiens het ook as deel van sy verslag in hierdie tydvak aanbevelings oor die Inligtingsburo gedoen.³⁷⁾ Met die verskillende kommissies se aanbevelings aan die een kant en die Opposisie en koerante se kritiek aan die ander, moes die Regering nou oor die toekoms van die Buro 'n besluit neem.

AKTIWITEITE VAN DIE BURO IN HIERDIE TYDVAK.

Nadat hy 'n besondere bydrae gelewer en 'n stewige fondament vir die toekomstige Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens gelê het, bedank mnr. A.N. Wilson op 1 November as Direkteur van Inligting.³⁸⁾ Mnr. R.H. Baker het vir die res van hierdie tydperk as Direkteur waargeneem.

Nadat al die verslae oorweeg is, is die Staatsinligtingskantoor op 1 Januarie 1947 in die lewe geroep as opvolger van die Inligtingsburo.³⁹⁾ "Die Regering van veldm. J.C. Smuts het in 1946 op die spoor van die Interdepartementele Kommissie van

36) Smutsversameling, Band 163, Omslag 1, p. 9.

37) Hansard, Deel 68, 1949, kol. 5393.

38) Hansard, Deel 81, 1953, kol. 1413.

39) Jaarverslag 1957-58, p. 5.

1945 (Smith-Bourke-Hurter-kommissie) se verslag die Inligtingsburo met die Staatsinligtingskantoor vervang, maar sy aanbevelings het nooit in vervulling getree om aan die kantoor 'n omskrewe bestek te gee nie."⁴⁰⁾

Op 1 Januarie 1947 is die professionele personeel van die Buro, wat tydens die oorlog 39 getel het, tot 25 verminder.⁴¹⁾ Daar was nou ook net 27 administratiewe poste. In Maart 1947 was slegs 15 van die professionele poste gevul en 23 van die administratiewe poste.⁴²⁾ Ná mnr. Wilson se bedanking is daar nie 'n Direkteur aangestel nie omdat "... 'n persoon met al die nodige bevoegdhede nog nie gevind (kon) word nie."⁴³⁾ 'n Permanente Direkteur en opvolger vir mnr. Wilson sou eers in 1948 deur die Nasionale Regering aangestel word.⁴⁴⁾

Die verwarring en onsekerheid oor die toekoms van die Staatsinligtingskantoor het veroorsaak dat mnr. J.S. Marwick, Volksraadslid vir Pinetown, die saak in die Volksraad opper: "...ek wil graag aan die Minister 'n vraag stel oor die Inligtingsburo. Twee kommissies is benoem om die toekoms te oor-

40) Jaarverslag 1957-58, p. 5.

41) Binnelandse Sake, Band 1/5/2, lêer 4/5, p. 5.

42) Hansard, Deel 60, 1947, kol. 1054.

43) Hansard, Deel 59, 1947, kol. 12219 en Deel 60, 1947, kol. 1054.

44) Hansard, Deel 81, 1953, kol. 1409.

weeg van hierdie tak van die Minister se Departement. Ons is ten seerste in die duister aangaande die voorstelle vir die toekoms van daardie departement. Die feit is dat ek veronderstel dat dit twyfelagtig is of dit 'n toekoms het. Daar was onlangs kommentaar oor die departement, en ek veronderstel dat die pos van Direkteur vakant is. Daar is heelwat twyfel oor wat gaan gebeur, en oor wie sal benoem word. Ek dink dat dit tyd is dat die Minister 'n verklaring doen oor wat die toekoms van hierdie departement gaan wees en wat sy planne is."⁴⁵⁾

Die Minister antwoord soos volg op die vraag:
"... ek dink dat elkeen dit eens is dat 'n Informasieburo noodsaaklik is. Ons het geadverteer vir 'n direkteur teen £1 300 per jaar, en het baie aansoeke gekry in antwoord, maar nie een was geskik nie. Ons het nou geadverteer teen £1 400 per jaar met ander toelaes belopende £600 per jaar. Tensy 'n geskikte man gevind word, sal dit nie die moeite werd wees om die buro te hê nie."⁴⁶⁾

Die Staatsinligtingskantoor het in hierdie tyd 'n laagtepunt in sy geskiedenis bereik. Hoewel die Minister erken dat so 'n instelling noodsaaklik is, is hy bereid om die Staatsinligtingskantoor tot niet te maak as 'n geskikte persoon nie gevind kan word nie.

45) Hansard, Deel 57, 1946, kol. 7071.

46) Ibid., kol. 7073.

HERWAARDERING VAN DIE STAATSINLIGTINGSKANTOOR.

Aan die einde van hierdie tydvak begin stemme opgaan dat die Staatsinligtingskantoor wel 'n belangrike rol te speel het en nie so maklik op die agtergrond geskuif behoort te word nie.⁴⁷⁾ Die vernaamste rede wat aangevoer is waarom die plek en rol van die Staatsinligtingskantoor herwaardeer moes word, was die toenemende onkunde oor, en vyandigheid teen Suid-Afrika in die buiteland. Die Sunday Times stel dit op 1 Desember 1946 dat Suid-Afrika voor 'n "wêreldmuur van blinde onwetendheid" te staan gekom het.⁴⁸⁾ Die waarnemende Minister van Binnelandse Sake, mnr. H.G. Lawrence, is ook bewus van die groter wordende tendens teen Suid-Afrika in die wêreld. "Ek wil nie verder vanmiddag op die saak ingaan nie, maar die ondervinding het ongetwyfeld getoon dat daar 'n verbasingwekkende mate van onkunde oor Suid-Afrika oorsees bestaan."⁴⁹⁾

Kol. O.L. Shearer, Volksraadslid vir Pietermaritzburgstad, probeer die probleem oplos deur om 'n doeltreffende Staatsinligtingsdiens te pleit. "... it was the State's obligation to see that South Africa had an adequate information service. During the war a State Information Service was established but its efficiency had become impaired. The Government should build up an efficient information service.

47) Vgl. Hansard, Deel 59, 1947, kol. 12589-12593.

48) Aangehaal in Jaarverslag 1958-59, p. 4.

49) Hansard, Deel 61, 1947, kol. 3838.

Ignorance abroad of South Africa was appalling."⁵⁰⁾

Daar word ook versigtig gepleit dat die Inligtingsdiens spesifieke funksies binnenslands kan vervul. Veral ten opsigte van die pers is die gevoel dat "hierdie Staatsinligtingsburo gebruik behoort te word as 'n sentrale waar ons pers die nodige inligting kan bekom."⁵¹⁾

Kol. Shearer het so ernstig oor die saak gevoel dat hy voorgestel het dat die Staatsinligtingskantoor 'n onafhanklike departement moet vorm wat regstreeks aan die Eerste Minister verantwoordelik is.⁵²⁾ Die Inligtingsdiens sou egter eers in 1961 'n onafhanklike Departement met sy eie Minister word. Die erns waarin die saak gesien is, blyk uit die volgende waar die binnenslandse en buitenslandse funksies van so 'n diens beklemtoon word: "Maar laat ons as 'n Huis besef wat die belangrikheid is van 'n doelmatige Staatsinligtingsmasjien en daarop aandring totdat ons dit verkry. Dit is in belang van die publiek van ons land en dit is ewe belangrik in verband met ons goeie naam in die wêreld buite Suid-Afrika."⁵³⁾

50) Anon. Parliament Yesterday. The Star, p. 12, kol. 7, 8 Februarie 1947.

51) Mnr. Sarel Tighy, Hansard, Deel 61, 1947, kol. 3818; kyk ook Hansard Deel 59, 1947, kol. 12593.

52) Anon. Parliament Yesterday. The Star, p. 12, kol. 7, 8 Februarie 1947.

53) Kol. Shearer, Hansard, Deel 59, 1947, kol. 12593

Genl. Smuts, as Eerste Minister, het in 1948 op die verskillende versoeke gereageer toe hy op 'n vraag oor biblioteke by die verskillende konsulate antwoord: "Die kwessie van die uitbreiding van sodanige biblioteke word deur die Regering oorweeg tesame met die stigting van verdere publisiteitskantore in sekere sentrums in die buiteland, asook die herorganisasie van die Staatsinligtingskantoor."⁵⁴⁾ Met die oog op hierdie re-organisasie is mnr. H.M. Moolman spesiaal van New York gebring om 'n verslag met aanbevelings op te stel. Hierdie verslag het in Mei 1948 verskyn.⁵⁵⁾

Voordat aandag aan die aanbevelings van hierdie laaste verslag in hierdie tydvak gegee kon word, kom die Nasionale Party op 26 Mei 1948 aan bewind en sou 'n nuwe tydvak vir die Staatsinligtingskantoor aanbreek.

GEVOLGTREKKING.

Hierdie tydvak kan as die onsekerste in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse inligtingsdiens beskou word. Ná die uitgebreide aktiwiteite van die Buro in die binneland gedurende die oorlog was 'n teenreaksie ná die oorlog voorspelbaar. Die betekenis van hierdie tydvak lê dan juis daarin dat hierdie teenreaksie die Regering gedwing het om te omskryf

54) Hansard, Deel 63, 1948, kol. 2409.

55) Hansard, Deel 68, 1949, kol. 5393.

wat so 'n diens in vredestryd moet doen. Nadat die riglyne vir so 'n diens neergelê en die take van die diens omlin is, kon op hierdie fondament voortgebou word.

Die nadeel was wel dat die Buro as gevolg van die onsekerheid in hierdie tydperk nie veel gedoen het nie, hoewel baie oor die Buro gepraat is. Met 'n wêreld wat steeds meer negatief teenoor Suid-Afrika gestaan het aan die een kant en 'n nuwe Regering met 'n nuwe ideologie aan die ander, sou nuwe probleme en uitdagings op die Buro wag in die tydperk ná 1948.

HOOFSTUK 5

1948-1954. 'N NUWE BEDELING.

Op 26 Mei 1948 het die Nasionale Party aan bewind gekom. Hierdie datum sou 'n nuwe bedeling op verskillende terreine van die Suid-Afrikaanse samelewing aandui.¹⁾ Ook wat die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens betref, sou 'n nuwe tydvak betree word.

Reeds op 20 Augustus 1948 laat die nuwe Minister van Binnelandse Sake, dr. T.E. Dönges, hom uit oor die toekoms van die Staatsinligtingskantoor. Hy voorsien 'n reorganisasie van die diens "so gou as wat die pos-in-bevel gevul is."²⁾ Mnr. R.H. Baker was in hierdie stadium nog waarnemende hoof.³⁾

Op 3 November is dr. J.H.O. du Plessis as hoof van die Staatsinligtingskantoor aangestel. Hy was op daardie tydstip redakteur van die Volksblad.⁴⁾ Van 1949 af sou hy as die Direkteur van Inligting bekend staan. Die rede waarom die benaming verander is, was om by die benaming in ander lande aan te pas.⁵⁾

1) Vgl. F.A. van Jaarsveld. Van Van Riebeeck tot Verwoerd 1652-1966, p. 259.

2) Hansard, Deel 64, 1948, kol. 603.

3) Ibid.

4) Hansard, Deel 68, 1949, kol. 5393 en Hansard, Deel 81, 1953, kol. 1409.

5) Binnelandse Sake, Band 1/5/2, lêer 4/5, p. 4.

Na sy aanstelling kon voortgegaan word met die re-organisasie en uitbreiding van die Staatsinligtingskantoor.

VERANDERINGS TEN OPSIGTE VAN BUITELANDSE INLIGTING.

Op 2 Desember 1948 is samesprekings oor die toekoms van die Staatsinligtingskantoor gehou. Die samesprekings is tussen dr. T.E. Dönges, Minister van Binnelandse Sake, mnr. D.D. Forsyth, Sekretaris van Buitelandse Sake, mnr. J.S. Hurter, Sekretaris van Binnelandse Sake en dr. Otto du Plessis as Direkteur van die Staatsinligtingskantoor, gehou.⁶⁾

As uitgangspunt is besluit watter aspek van die Staatsinligtingskantoor se werksaamhede voortaan beklemtoon sou word. "Die werksaamhede van die Staatsinligtingskantoor sal in die toekoms groten-deels toegespits word op bestryding van die vyandige propaganda teen Suid-Afrika in die buiteland."⁷⁾ Op hierdie tydstip het die buitelandse inligtingsdiens onder die Departement van Buitelandse Sake geval as gevolg van vorige kommissies se aanbevelings. Hieroor is besluit "dat die Staatsinligtingskantoor, benewens sy binnelandse funksies, ook toe-vertrou moet word met die buitelandse inligtingsdiens wat tot dusver administratief deel uitgemaak

6) Binnelandse Sake, Band 1/5/2, lêer 4/5, p. 1.

7) Binnelandse Sake, Band 1/5/2, lêer 4/1, p. 1.

het van die Departement van Buitelandse Sake, en sy bedrywighede moet toespits op 'n uitgebreide buitelandse inligtingsdiens."8)

'n Volgende probleem was onder watter departement die Staatsinligtingskantoor moes val. "Daar die Staatsinligtingskantoor hom in die toekoms groten-deels sal toespits op die bestryding van die wan-voorstelling oor Suid-Afrika in die buiteland, word besef dat die aangewese departement waaronder die Staatsinligtingskantoor behoort te ressorteer, die Departement van Buitelandse Sake is. Aangesien die Eerste Minister twee departemente onder sy sorg het, te wete die Departement van die Eerste Minister en dié van Buitelandse Sake, wat albei oorlaai is met werk, is gevoel dat die Staatsinligtingskantoor onder beheer van die Departement van Binnelandse Sake moet bly."9) Die rede waarom die Staatsinligtingskantoor deel van die Departement van Binnelandse Sake gebly het, is nooit bekend gemaak nie.10)

Daar is ook besluit om die buitelandse verteenwoordiging van die Staatsinligtingskantoor aansienlik uit te brei. In 1948 was daar inligtingsbeamptes in Londen, New York en Nairobi. As gevolg van finansiële probleme sou hierdie uitbreiding geleidelik geskied.11)

8) Jaarverslag 1957-58, p. 6.

9) Binnelandse Sake, Band 1/5/2, lêer 4/5, p. 1 en 2.

10) Binnelandse Sake, Band 1/5/2, lêer 4/1, p. 1.

11) Ibid., p. 2.

In hierdie tydvak sou die verspreiding van inligting in die buiteland die eerste prioriteit van die Staatsinligtingskantoor wees.¹²⁾ Dit sou tot in 1961 met die totstandkoming van die Departement van Inligting so bly. Die waarskynlike redes hiervoor was die ontwikkelende koue oorlog en die verskerpte aanvalle teen Suid-Afrika in die buiteland. Waar die Staatsinligtingskantoor voor 1948 hoofsaaklik inligting in Suid-Afrika versprei het, kan die skielike klem op buitelandse inligting ook 'n teenreaksie van die nuwe Regering teen die beleid van die vorige Staatsinligtingskantoor wees. Die Nasionale Party het in die vorige tydvak die binnelandse inligtingsfunksies van die Staatsinligtingskantoor gekritiseer.

KRITIEK.

Omdat die redes waarom die Staatsinligtingskantoor deel van die Departement van Binnelandse Sake gebly het, nie bekend gemaak is nie, het daar spoedig kritiek teen hierdie reëling gekom. Mnr. R.B. Durrant stel dit so: "Voordat ek sekere aspekte van die verslag van die Staatsinligtingskantoor bespreek, wil ek die Eerste Minister graag verwys na die afwykende posisie waarin hierdie kantoor op die oomblik verkeer. Die hele verslag van die Staatsinligtings-

12) Vgl. Anon. Africa Report, 71(2); 43, Februarie 1966, p. 43; Jaarverslag 1950, p. 4; Jaarverslag 1951, p. 4; Annual Report 1952, p. 1.

kantoor handel oor die bedrywighede van die Staatsinligtingskantoor oorsee. Daar is nie 'n enkele afdeling van hierdie verslag wat oor die werk van die Staatsinligtingskantoor in hierdie land handel nie. Dit is 'n verslag wat geheel en al net oor die buitelandse rol van daardie kantoor en oor ons buitelandse betrekkings handel. Ek wil die Eerste Minister daarop wys as dit die geval is, die tyd tog seker aangebreek het dat die Staatsinligtingskantoor onder die regsgebied van die Departement van Buitelandse Sake en onder die Eerste Minister, en nie onder Binnelandse Sake nie, ingedeel word."¹³⁾

Mnr. W.C. du Plessis het op die kritiek van mnr. Durrant geantwoord. "My agbare vriend praat natuurlik uit onkunde en ek sal hom graag wil reghelp deur hom daarop te wys dat indien hy dit wil hê, wat wil hy dan doen met die militêre attachés? Moet hulle ook onder die Departement van Buitelandse Sake kom? Wat wil hy doen met die handelsattachés? Moet hulle dan ook onder die Departement van Buitelandse Sake kom?"¹⁴⁾

Die Minister van Binnelandse Sake, dr. T.E. Dönges, het soos volg op die kritiek geantwoord: "Die agbare lid vir Turffontein (mnr. Durrant) het hier ook 'n bydrae gemaak en as sy punt was dat die Staatsinligtingskantoor onder die Departement van

13) Hansard, Deel 75, 1951, kol. 7230.

14) Hansard, Deel 75, 1951, kol. 7251.

Buitelandse Sake moet sorteer, dan is daar baie te sê vir daardie standpunt. Maar dit is nie 'n rede waarom die Staatsinligtingskantoor nou as sulks moet aangeval word nie."¹⁵⁾ Hieruit kan afgelei word dat die Regering geensins negatief teenoor hierdie standpunt gestaan het nie en dat dit praktiese redes was wat so 'n verskuiwing van die Staatsinligtingskantoor verhinder het. In 1955, toe dit moontlik geword het, is die Staatsinligtingskantoor dan ook na die Departement van Buitelandse Sake verskuif.

REORGANISASIE.

Met die reorganisasie van die Staatsinligtingskantoor in 1949 was daar 'n herindeling van die verskillende afdelings van die kantoor. "Die professionele personeel is onderverdeel in die volgende afdelings: (a) Buitelandse, insluitende die Direkteure van Inligting in Londen en New York, en die Inligtingsattachés, (b) Pers, (c) Aanskoulike Reklame, (d) Publikasies, (e) Rolprente en (f) Navorsing en Radio."¹⁶⁾ Hierdie indeling gee 'n aanduiding van die Staatsinligtingskantoor se werksaamhede in hierdie tydvak.

Waar die professionele personeel gedurende die oorlog 39 getel het en in 1947 tot 25 verminder is,

15) Hansard, Deel 76, 1951, kol. 9702.

16) Jaarverslag 1950, p. 5.

is dit met die reorganisasie verder tot 20 vermindert. Dit sluit die personeel in die buiteland wat sou bykom, asook die nuwe aanstellings in die buiteland uit. Dit het die totaal vir die professionele en administratiewe personeel op 42 te staan gebring.¹⁷⁾

Met die reorganisering is ook besluit dat die stelsel waarvolgens die professionele lede van die Staatsinligtingskantoor bloot tydelike amptenare was, onbevredigend is. Aan die einde van 1948 is besluit: "dat 'n kontrakstelsel, soos dié in die geval van die hoof van die Staatsinligtingskantoor toegepas, in die lewe geroep sal word, maar dat met die grootste omsigtigheid te werk gegaan sal word en slegs dié amptenare wie se werk dit regverdig, 'n kontrak aangebied sal word."¹⁸⁾ Dr. Otto du Plessis het verduidelik waarom die personeel op kontrak en nie permanent nie aangestel is: "Toe die kantoor gereorganiseer is in 1948, is die personeel op 'n kontrakbasis aangestel. Die bedoeling was dat ná 'n periode van vyf jaar, as die proefneming dan geslaag het, en dit sou blyk dat daardie diens 'n permanente deel van ons buitelandse diens sou wees, daardie amptenare veiligheid sou kry in daardie diens en as vaste staats-

17) Binnelandse Sake, Band 1/5/2, lêer 4/5, p. 5 en 6.

18) Ibid., p. 4 en 5.

amptenare oorgeplaas sal word op die vaste diens-
staat van die staatsdiens."¹⁹⁾

Dit blyk hieruit dat hoewel die Nasionale Regering die reorganisasie van die Staatsinligtingskantoor aangepak het daar selfs op hierdie stadium nog oor die permanentheid van die diens twyfel was.

ALGEMENE BELEID TEN OPSIGTE VAN BINNELANDSE WERKSAAMHEDE.

As gevolg van die klem wat op buitelandse werksaamhede geval het, het die binnelandse werksaamhede van die Staatsinligtingskantoor merkbaar afgeneem. Die binnelandse funksies van die Staatsinligtingskantoor is in hierdie tydvak soos volg omskryf - dit was 'n verkorte vorm van die oorspronklike funksies soos bepaal deur die Smith-Bourke-Hurter-kommissie van 1945:

- "a) Om die publisiteitsdienste van die Staat te koördineer;
- "b) Om die publikasie van amptelike verklarings te reël;
- "c) Om die Unie se buitelandse verteenwoordigers van inligting te voorsien;
- "d) Om staatsdepartemente met hul voorligtingswerk behulpzaam te wees; en
- "e) Om die Regering van advies te bedien ten opsigte van inligtings- en publisiteitsaangeleent-

19) Hansard, Deel 88, kol. 5426.

hede."20)

In ooreenstemming met die Smith-Bourke-Hurter-kommissie se aanbevelings kan die Staatsinligtingskantoor in hierdie tydvak as 'n publisiteitskantoor van die staat beskryf word.²¹⁾ Die Staatsinligtingskantoor se uitgangspunt ten opsigte van sy binnelandse werksaamhede was dat die kantoor hoofsaaklik 'n hulpfunksie het.²²⁾ Die kantoor het in samewerking met ander staatsdepartemente as 'n kanaal vir die verspreiding van inligting oor Suid-Afrikaanse vraagstukke opgetree.²³⁾ "Tussen die Staatsinligtingskantoor en staatsdepartemente bestaan daar hartlike samewerking. Elke departement besluit self in watter mate hy van die masjinerie van die Staatsinligtingskantoor gebruik wil maak, en die meeste departemente verkies dan ook om al hul verklarings en ander inligting deur middel van die Staatsinligtingskantoor vry te stel."²⁴⁾

"Wat betref die algemene werksaamhede, egter, is die Staatsinligtingskantoor vrygestel van die gebruikelike staatsdiensroetine en het die Direkteur en sy personeel, kragtens 'n omsendbrief namens

20) Jaarverslag 1950, p. 4.

21) Binnelandse Sake, Band 1/5/2, lêer 4/1, p. 2.

22) Jaarverslag 1951, p. 6.

23) Jaarverslag 1950, p. 6.

24) Ibid.

die Eerste Minister aan alle departemente, vrye toegang tot alle Ministers en departementshoofde. Dit is 'n gesonde beleid aangesien dit noodsaaklik is dat alle vertragende faktore uitgeskakel word by die inwin en verspreiding van inligting."²⁵⁾ Dieselfde reëling het in die oorlog gegeld. Aan die einde van die oorlog het dit egter tot heelwat probleme en wrywing tussen die oorlogstydse Buro van Inligting en die verskillende departemente gelei.

PUBLIKASIES.

In ooreenstemming met die algemene binnelandse beleid van die Staatsinligtingskantoor het die kantoor in hierdie tydvak verskeie publikasies vir ander departemente uitgegee. So is die tydskrif Kommando maandeliks vir die Departement van Verdediging en Verbetering vir die Bantoe vir die Departement van Naturellesake uitgereik. Verskeie brosjures en biljette is vir die Departement van Gesondheid gedruk.²⁶⁾ Op dieselfde wyse is publikasies vir die Suid-Afrikaanse Spoorweë, die Suid-Afrikaanse Toeristekorporasie, die Suid-Afrikaanse Reserwebank en verskeie ander instellings gepubliseer.²⁷⁾

25) Jaarverslag 1950, p. 5.

26) Jaarverslag 1951, p. 14 en Hansard, Deel 72, 1950, kol. 5474.

27) Annual Report 1952, p. 14.

In hierdie tydvak het die Staatsinligtingskantoor ook verskeie eie publikasies die lig laat sien. Hoewel die publikasies hoofsaaklik vir die buiteland bedoel was, is verskeie ook in die binneland versprei.²⁸⁾ Die meeste van hierdie publikasies het behalwe vir 'n Engelse uitgawe ook 'n Afrikaanse uitgawe gehad wat net in Suid-Afrika versprei kon word.²⁹⁾ Selfs in die verspreiding van die Staatsinligtingskantoor se eie publikasies in die binneland sou die klem wat op die buiteland val, duidelik wees. Verskeie van hierdie publikasies se vernaamste oogmerke was om Suid-Afrikaners oor Suid-Afrika in te lig sodat hulle Suid-Afrika in die buiteland kon verdedig.³⁰⁾

Die meeste van hierdie aanvanklike publikasies was geleentheidspublikasies. Aan die einde van hierdie tydvak het die eerste gereelde publikasies van die Staatsinligtingskantoor verskyn. Dit is publikasies soos S.A. Quiz en Digest of South African Affairs, wat vandag nog van die Departement van Inligting se gereelde publikasies is.³¹⁾ Hoewel hierdie publikasies vir oorsese lesers bedoel was, is verskeie in Suid-Afrika versprei. Die pu-

28) Annual Report 1952, p. 13.

29) Jaarverslag 1950, p. 18 en 19.

30) Annual Report 1954-55, p. 12.

31) Ibid., p. 14 en 15.

blikasie-afdeling van die Staatsinligtingskantoor sou ontwikkel en groei tot een van die belangrikste aktiwiteite van die huidige Departement van Inligting. In 1974 is 24 gereelde publikasies met 'n totale sirkulasie van 1 016 989 in die binne-land gepubliseer. Dit sluit die 28 publikasies uit wat in die buiteland gepubliseer word.³²⁾

BELEID TEN OPSIGTE VAN DIE PERS.

In 'n persverklaring wat op 9 Desember 1948 uitgereik is, is die algemene beleid van die Staatsinligtingskantoor ten opsigte van die pers gestel. "Die Staatsinligtingskantoor sal hom nie inmeng met die werksaamhede van die binnelandse pers nie."³³⁾ Die nuwe Regering het dit nodig geag om hierdie uitgangspunt te stel, waarskynlik as reaksie op sekere funksies wat voor 1948 deur die Staatsinligtingskantoor verrig is.

Nieteenstaande die algemene uitgangspunt wat ten opsigte van die pers gestel is, verskyn daar in die begin van 1950 persberigte waarin beweer word dat die Regering 'n ystergordyn ingestel het. Hiervolgens sou die pers voortaan geen inligting van departemente kry nie.³⁴⁾

32) Jaarverslag 1974, p. 62.

33) Binnelandse Sake, Band 1/5/2, lêer 4/1, p. 1.

34) Jaarverslag 1950, p. 8.

Op 18 Januarie 1950 doen die Minister van Binnelandse Sake, dr. T.E. Dönges, in antwoord hierop 'n verklaring aan die pers. Hierin sê hy onder andere: "Die insinuasie skyn te wees dat die Regering afgewyk het van die erkende gebruik van die verlede waarvolgens persverteenvoordigers inligting by departemente kan inwin en 'n totale verbod op die verstrekking van inligting geplaas het. Geen sodanige verbod is ingestel nie."³⁵⁾

"Die beleid is presies dieselfde as wat dit altyd was. Dit berus by individuele Ministers en departementshoofde om te besluit watter inligting oor sake van staatsbeleid of departementele roetine vir publikasie vrygestel moet word. Ministers en departementshoofde besluit ook self of die inligting regstreeks aan die nuusblaaie gegee moet word dan wel deur die Suid-Afrikaanse Persvereniging of deur die Staatsinligtingskantoor."³⁶⁾

Daar is volgens dié verklaring geen sprake van perssensuur deur die Staatsinligtingskantoor nie. Die Staatsinligtingskantoor het wel in hierdie tydvak 'n tipe van sensuur toegepas deurdat die kantoor met die Rand Daily Mail "betrekkings verbreek het omdat die betrokke nuusblad, volgens die Staatsinligtingskantoor nie voldoende samewerking

35) Jaarverslag 1950, p. 8.

36) Jaarverslag 1950, p. 8 en 9.

van sy kant verleen (het) nie."³⁷⁾

FUNKSIES TEN OPSIGTE VAN DIE PERS.

Die meeste amptelike verklarings van die onderskeie departemente is deur die Staatsinligtingskantoor namens die departemente uitgereik as deel van die kantoor se binnelandse funksies. Hierdie verklarings is regstreeks aan die Suid-Afrikaanse Persvereniging en die S.A.U.K. voorsien. Aan die Afrikaanse dagblaas is 'n Afrikaanse weergawe van die verklarings voorsien, terwyl verklarings van internasionale belang aan die geakkrediteerde verteenwoordigers van die buitelandse pers verstrekkend is.³⁸⁾

Hierdie diens sou uitgebrei word en deurloop tot in 1975 as 'n funksie van die staatsinligtingsdiens.

Die Staatsinligtingskantoor het ook publisiteitsfunksies namens ander Departemente verrig. So is publisiteitsveldtogte gereël vir die Departement van Voeding in verband met brood asook vir die Departement van Mynwese in verband met die opening van Suid-Afrika se eerste uraaninstallasie.³⁹⁾

37) Jaarverslag 1950, p. 8. Dit het gegaan oor inligting wat die koerant gepubliseer het van 'n operasie wat dr. D.F. Malan ondergaan het. Vgl. Hansard, Deel 75, 1951, kol. 7236-7239 en Deel 76, 1951, kol. 9684.

38) Jaarverslag 1950, p. 16.

39) Annual Report 1952, p. 10.

Die Staatsinligtingskantoor was in hierdie tydvak ook verantwoordelik vir die publisiteitsreëlings tydens die Van Riebeeck-fees.⁴⁰⁾ In latere tydvakke sou die Inligtingsdiens steeds behulpsaam wees met die publisiteitsreëlings van byvoorbeeld Republiekfees en ander soortgelyke geleenthede. Die Staatsinligtingskantoor het in hierdie tydvak perskonferensies gereël waar dit as nodig beskou is. So is 'n perskonferensie vir die tesourie in 1953⁴¹⁾ asook 'n perskonferensie vir 'n voormalige Britse Minister gereël.⁴²⁾

'n Verdere funksie van die Staatsinligtingskantoor was 'n plattelandse nuusdiens. Dit was die voortsetting van 'n oorlogstydse funksie van die Inligtingsdiens. Meer as 120 plattelandse koerante is met 'n weeklikse nuusbrief bereik. Dié nuusbrief het alle persverklarings asook amptelike nuusitems van die verskillende departemente ingesluit.⁴³⁾

Die Staatsinligtingskantoor het in hierdie tydvak ook 'n tweerigtingsfunksie vervul deur inligting van die koerante na die Regering oor te dra. Redaksionele kommentaar van die vernaamste koerante is in die taal waarin dit geskryf is, uitgereik. Die kantoor het ook die "Donderdag-samevatting" ingestel. Dit was 'n beknopte oorsig in Engels

40) Jaarverslag 1951, p. 7.

41) Jaarverslag 1953, p. 10.

42) Jaarverslag 1951, p. 13.

43) Jaarverslag 1950, p. 17.

elke Donderdag van die vernaamste redaksionele kommentaar in die Afrikaanse koerante. Albei hierdie dienste is gratis aan Kabinetslede, alle lede van die Parlement, die Unie se diplomatieke en inligtingsattachés in die buiteland, buitelandse diplomatieke sendings in die Unie, Suid-Afrikaanse koerante en private persone verskaf.⁴⁴⁾ Dit sou 'n voorloper van die later Comment and Opinion wees wat in 1974 van stapel gestuur is.⁴⁵⁾

DEPARTEMENTELE SKAKELBEAMPTES.

Aan die einde van hierdie tydvak is 'n nuwe stelsel van skakeling met die pers ingestel. Hiervolgens is poste op die diensstaat van die Staatsinligtingskantoor geskep vir beamptes wat dan na die onderskeie departemente as persskakelbeamptes geselekteer is. Hierdie beamptes het namens die betrokke staatsdepartemente regstreeks met die pers geskakel.⁴⁶⁾ Dié stelsel is die teenoorgestelde van die stelsel wat in die oorlog gebruik is. In die oorlog is alle departementele skakelbeamptes na die Buro van Inligting oorgeplaas en het inligting van staatsdepartemente die pers slegs deur die Buro bereik.⁴⁷⁾

44) Jaarverslag 1950, p. 16.

45) Jaarverslag 1974, p. 60.

46) Binnelandse Sake, Band 1/5/2, lêer 4/8, p. 1.

47) Kyk Hoofstuk 3, p. 35 hierbo.

In die Jaarverslag van 1954-55 is soos volg oor hierdie stelsel verslag gedoen: "Several departments of State have established their own news and liason services with the object of making available for public information as speedily as possible and in an easily digestible form, news of their current activities. Here South African departments of State have adopted the well-tried system in vogue abroad, which has demonstrated the desirability and wisdom of keeping public opinion fully informed of the projects and activities of the State."⁴⁸⁾

Die nadeel van hierdie stelsel wat deur verskeie Europese lande gebruik word, is dat dit 'n Regering se pogings om 'n eenvormige staatsbeleid uit te dra, bemoeilik. In 1954 het die Minister van Binnelandse Sake in Suid-Afrika dan ook 'n beroep op die onderskeie departemente in hierdie verband gedoen. "Die bestaande publisiteitsafdelings van ander Departemente moet nouer by die Staatsinligtingskantoor ingeskakel word en daar moet groter koördinasie wees, byvoorbeeld met die Inligtingsdiens van Naturellesake, die publisiteitsafdelings van die Departement van Landbou, Vervoer, ens."⁴⁹⁾

In die sestigerjare is 'n stelsel waar die Inligtingsdiens weer die middelpunt vir alle inligting

48) Annual Report 1954-55, p. 5.

49) Binnelandse Sake, Band 1/5/2, lêer 4/8, p. 1.

gevorm het, gevolg. In die sewentigerjare sou daar teruggekeer word na 'n stelsel soos hierbo waar elke Staatsdepartement sy eie skakelafdeling het.⁵⁰⁾

ROLPRENTE.

Dr. John Grierson, Kontroleur van Rolprente van die Britse Central Office of Information, het in 1950 'n verslag oor die koördinerings van alle rolprentbedrywighede van die staat ingedien. Hy is deur die Staatsinligtingskantoor genooi om die Unie te besoek met die doel om so 'n verslag op te stel.⁵¹⁾ In hierdie tyd is ook 'n verslag van die staatsdiensinspekteur ingedien wat oor dieselfde probleem gehandel het.⁵²⁾

Met behulp van hierdie verslae is in hierdie tydvak 'n besluit geneem oor die staat se rolprentbedrywighede. "Op aanbeveling van die Staatsdienskommissie is die afdeling Inligtingsfilms van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap op 1 Julie 1951 na die Staatsinligtingskantoor oorgeplaas en met laasgenoemde se Rolprentafdeling verenig. Die gevolg is dat 'n aansienlike toename verwag kan word in die aantal inligtingsrolprente wat jaarliks vir gebruik in die buiteland vervaardig word."⁵³⁾

50) Onderhoud met mnr. M.U. Zimmermann.

51) Jaarverslag 1950, p. 25.

52) Ibid., p. 7.

53) Jaarverslag 1951, p. 6.

Die begroting van die Staatsinligtingskantoor is met £30 000 vermeerder as gevolg van hierdie uitbreiding.⁵⁴⁾

Die rolprente wat deur hierdie nuwe afdeling vervaardig is, was hoofsaaklik vir die buiteland bedoel. Tog is hulle ook in Suid-Afrika versprei en is verskeie van 'n Afrikaanse klankbaan voorsien.⁵⁵⁾ Die reëling was dat die Staatsinligtingskantoor se rolprentafdeling beskikbaar was vir enige departemente wat 'n rolprent deel van sy voorligting wou maak.⁵⁶⁾ Die rolprentafdeling wat in hierdie tydvak sy beslag gekry het, sou ontwikkel tot 'n uitgebreide afdeling van die huidige Departement van Inligting.⁵⁷⁾

ANDER FUNKSIES VAN DIE STAATSINLIGTINGSKANTOOR.

'n Belangrike funksie van die Staatsinligtingskantoor in hierdie tydvak was die verspreiding van inligting aan Suid-Afrikaanse toeriste wat meer oor hulle land wou weet met die oog op die verspreiding van die inligting oorsee. Hoewel dit as 'n binnelandse inligtingsfunksie beskou word omdat die inligting aan Suid-Afrikaners versprei is, was die

54) Hansard, Deel 80, 1952, kol. 8358.

55) Vergelyk die titels in Jaarverslag 1950, p. 22-24; Jaarverslag 1951, p. 19-23; Annual Report 1952, p. 16-21.

56) Binnelandse Sake, Band 1/5/2, lêer 4/8, p. 2.

57) Vgl. Jaarverslag 1974, p. 76.

hoofdoogmerke buitelandse gerig.⁵⁸⁾ In hierdie tyd-
vak is die eerste binnelandse takkantore in Johan-
nesburg en Kaapstad geopen. Hoewel die takkantore
inligting in die binneland versprei het, was die
vernaamste doel: "...to meet the South African
public's growing demand to take a hand in com-
bating the campaign against their country. The
primary functions of the officers in these centres
is to make direct contact with South Africans who
have personal connections abroad in order to pro-
vide them with official information with which to
counter attacks on South Africa's traditional
policy."⁵⁹⁾ Die klem het ook hier op die buiteland
geval. Later sou hierdie takkantore uitgebrei word
en hulle funksies meer binnenslands gerig word.

Soos die Staatsinligtingskantoor meer gevestig ge-
raak het, sou hy steeds meer funksies bykry. "Dan
is daar nog 'n ekstra £2 000 ten opsigte van 'n af-
deling wat ons van 'n ander departement oorgeneem
het, naamlik die Departement van Handel en Nywer-
heid. Dit is die uitstallings by die Imperial In-
stitute in Londen. Hulle is nou oorgeneem deur die
Staatsinligtingskantoor."⁶⁰⁾ Ook binnenslands het
die Staatsinligtingskantoor die verantwoordelikheid

58) Jaarverslag 1953, p. 5 en Annual Report
1954-55, p. 4.

59) Annual Report 1954-55, p. 6.

60) Die Minister van Binnelandse Sake, Hansard,
Deel 80, 1952, kol. 8358.

vir die Regering se uitstalling oorgeneem. In hierdie tydvak was die Staatsinligtingskantoor verantwoordelik vir die Regeringsuitstallings by die Randse Paasskou, die Kaapse skou en die Pretoriase skou.⁶¹⁾ Dit sou 'n jaarlikse instelling word en 'n belangrike metode waarmee die Regering sekere inligting aan sy burgers kon oordra.

VERDERE REORGANISASIE.

Aan die einde van 1952 is mnr. Piet Meiring aangestel as Direkteur van Inligting.⁶²⁾ Dr. Otto du Plessis is as Volksraadslid verkies. Die Staatsinligtingskantoor is weer gereorganiseer. Op 4 November 1954 het die Minister van Binnelandse Sake, dr. T.E. Dönges, hierdie reorganisasie goedgekeur.⁶³⁾ Die verskillende afdelings is heringedeel, terwyl 'n groot verskuiwing van personeel ook plaasgevind het. "The considerable reshuffle of staff which resulted proceeded from the accepted principle that foreign-based and local personnel should be regularly rotated in order to provide the stimulus of refreshment in an organisation where preoccupation with routine must inevitably stifle initiative and enterprise."⁶⁴⁾

61) Annual Report 1954-55, p. 12.

62) Anon. Some notes on the development of the Department of Information, p. 5.

63) Binnelandse Sake, Band 1/5/2, lêer 4/8, p. 11.

64) Annual Report 1954-55, p. 5.

Die vernaamste oogmerk met die reorganisasie was om die Staatsinligtingskantoor meer vaartbelyn en doeltreffend te maak vir sy buitelandse funksies.⁶⁵⁾ Die reorganisasie sou ook ander voordele inhou. "As a result of the new internal structure of the office, executive authority will in future be delegated to a wider circle and thus create opportunities for all members of the staff to exercise personal initiative and enterprise to the full."⁶⁶⁾

Die belang van hierdie reorganisasie lê daarin dat dit as vernaamste oogmerk die verbetering van die Staatsinligtingskantoor se buitelandse dienste gehad het. Die verspreiding van inligting in die binneland sou eers ná 1961 vir die Staatsinligtingsdiens van belang word.

Die Staatsinligtingsdiens het in hierdie tydvak ook aanmerklik uitgebrei. In Maart 1955 het die personeel van die Staatsinligtingskantoor 75 getel.⁶⁷⁾

"Die uitgawe verbonde aan Suid-Afrika se buitelandse inligtingsdiens het gedurende die afgelope ses jaar soos volg gestyg. In 1948-49 was dit £48 000 plus £5 000 vir die Staatsdrukker; daar was dus 'n klein vermindering omdat sekere dinge afgeskaf is. In 1950-51 het dit gestyg tot £79 000 plus

65) Annual Report 1954-55, p. 5.

66) Ibid.

67) Ibid., p. 46.

£11 600 vir die Staatsdrukker, plus £14 000 vir rolprente - altesaam dus £93 000 ... In 1951-52 het dit gestyg tot £137 000; die volgende jaar tot £149 000, en verlede jaar was dit £155 000 plus sekere fondse by die Staatsdrukker."⁶⁸⁾

NATUURELLE-INLIGTINGSDIENS.

'n Belangrike ontwikkeling in hierdie tydvak, wat niks met die Staatsinligtingskantoor te doen gehad het nie, was die instelling van 'n natuurle-inligtingsdiens. Hierdie inligtingsdiens is van belang omdat dit in 1961 met die Staatsinligtingsdiens sou saamsmelt om die Departement van Inligting te vorm. Dr. H.F. Verwoerd, destydse Minister van Naturelle-sake en latere Eerste Minister, sit die doel en noodsaaklikheid van hierdie nuwe inligtingsdiens op 28 Mei soos volg in die Volksraad uiteen:

"As daar één terrein is waarop 'n departement geregtig is op uitbreiding, dan is hierdie departement geregtig op 'n eie inligtingsmasjinerie. Hierdie inligtingsmasjinerie moet na verskillende rigtings toe werk. Aan die eenkant is dit nodig vanweë die verregaande propaganda teen die beleid van hierdie Regering, die agterdog wat gesaai word en die onwelwillendheid wat gekweek word by die nie-blanke bevolking. Daarom is dit nodig dat daar inligting

68) Dr. J.H.O. du Plessis, Hansard, Deel 84, 1954, kol. 584.

sal gaan oor wat blank Suid-Afrika werklik wil, na die naturel self. Maar omgekeerd ook. Dit is nodig dat inligting verkry word van die naturel se opvatting wat moet kom na die departement toe. Dus, die inligtingsmasjien moet ten opsigte van die naturel tweeledig werk; eerstens in die rigting van die naturel en tweedens terug na die departement. Maar verder, dit is nodig dat blank Suid-Afrika die aard en die omvang van sy probleem goed sal begryp. Daar word opsetlik baie misverstand veroorsaak. Dit is reg dat 'n departement van hierdie soort die kans sal hê om aan die publiek van Suid-Afrika al die feite te verstrek in verband met wat gedoen word. Meer nog as dit: dit is nodig teenoor die buitewêreld - die buitewêreld waarin Suid-Afrika deur die modder gesleep word - dat daar inligtingsmasjinerie sal wees wat al die ware gegewens beskikbaar sal hê en dit bekend sal stel. Ek maak dan geen verskoning daarvoor nie dat ek glo dat 'n inligtingsafdeling binne die Departement van Naturellesake nodig is wat sterk sal wees, wat omvattend sal wees en wat in hierdie verskillende rigtings werkzaam sal wees."⁶⁹⁾

Dit is opmerklik dat die instelling van die Naturelle-inligtingsdiens in dieselfde debat as dié oor die Wet op Bantoe-owerhede (Wet 68 van 1951) gedoen is. Hierdie wet word as die eerste stap in die rigting van die latere tuislandbeleid gesien

69) Hansard, Deel 76, 1951, kol. 7955.

en die Naturelle-inligtingsdiens sou nou hiermee saamhang." 70)

Uit die aanhaling is dit duidelik dat die diens 'n tweerigtingfunksie sou hê. Dit moes inligting na die natuurel deurgee en ook inligting terug aan die Regering verskaf. Dr. Verwoerd het ook voorsien dat die Diens inligting aan blank Suid-Afrika moes verstrek. Waar die Staatsinligtingskantoor hoofsaaklik inligting in die buiteland versprei het, sou hierdie diens inligting in die binneland versprei.

Die eerste inligtingsbeampies van die Naturelle-inligtingsdiens is aan die einde van 1952 en die begin van 1953 aangestel.⁷¹⁾ Kantore is by die hoofbantoekommissaris se kantore geopen. Die eerste taak van hierdie inligtingsbeampies was om met die verskillende hoofmanne en kapteins te skakel en sover moontlik die Regering se oogmerke aan hulle te verduidelik. Dr. Verwoerd, as die verantwoordelike Minister, het die belangrikheid van hierdie skakeling beklemtoon deur daarop aan te dring om self met die Bantoe te skakel en die welwillendheid van Blank Suid-Afrika aan hulle oor te dra. Vir hierdie doel is op 17 November 1954 'n groot saamtrek in Sekhukhuniland by die Olifantsrivier gereël. Hierdeur is 'n patroon vir binne-

70) Onderhoud met mnr. M.U. Zimmermann.

71) Ibid.

landse inligtingsverspreiding aan die nie-blankes daargestel wat in die tyd hierna steeds as 'n riglyn sou dien.⁷²⁾

In 1954 is gevoel dat nie net die hoofmanne nie maar ook die geletterde Bantoe, die onderwyser en die predikant, bereik moet word. Volgens die opdrag van dr. Verwoerd moes die blanke ook oor die ontwikkelinge ingelig word. In die lig hiervan verskyn die tydskrif Bantu in April 1954. Bantu het die interne nuusbrief van die Departement van Naturellesake vervang. Waar aanvanklik net Departementele nuus en bevorderings in die nuusbrief verskyn het, is artikels oor die natuurlebeleid en die spesifieke oogmerke daarmee, nou bygevoeg. Dit was veral gerig op amptenare van die Departement wat onkundig teenoor die beleid gestaan het of selfs vyandiggesind daarteen was.⁷³⁾ Bantu het met die oog hierop in Afrikaans en Engels, aangevul met artikels en briewe in die verskillende Bantoe-tale, verskyn.⁷⁴⁾ Met die artikels en briewe in verskillende Bantoe-tale is geprobeer om die geletterde Bantoe te bereik. Hierdie Naturelle-inligtingsdiens

72) M.U. Zimmermann. Die Binnelandse Inligtings- en Skakelafdeling van die Departement van Inligting, p. 3.

73) Onderhoud met mnr. M.U. Zimmermann en Hansard, Deel 3, 1962, kol. 4257.

74) Hansard, Deel 3, 1962, kol. 4257.

sou tot die omvattendste aktiwiteit van die latere Departement van Inligting in die binneland ontwikkel.⁷⁵⁾

GEVOLGTREKKING.

In hierdie tydvak was die vernaamste doelstelling van die Staatsinligtingskantoor die verspreiding van inligting in die buiteland. Die rolprente, die publikasies en selfs die streekkantore was hoofsaaklik op die buiteland ingestel.

Ten opsigte van die verspreiding van inligting in die binneland kan ons in hierdie tydvak duidelik twee benaderings onderskei. Die Staatsinligtingskantoor was 'n passiewe publiseiteitskantoor in die sin dat dit slegs inligting op versoek van staatsdepartemente in die binneland versprei het. Die inligting is ook sover moontlik nie regstreeks aan die publiek oorgedra nie, maar eerder aan die koe-rante verskaf om dit onregstreeks en na willekeur oor te dra. Hierteenoor het die Naturelle-inligtingsdiens hulle inligting in die binneland baie meer regstreeks, aktief en selfs aggressief volgens dr. Verwoerd se omlýning van die diens se funksies versprei.

Met die samesmelting van hierdie twee inligtingsdienste in 1961 om die Departement van Inligting

75) Vgl. Jaarverslag 1974, p. 50 en 51.

te vorm, sou die benadering van die Staatsinligtings-
kantoor ten opsigte van die binneland op die agter-
grond geskuif word ten gunste van die Naturelle-in-
ligtingsdiens se meer aggressiewe benadering.

HOOFSTUK 6.

1955-1960. 'N PERMANENTE STAATSINLIGTINGSDIENS.

In November 1954 het adv. J.G. Strijdom Eerste Minister van Suid-Afrika geword.¹⁾ Hy het terselfdertyd die nuwe Minister van Buitelandse Sake geword. In die begin van 1955 het adv. Strijdom die Departement van Buitelandse Sake aan min. E.H. Louw oorgedra. Vir die eerste keer was hierdie Departement nou losgemaak van die premierskap.²⁾ Dit was nou ook moontlik om die Staatsinligtingskantoor na die Departement van Buitelandse Sake te verskuif soos in 1948 beoog is.

VERSKUIWING VAN DIE STAATSINLIGTINGSKANTOOR.

Op 24 Februarie 1955 het die Minister van Buitelandse Sake, mnr. Eric Louw 'n vraag oor die moontlike verskuiwing van die Staatsinligtingskantoor soos volg beantwoord: "Dit is wel besluit dat daardie afdeling in die toekoms onder die Departement van Buitelandse Sake sal ressorteer, en die oorskakeling sal waarskynlik gereël word in die volgende Begroting van Uitgawes. Ek dink dit is 'n goeie reëling omdat ongeveer 85 persent van die werk wat

- 1) Vir die omstandighede in daardie tyd vgl. F.A. Van Jaarsveld. Van Van Riebeeck tot Verwoerd 1652-1966, p. 266.
- 2) M.J. Bekker. Histories-Empiriese studie van die Suid-Afrikaanse Diplomatieke en Konsulêre diens as Staatskakelorganisasie, p. 48.

gedoen is deur Staatsinligting, te doen het met buitelandse inligting. Pers-attachés van die afdeling Staatsinligting dien op die staf van al die Unie se gesante en ambassades oorsee. Dit is dus nodig, veral vir doeleindes van koördinasie en met die oog op die feit dat die Departement van Buitelandse Sake meer bekend is met toestande oorsee, ten einde 'n beter stelsel van koördinasie te verkry dat hulle onder die Departement van Buitelandse Sake moet ressorteer."³⁾

Op 1 April 1955 is die Staatsinligtingskantoor van die Departement van Binnelandse Sake na die Departement van Buitelandse Sake oorgeskuif.⁴⁾ Die Staatsinligtingskantoor het op 1 April 1956 'n "...subdepartement met rekenpligtige verantwoordelikheid van die Ministerie van Buitelandse Sake geword. Hierdie languitgestelde maar logiese ontwikkeling sal lei tot versterking van die aanvullende verwantskap tussen die werk van die Unie se diplomatieke en inligtingskantore in die buiteland. Waar eersgenoemde vriendskaplike en voordelige betrekkinge tussen regerings wil bevorder, probeer laasgenoemde om soortgelyke harmonieuse openbare betrekkinge te skep."⁵⁾ Omdat die Staatsinlig-

3) Hansard, Deel 87, 1955, kol. 1801.

4) Annual Report 1954-55, p. 5.

5) Jaarverslag 1955-56, p. 17; vgl. ook Jaarverslag 1956-57, p. 7.

tingskantoor sedert 1948 die verspreiding van inligting in die buiteland beklemtoon het, het hierdie oorplasing nie 'n groot verandering in benadering of funksies veroorsaak nie.

NAAMSVERANDERING.

In Junie 1957 het dr. Otto du Plessis, as Volksraadslid vir Stellenbosch en vorige Direkteur van Inligting, 'n versoek rakende die naam van die Staatsinligtingskantoor aan die Minister van Buitelandse Sake gerig. "Uit my eie ervaring, en ek dink ook dit is die ondervinding van die Staatsinligtingskantoor vandag, en hoofsaaklik as gevolg van die baie propaganda wat hiervandaan gedoen word, wil ek vra dat die amptelike benaming van die Staatsinligtingskantoor verander word na 'Suid-Afrikaanse Inligtingskantoor'. Ek vra dit omdat ek uit ervaring geleer het dat wanneer daar net staan 'Staatsinligtingskantoor' of 'State Information Office', word dit juis dikwels aangegryp deur vyande van Suid-Afrika om te sê, soos agbare lede aan die ander kant ook vandag gedoen het, dat daardie stukke nou feitlik net stukke is wat propaganda maak vir die Regering."⁶⁾

Aan die einde van 1957 is die naam van die Staatsinligtingskantoor na 'Suid-Afrikaanse Inligtings-

6) Hansard, Deel 95, 1957, kol. 7962.

diens' verander.⁷⁾ In Augustus 1958, 'n jaar na dr. Otto du Plessis se versoek, het min. Eric Louw die rede vir die naamsverandering soos volg gegee: "Die naam van die diens is verander omdat die naam 'Staatsinligtingskantoor' agterdog verwek het in sekere lande as sou dit suiwer 'n propaganda-organisasie van die Regering wees."⁸⁾

PERSONEEL.

Die personeel van die oorlogstydse Buro van Inligting was tydelik aangestel; so ook die na-oorlogse personeel van die Staatsinligtingskantoor. In die vorige tydvak is die personeel op kontrak aangestel. Dit het egter nie as 'n permanente oplossing bevredig nie. "Dit ly geen twyfel nie dat baie van daardie amptenare wat aangestel is in die inligtingskantoor, is hier uit belangrike poste geneem. Hulle is na die buiteland gestuur op 'n tydelike grondslag by wyse van kontrak. Wanneer die kontrak verstryk, kan dit beëindig word of deur hulle of deur die Regering. Daar was nie die veiligheid wat daar is vir die gewone staatsamptenaar nie. Daarom is dit so nodig dat hulle daardie veiligheid moet kry, en nou met die oorplasing van die kantoor na die Departement van Buitelandse Sake is dit waarskynlik die aangewese tydstip om so 'n vaste grond-

7) Jaarverslag 1957-58, p. 6.

8) Hansard, Deel 98, 1958, kol. 2679.

slag te skep vir die lede van daardie kantoor."⁹⁾

Die Minister van Buitelandse Sake, mnr. Eric Louw, het geantwoord: "Die agbare lid vir Stellenbosch (dr. J.H.O. du Plessis) wou weet of die persone wat tydelik aangestel is op die staf van die Staatsinligtingskantoor nou op die vaste staf is. Ja, hulle is nou op die vaste staf, met volle pensioenregte."¹⁰⁾ Die twyfel wat daar nog was oor die noodsaaklikheid van 'n permanente staatsinligtingsdiens in vredestryd, is deur hierdie besluit uit die weg geruim. Aan die einde van hierdie tydperk het die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens 128 poste op sy diensstaat gehad. Hiervan was 93 binne die Unie en 35 daar buite werksaam.¹¹⁾

FINANSIES.

Die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens het in hierdie tydperk vir die eerste keer 'n afsonderlike begroting gehad. Dr. Otto du Plessis het hom soos volg daaroor uitgespreek: "Ek wil my vreugde daaroor uitspreek dat nou vir die eerste maal die Staatsinligtingskantoor 'n afsonderlike pos op die begroting geword het, en ek wil die agbare Minister en die Direkteur van Staatsinligting daarmee gelukwens,

9) Dr. Otto du Plessis, Hansard, Deel 88, 1955, kol. 5427.

10) Hansard, Deel 88, kol. 5434.

11) Hansard, Deel 106, 1961, kol. 229; vgl. ook Hansard, Deel 17, 1966, kol. 229¹

want na die uitbreiding wat ons in die laaste jare in daardie kantoor gehad het, strook hierdie nuwe reëling volkome met die status wat die Inligtingskantoor in die jongste tye verwerf het."¹²⁾

Deur die onderskeie begrotings van die Inligtingsdiens in hierdie tydvak met mekaar te vergelyk, kan afgelei word hoe die werksaamhede van die inligtingsdiens uitgebrei het. In 1956 is 'n begroting van £279 000 in die Volksraad vir die Inligtingsdiens goedgekeur.¹³⁾ In 1957 was dit £330 000;¹⁴⁾ in 1958 - £381 000;¹⁵⁾ in 1959 - £516 000;¹⁶⁾ in 1960 - £475 000¹⁷⁾ en in 1961 - R1 242 000.¹⁸⁾

DIE SUID-AFRIKAANSE INLIGTINGSDIENS EN DIE PARTYPOLITIEK.

In dié tydvak sou die argument dat die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens partypropaganda versprei, weer geopper word. Die argument sou veral ná 1961 die opposisie se belangrikste kritiekpunt word. Mnr. H.G. Lawrence, 'n vorige minister van Binne-

12) Hansard, Deel 91, 1956, kol. 4753.

13) Ibid.

14) Hansard, Deel 95, 1957, kol. 7957.

15) Hansard, Deel 98, 1958, kol. 2657.

16) Hansard, Deel 101, 1959, kol. 5843.

17) Hansard, Deel 105, 1960, kol. 5885.

18) Hansard, Deel 107, 1961, kol. 4937.

landse Sake in genl. Smuts se kabinet, stel dit so:

"In 'n georganiseerde moderne samelewing vorm dit deel van die tegniek van regering. In ons moderne wêreld is dit nodig, of jy nou 'n besigheid bestuur of die Regering vorm, om jou beleid aan die volk te verduidelik, of aan jou aandeelhouers. Maar die gevaar is natuurlik groot dat ... die normale proses van voorligting misbruik en gebruik kan word vir 'n proses van breinwassing, die soort ding wat agter die ystergordyn plaasvind ... Maar ons loop gevaar in ons land dat lede van die Nasionale Party propaganda maak vir hul party met die geld wat van die belastingbetalers as geheel kom, van mense wat miskien niks wil weet van die beginsels en idees van die Nasionale Party nie."¹⁹⁾

Mnr. W.C. du Plessis se standpunt oor hierdie saak was dat: "as hy bedoel of hierdie Regering openbare fondse mag gebruik om sy eie partypolitieke doelstellings te bevorder, dan sê ek 'nee' maar as hierdie Regering openbare fondse gebruik om die Regering se doelstellings as Regering te bevorder, wat is verkeerd daarmee?"²⁰⁾

Dr. P.J. van Nierop het dit so gestel: "Dit spreek vanself dat die Regering se beleid die beleid van Suid-Afrika moet wees, want die mense van Suid-Afrika het hulle aan bewind gestel. Jy kan nie sê dat

19) Hansard, Deel 98, 1958, kol. 2672.

20) Hansard, Deel 80, 1952, kol. 8261.

wat die Opposisie voorstaan, is die beleid van Suid-Afrika nie. Daarom hoop ek dat hierdie praatjies asof dit Nasionale Party-propaganda is, sal op-hou."²¹⁾

Uit die verskillende standpunte kan afgelei word dat die Opposisie nie die beginsel van 'n staatsinligtingsdiens aanval nie. Die kritiek is meer op die doelstellings en metodes van so 'n diens gerig. Die Opposisie kon nie die beginsel van so 'n diens aanval nie omdat die Suid-Afrikaanse staatsinligtingsdiens gedurende sy bewindstyd sy beslag gekry het.²²⁾

KOÖRDINERING VAN DEPARTEMENTELE SKAKELAFDELINGS.

Die stelsel wat in die vorige tydvak ingestel is waardeur elke departement sy eie skakelafdeling ontwikkel het, het in hierdie tydvak verdere probleme opgelewer. "As ons 'n Inligtingsdiens moet hê, dan meen ek moet dit 'n gekoördineerde diens wees onder beheer en toesig van één Minister, nl. die Minister van Buitelandse Sake. Maar as ek op bladsy 98 van die Begroting kyk na die Pos 'Verdediging', dan vind ek dat daar voorsiening gemaak word vir 'n eerste inligtingsbeampste ... Maar dan kom ek by die Departement van Naturellesake en ek vind op bladsy

21) Hansard, Deel 95, 1957, kol. 7967.

22) Vgl. die toespraak van mnr. E.G. Malan, Hansard, Deel 101, 1959, kol. 5844.

144 'n Ministerie van Inligting binne die Departement van Naturellesake."²³⁾

Mnr. P.A. Moore het dieselfde standpunt in 1959 gestel. "Ek meen dit is baie noodsaaklik dat die werk van verspreiding van inligting gekoördineer word deur die verskillende Staatsdepartemente en ek dink dat dit onder die agbare Minister se beheer behoort gekoördineer te word."²⁴⁾

Die Minister van Buitelandse Sake, mnr. Eric Louw, het soos volg op die kritiek geantwoord: "Wat betref die vraagstuk van inligting wat versprei word deur verskillende departemente, is dit 'n saak wat my aandag geniet het toe ek Minister van Finansies was. Sover ek my herinner, is dit na die Staatsdienskommissie verwys, en ek dink dat 'n sekere verslag opgestel is. Maar ek stem saam met die agbare lid dat daar 'n sekere mate van oorvleueling plaasgevind het en dat 'n groter mate van koördinering geverg word. Dit is 'n saak wat nog onlangs voor my was, en ek kan die agbare lid verseker dat ek ten volle met hom saamstem."²⁵⁾

Die koördinasie tussen die onderskeie Staatsdepartemente sover dit die verspreiding van inligting betref, sou in latere tydvakke steeds problematies wees. Te min koördinasie sou lei tot 'n gebrek aan

23) Mnr. H.G. Lawrence, Hansard, Deel 98, 1958, kol. 2673.

24) Hansard, Deel 101, 1959, kol. 5872.

25) Ibid., kol. 5873.

beleidseenvormigheid. 'n Te strenge koördinasie waardeur die Inligtingskantoor die enigste kanaal van inligting geword het, sou as perssensorkap gekritiseer word.

ALGEMENE BELEID VAN DIE INLIGTINGSDIENS.

In die tydvak 1948-1954 is die breë doelstelling van die Staatsinligtingskantoor as die bestryding van die propagandaveldtog teen Suid-Afrika gestel.²⁶⁾ In hierdie tydvak vind 'n klemverskuiwing plaas en word die doelstellings meer positief omskryf. Min. Eric Louw stel dit so: "... die doel van die Unie se inligtingsdiens is, en was nog altyd, in die eerste plek om inligting te verskaf, en in die tweede plek om anti-Suid-Afrikaanse propaganda teen te werk."²⁷⁾ In die eerste jaarverslag na die oorpasing van die Inligtingsdiens is hierdie klemverskuiwing duidelik. "Die hele organisasie is gerig op 'n positiewe mikpunt, naamlik om Suid-Afrika meer bekend te stel en die buiteland 'n beter begrip van sy mense en probleme te gee. Dit is iets heel anders as die wanopvatting dat die Staatsinligtingskantoor se taak hoofsaaklik geleë is in die weerlegging van ongunstige kritiek uit die buiteland."²⁸⁾

26) Vgl. Hansard, Deel 76, 1951, kol. 9701.

27) Hansard, Deel 101, 1959, kol. 5873.

28) Jaarverslag 1955-56, p. 4.

In die eerste debat nadat die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens na die Departement van Buitelandse Sake oorgeplaas is, het min. Eric Louw, die nuwe verantwoordelike Minister, die aspekte wat in hierdie tydvak beklemtoon moes word, aangedui:

"Daar is ook sekere gedagtes wat ek het in verband met die werk. Ek glo meer in portrette en prente as propagandamiddel dan as in die geskrewe woord. Pamflette is propaganda, en dit word opsy gegooi.

'n Volwassene is maar baie soos 'n kind, in die sin dat hy graag na prentjies kyk en ek dink dat ons miskien in daardie rigting veel kan doen. 'n Ander metode wat ingevoer word, is om meer gebruik te maak van Suid-Afrikaanse besoekers en toeriste wat na die buiteland gaan, as verspreiders van informasie omtrent Suid-Afrika."²⁹⁾

Die ontwikkeling van die glanstydskrif Panorama³⁰⁾ en die totstandkoming van 'n nuwe afdeling "Openbare Betrekkinge en Pers" sou praktiese uitvoering aan die Minister se gedagtes gee.

SUID-AFRIKAANSE PANORAMA.

Die tydskrif Suid-Afrikaanse Panorama is in hierdie tydvak van belang omdat dit aanvanklik hoofsaaklik binnenslands versprei is. Hierdeur is inligting

29) Hansard, Deel 88, 1955, kol. 5434.

30) Vgl. Hansard, Deel 91, 1956, kol. 4788.

regstreeks van die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens aan die Suid-Afrikaanse publiek verskaf - 'n benadering wat in die vorige tydvak vermy is.

"Dit blyk dat Panorama 'n diens sal verrig en 'n veld sal dek wat nie deur bestaande publikasies, amptelik of nie-amptelik, behartig word nie. Met goedkeuring van die Tesourie is dus besluit om hierdie tydskrif in die Unie en die Federasie van Rhodesië en Niassaland deur bemiddeling van 'n handels-distribusiefirma te verkoop."³¹⁾

Aan die einde van die eerste bestaansjaar van die tydskrif is soos volg verslag gedoen: "'n Nuwe projek om uitvoering te gee aan die beleid om in 'n groter mate van die beeld gebruik te maak, is in die afgelope jaar deur die Staatsinligtingskantoor geloods. Ná deeglike ondersoek en met die volmondige steun van die Suid-Afrikaanse pers het die eerste uitgawe van die nuwe ge-illustreerde tydskrif, Suid-Afrikaanse Panorama, op 26 April verskyn.

"Die tydskrif, wat die Suid-Afrikaanse toneel op aanskoulike, dog sobere wyse weergee en die klem op die beeld laat val, het uit die staanspoor in 'n groot behoefte voorsien en allerweë byval gevind, in so 'n mate dat besluit is om vanaf die volgende boekjaar na 'n gereelde maandelikse basis oor te skakel. Daarby sal die tydskrif, wat in Afrikaanse so-

31) Jaarverslag 1955-56, p. 24.

wel as Engelse uitgawes verskyn, vergroot word."³²⁾

Aanvanklik is 30 000 eksemplare van Panorama gedruk waarvan 18 000 in die Unie en die Federasie versprei is. Die 12 000 onverkoopte eksemplare is aan die buitelandse kantore vir gratis verspreiding versend.³³⁾

Die groot binnelandse oplaag het spoedig kritiek van die Opposisie ontlok. "Waarom is in eerste instansie die Staatsinligtingskantoor onder die Minister van Buitelandse Sake geplaas? Omdat erken is dat die Staatsinligtingskantoor se bedrywighede ten doel gehad het om die buiteland 'n juiste beeld te gee van toestande in Suid-Afrika. Daar was geen plan om die Staatsinligtingskantoor te gebruik as 'n inligtingsdiens om plaaslike burgers van Suid-Afrika te oortuig van die goeie hoedanighede van hul land nie. Nou trek ek baie sterk die bewering in twyfel dat hierdie publikasie inligting verskaf, wat normaalweg nie verkrygbaar is deur amptelike kanale nie."³⁴⁾

Die Minister van Buitelandse Sake, mnr. Eric Louw, het die kritiek beantwoord deur die buitelandse funksie van Panorama te beklemtoon. "Die doel is om ook aan ons eie mense die verskillende aspekte van die Suid-Afrikaanse leefwyse te toon. Ek meen

32) Jaarverslag 1956-57, p. 11.

33) Ibid.

34) Mnr. R.B. Durrant, Hansard, Deel 91, 1956, kol. 4774.

dat algemeen erken word dat mense in ons land nie Suid-Afrika en al die verskillende fasette van die lewe in Suid-Afrika ken nie. In die eerste plek sal Panorama daardie doel vervul. Die hoofdoel egter is om dit oorsee te versprei."³⁵⁾

Die belang van Panorama lê daarin dat dit nie 'n nuusverspreidingsfunksie gehad het nie. Die doel was eerder om mense en groepe binne Suid-Afrika meer van mekaar te laat weet. Dit het 'n nuwe benadering in die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens verteenwoordig. Panorama sou ontwikkel tot een van die bes geslaagde tydskrifte van die Departement van Inligting. In 1974 het Panorama in agt tale met 'n totale sirkulasie van 360 000 verskyn.³⁶⁾

AFDELING OPENBARE BETREKKINGE EN PERS.

Die tweede aspek wat min. Eric Louw in sy beleids-toespraak beklemtoon het, was om "... meer gebruik te maak van Suid-Afrikaanse besoekers en toeriste wat na die buiteland gaan, as verspreiders van informasie omtrent Suid-Afrika."³⁷⁾

"Die Staatsinligtingskantoor is deur die ondervinding geleer dat Suid-Afrikaners in die meeste ge-

35) Hansard, Deel 91, 1956, kol. 4787.

36) Jaarverslag 1974, p. 57.

37) Hansard, Deel 88, 1955, kol. 5434.

valle net so oningelig as vreemdelinge omtrent Suid-Afrikaanse toestande is. Daarom beskou hierdie kantoor dit as sy vernaamste taak om eers Suid-Afrikaners oor toestande in hul eie land in te lig. Daarom word daar ook voortdurend pogings aangewend om deur middel van samewerking met die pers, radio en filmwese Suid-Afrikaners te voorsien van feite oor hul eie land en om die wyere publiek bekend te stel met die dienste wat hierdie kantoor aanbied." ³⁸⁾

Om hierdie funksie doeltreffend te kon uitvoer, is die Afdeling Openbare Betrekkinge en Pers in 1956 ingestel. "Jaarliks besoek nagenoeg 130 000 buitelanders Suid-Afrika en reis sowat 140 000 Suid-Afrikaners oorsee. Een van die take van die nuwe Afdeling Openbare Betrekkinge en Pers is om hierdie 270 000 potensiële draers van inligting oor Suid-Afrika tot daadwerklike aksie in die guns van ons land aan te spoor." ³⁹⁾

Hierdie funksie saam met die Persafdeling het hierna 'n nuwe afdeling gevorm. Behalwe die skakeling met die pers wat voortgesit is, het hierdie afdeling ook die skakeling met die streekkantore behartig. Die verspreiding van inligting in die binne-land aan Suid-Afrikaners was so geslaag dat die jaarverslag van die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens

38) Jaarverslag 1955-56, p. 5.

39) Jaarverslag 1956-57, p. 17.

in 1958-59 opmerk: "Min Suid-Afrikaners wat deesdae op 'n uitgebreide rondreis gaan, verlaat die land sonder 'n versameling publikasies, insluitende brosjures wat oor verskillende aspekte van die Suid-Afrikaanse lewe handel."⁴⁰⁾

Hoewel hierdie werksaamhede van die Inligtingsdiens as binnenslandse funksies behandel word omdat dit die verspreiding van inligting aan Suid-Afrikaners behels, was die vernaamste oogmerk hiermee steeds om Suid-Afrika se beeld in die buiteland te verbeter.

ANDER FUNKSIES IN HIERDIE TYDVAK.

Soos reeds aangedui, het die oorplasing van die Staatsinligtingskantoor na die Departement van Buitelandse Sake nie veel veranderings in die funksies van die kantoor tot gevolg gehad nie. Die meeste funksies wat in die vorige tydvak deur die Staatsinligtingskantoor gedoen is, is in hierdie tydvak voortgesit. Verskeie publikasies is nog vir ander departemente gepubliseer⁴¹⁾ en daar is voortgegaan om namens die Regering met die pers te skakel.⁴²⁾

Nā 'n reorganisasie van die Afdeling Publikasies was dit moontlik om Digest of South African Affairs

40) Jaarverslag 1958-59, p. 9 en 10.

41) Hansard, Deel 96, 1958, kol. 349.

42) Hansard, Deel 91, 1956, kol. 4786.

elke veertien dae uit te gee. Voorheen is dit maandeliks uitgegee.⁴³⁾ In 1958 was die sirkulasie van die Digest reeds 17 000 waarvan 11 127 eksemplare in Suid-Afrika versprei is.⁴⁴⁾ "Baie eksemplare word in Suid-Afrika versprei hoewel die Digest basies ontwerp en bedoel is vir lesers in die buiteland. Nogtans het duisende Suid-Afrikanners gevra om op die poslys geplaas te word en gesê dat die Digest se beknopte maar tewens breë dekking van harde nuusagtergrond baie waardevol vir hulle is."⁴⁵⁾

Die Digest het 'n tweeledige doel gedien. Dit het inligting van die Regering aan belangstellendes in die buiteland versprei en terselfdertyd ook as 'n regstreekse kanaal tussen die Regering en sy eie burgers gedien.

Met die drie vernaamste publikasies van die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens is in hierdie tydvak gepoog om 'n drieledige doel te bereik. "Elkeen dek 'n afsonderlike sektor op die gebied van openbare aangeleenthede: die 'Digest' spits hom toe op regering, openbare administrasie en maatskaplike en ekonomiese sake; 'Panorama' stel, in populêre beeldvorm, die algemene omvang van nasionale prestasie en ontwikkeling voor; 'Lantern' bedien 'n

43) Jaarverslag 1955-56, p. 24.

44) Hansard, Deel 98, 1958, kol. 4556.

45) Jaarverslag 1956-57, p. 20.

selektiewe intellektuele leserskring en gee 'n voorstelling van ontwikkeling op die algemene kulturele en wetenskaplike terreine."⁴⁶⁾

Wat rolprente betref, was die posisie dieselfde as in die vorige tydvak. Die rolprente is vir buitelandse verspreiding vervaardig, maar dan ook in Suid-Afrika vertoon.⁴⁷⁾ In hierdie tydvak is daar wel versoek dat die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens meer aandag aan die vertoning van rolprente in die binneland moet gee. "... die Staatsinligtingskantoor wat in die eerste instansie die rolprente moet gebruik vir buitelandse voorligting, dink ek, sal hom in die toekoms meer en meer daarop moet toespits, met die hulp van ander Staatsdepartemente, om, waar films oor Suid-Afrika vervaardig word, daardie rolprente in die buiteland, maar ook meer en meer in die binneland te laat vertoon."⁴⁸⁾

In hierdie tydvak is die Regeringspawiljoen op Milnerpark herbou. Die pawiljoen op Milnerpark "... sal 'n permanente vertoonplek wees wat veral deur die jeug ten beste gebruik kan word ten einde hulle 'n heldere beeld van die betekenis en waarde van ons volksverlede te gee, en die rigting aan te dui waarna ons in die toekoms streef."⁴⁹⁾ Hieruit kan afge-

46) Jaarverslag 1955-56, p. 25.

47) Jaarverslag 1958-59, p. 19.

48) Dr. Otto du Plessis, Hansard, Deel 91, 1956, kol. 4755.

49) Jaarverslag 1959-60, p. 6.

lei word dat die Regering besondere waarde aan die jaarlikse uitstallings as 'n metode van kommunikasie met sy burgers geheg het.

DIE NATURELLE-INLIGTINGSDIENS.

Die Naturelle-inligtingsdiens met sy opdrag om inligting aan die Bantoe, die blankes, buitelandse gaste en die Regering te verskaf,⁵⁰⁾ was in hierdie tydvak binnenslands baie aktief. In 1958 het die Naturelle-inligtingsdiens reeds 'n personeel van 12 gehad. Die personeel het bestaan uit 'n hoofinligtingsbeampte, twee assistent-hoofinligtingsbeamptes, een eerste inligtingsbeampte en agt senior inligtingsbeamptes.⁵¹⁾ Mnr. C.W. Prinsloo was die hoofinligtingsbeampte.⁵²⁾ Die meerderheid van die personeel was 'n Bantoetaal magtig. Daar is ook nie-blanke inligtingsbeamptes aangestel om die inligtingsbeamptes by die streekkantore behulpzaam te wees.⁵³⁾ In die sewentigerjare met die beplande onafhanklikwording van die tuislande sou die posisie van hierdie nie-blanke inligtingsbeamptes in die Departement van Inligting problematies word. Omdat die Naturelle-inligtingsdiens so aktief was, het dit kritiek in die Volksraad uitgelok. "Vorm

50) Dr. H.F. Verwoerd, Hansard, Deel 76, 1951, kol. 7955.

51) Hansard, Deel 98, 1958, kol. 2673.

52) Jaarverslag 1957-58, p. 9.

53) Hansard, Deel 93, 1957, kol. 428 en 430.

die Minister van Naturellesake 'n aparte staatsinligtingsdepartement, want hier het ons 12 inligtingsbeamptes in die ryk van die Minister van Naturellesake. Verskaf hulle die feite-pamflette van die Staatsinligtingskantoor? Watter beheer het die Direkteur van Inligting oor hierdie geweldige massa materiaal wat kom van die Departement van Naturellesake?"⁵⁴⁾

Hoewel die Naturelle-inligtingsdiens nie deel van die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens was nie, het dié twee inligtingsdienste baie nou saamgewerk. Die Naturelle-inligtingsdiens was veral met die rondneem en toespraak van die buitelandse gaste van die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens behulpsaam.⁵⁵⁾ In 1958 is 'n skakelpos as deel van die Naturelle-inligtingsdiens geskep. Die doel met die pos was om beter skakeling met die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens te bewerkstellig.⁵⁶⁾

In hierdie tydvak was die verspreiding van inligting in die buiteland die vernaamste funksie van die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens, terwyl die verspreiding van inligting in die binneland die Naturelle-inligtingsdiens se vernaamste taak was. Hierdie twee inligtingsfunksies van die Staat sou

54) Mnr. H.G. Lawrence, Hansard, Deel 98, 1958, kol. 2674.

55) Vgl. die verslag van mnr. H. Momberg in Anon. Bantu, 4(8), Augustus 1957, p. 36 en Jaarverslag 1957-58, p. 9.

56) Jaarverslag 1961-62, p. 18.

vanaf 1961 deur een instelling, naamlik die Departement van Inligting, behartig word.

INLIGTING AAN DIE BANTOE.

Die spesifieke funksies van die Naturelle-inligtingsdiens se beamptes by die onderskeie streekkantore is soos volg uiteengesit: "Om aan die mense in sy gebied korrekte inligting oor alle sake treffende Bantoebelange te verstrek, om goeie verhoudinge tussen Blankes en die Bantoe te bevorder, om die medewerking en goedgesindheid van die Bantoe oor die uitvoering van die landsbeleid en van wetgewing wat deur die Parlement aangeneem is, te verkry, om deur direkte kontak en persoonlike bespreking die wense van die Naturelle oor sake wat hulle in besonder raak, te verneem en om, waar nodig, distriksamptenare, wat oorlaai is met ander sake, by te staan met enige pligte wat hulle in dié verband het."⁵⁷⁾

Omdat die Naturelle-inligtingsdiens nog nie op groot skaal die Bantoe kon bereik nie, is veral op persoonlike skakelwerk klem gelê. "Miskien die grootste funksie van die Inligtingsdiens is die kontak wat sy streeks- en hoofkantoor-amptenare met Bantoe-individue en groepe dwarsdeur die land maak. Byna daaglik word groot Bantoegehoore by stamvergaderings, byeenkomste en ander groepe toegesprek oor

57) Hansard, Deel 88, 1955, kol. 4334.

die Regeringsbeleid en sy verskillende aspekte soos dit die Bantoe raak. Hier lê ongeveer die ver- naamste kontakpunt en hier vind 'n gedagtewisseling plaas wat groot vrugte afwerp en wat sy weerklink in die hoogste raadsale van die land vind."⁵⁸⁾ Die Naturelle-inligtingsdiens het daarop aanspraak ge- maak dat elke Bantoesam in die Unie reeds deur sy Inligtingsbeampies toegesprek is.⁵⁹⁾

"Om hierdie groot taak te kan volbring, is dit ba- sies vir die Inligtingsdiens van die allergrootste belang om goeie verhoudinge tussen Blank en Bantoe daar te stel en te stimuleer. Daarom is die afde- ling nie net 'n inligtingsbron oor Regeringsbeleid nie, maar probeer die Bantoe op ander terreine ook van hulp en advies bedien."⁶⁰⁾ So was die inlig- tingsbeampies byvoorbeeld behulpsaam as 'n stamower- heid 'n landbouskou wou reël of 'n Bantoeskoolraad 'n funksie wou reël om 'n nuwe skoolsaal in te wy.⁶¹⁾

Dit was vir die Naturelle-inligtingsdiens moontlik om regstreeks inligting aan die Bantoe te verskaf as 'n staatsinstelling vanweë die unieke situasie in Suid-Afrika. Omdat die blankes aan die party- politiek deelneem en die kiesers uitmaak, kon die

58) Anon. Bantu, 4(10), Oktober 1957, p. 27.

59) Ibid.

60) Ibid., p. 25.

61) Ibid., p. 27.

Regering nie dieselfde benadering ten opsigte van die Suid-Afrikaanse blankes volg nie. Waar die nie-blankes nie op dieselfde wyse as die blankes aan die Regering deel gehad het nie, was dit noodsaaklik om hulle op hierdie wyse regstreeks in te lig wat die oogmerke van die Regering was.

INLIGTING AAN BLANKES.

Die verskaffing van inligting aan die Blankes was 'n belangrike taak van die Naturelle-inligtingsdiens.⁶²⁾ Reeds in 1957 sien die Naturelle-inligtingsdiens hierdie taak so (dit kon net sowel in 1974 in die detenté-gees bewoord gewees het): "Vir die bevredigende oplossing van ons verhoudingsvraagstukke is dit essensieel dat die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika meer van mekaar af weet en mekaar beter kan leer verstaan. Wanneer daar 'n goeie begrip tussen die groepe onderling tot stand gebring kan word, dan sal die saak al vir nege-tiendes gewonne wees. As kontakpunt tussen die Suid-Afrikaanse Blanke en die Suid-Afrikaanse Bantoe, beklee die Inligtingsdiens 'n baie verantwoordelike en 'n baie belangrike posisie. Waar en wanneer die Inligtingsdiens dan die geleentheid kry om aan die Suid-Afrikaanse Blanke publiek die Bantoe as mens voor te stel of die verskillende fasette van die verhoudings-

62) Hansard, Deel 76, 1951, kol. 7955.

vraagstukke Blank-Bantoe te verduidelik, dan neem hy met dankbaarheid die geleentheid te baat om 'n positiewe bydrae te lewer tot die bevredigende oplossing van die belangrikste van ons landsprobleme."⁶³⁾

Om hierdie taak te vervul het die Inligtingsbeamptes voor skole, studie-organisasies, verenigings, sakekamers, ens. opgetree. Die Diens was met die reël van toere vir blanke groepe deur die Bantoegebiede behulpzaam. Daar is ook pamflette aan hoërskoolleerlinge en studente beskikbaar gestel, terwyl 'n keur-pakkie pamflette vir die Suid-Afrikaner wat meer oor Suid-Afrika wou weet voor hy oorsee vertrek, saamgestel is.⁶⁴⁾

Hierdie benadering ten opsigte van die verspreiding van inligting in die binneland verskil van die benadering wat die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens binnenslands gevolg het. Die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens het sover moontlik die regstreekse verspreiding van inligting aan die Suid-Afrikaanse blankes vermy en hoofsaaklik van die koerante gebruik gemaak om inligting te versprei.⁶⁵⁾

Behalwe die metodes hierbo genoem, het die Naturelle-inligtingsdiens ook van die koerante gebruik ge-

63) Anon. Bantu, 4(9), September 1957, p. 39.

64) Ibid., p. 39 en 40.

65) Vgl. Hoofstuk 5, p. 82 hierbo.

maak om inligting aan die blankes te versprei.

"Die wydste groep persone wat deur die Inligtingsdiens bereik word, is egter deur middel van die pers. Oor alle aangeleenthede rakende Naturellesake is hierdie afdeling die mondstuk van die Departement en dit geld ook in besonder vir die pers."⁶⁶⁾

Die Naturelle-inligtingsdiens het gereeld sy eie persverklarings vrygestel. Alle Suid-Afrikaanse koerante is ook noukeurig dopgehou op soek na berigte wat 'n verkeerde indruk kon skep. Sulke berigte is onmiddellik reggestel. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die Diens in onder andere die persstryd oor die opruiming van swart kolle en die oordrag van Bantoe-onderwys betrokke was.⁶⁷⁾

In 1957 is soos volg hieroor geskryf: "Met die verskuiwing van die Naturelle uit die krotte van Sophiatown na Meadowlands het die Departement van Naturellesake gesorg dat die regte inligting dadelik beskikbaar was. Met die bohaai oor die sogenaamde konsentrasiekamp vir Naturelle by Frenchdale het die Departement die gesanik op die kop geslaan deur 'n ope uitnodiging aan persmanne om self te kom kyk."⁶⁸⁾

66) Anon. Bantu, 4(9), September 1957, p. 40.

67) Ibid., p. 41.

68) Anon. Bantu, 4(8), Augustus 1957, p. 43; vgl. ook H.J. Grosskopf. Die Burger, 15 Mei 1957.

PUBLIKASIES VAN DIE NATURELLE-INLIGTINGSDIENS.

Die Naturelle-inligtingsdiens het 'n eie publisi-teitsafdeling gehad wat verantwoordelik was vir 'n reeks pamflette en maandblaaie wat dwarsdeur die land versprei is.⁶⁹⁾ Die Bantoe-onderwysblad het gereeld verskyn en is aan alle Bantoeskole, Bantoe-skoolrade en skoolkomitees versprei. Die blad het die onderwysbeleid van die Regering verduidelik en was gerig op die toplaag van die Bantoebevolking.⁷⁰⁾

Die blad Bantu is in hierdie tydvak uitgebrei en verander. Oor dié blad is in 1957 soos volg verslag gedoen: "Die blad 'Bantoe' met 'n verspreiding van 24 000 eksemplare per maand en 'n leserskring van minstens 100 000 bespreek die breë landsbeleid soos dit die Bantoe raak en vind 'n weerklank onder die Bantoe in die artikels en briewe wat hulle self in die amptelike landstale of in die Bantoetale na die blad stuur vir plasing."⁷¹⁾ In Januarie 1960 is die publikasie Bantu met ses afsonderlike publikasies vervang; een in Afrikaans en Engels en vyf in Bantoetale.⁷²⁾ In latere tydvakke sou daar steeds meer gepoog word om vir elke groep sy eie publikasies te publiseer.

69) Anon. Bantu, 4(10), Oktober 1957, p. 27.

70) Ibid., p. 28.

71) Ibid.

72) Hansard, Deel 3, 1962, kol. 4257.

Die Naturelle-inligtingsdiens het 'n groot aantal pamflette kosteloos versprei. Die pamflette het oor onderwerpe gehandel soos: "Bantoe-Onderwysbeleid vir die Onmiddellike Toekoms", "Plaaslike Owerhede en die Staat", "Ontwikkeling en Vooruitgang van Bantoe-gemeenskappe", "Urban Administration", ens.⁷³⁾

Behalwe die publikasie-afdeling het die Naturelle-inligtingsdiens ook 'n afdeling vir visuele voorligting gehad. Hierdie afdeling het foto's van die Bantoelewe en ontwikkeling voorberei en versprei. Dié afdeling het ook verskeie rolprente vervaardig "wat in 'n paar minute 'n storie vertel en 'n beleid verduidelik wat met ure se lesings nie bereik kan word nie."⁷⁴⁾

Die onderskeie aktiwiteite van die Naturelle-inligtingsdiens is van belang omdat dit hoofsaaklik op die binneland gerig was en omdat die meeste van die aktiwiteite net so deur die nuutgestigte Departement van Inligting na 1961 voortgesit sou word.

'N KLEURLINGINLIGTINGSDIENS.

In 1951 is 'n Afdeling Kleurlingsake as deel van die Departement van Binnelandse Sake gestig. Dr. I.D. du Plessis het aan die hoof daarvan gestaan.⁷⁵⁾

73) Anon. Bantu, 4(10), Oktober 1957, p. 28.

74) Ibid.

75) Anon. Some notes on the development of the Department of Information, p. 10.

In 1957 het die Afdeling Kleurlingsake selfstandig geword deur vir die eerste keer afsonderlik op die begroting te verskyn.⁷⁶⁾

In 1959 het mnr. C.V. de Villiers 'n versoek ten opsigte van die Kleurlinge aan die Regering gerig: "Daar is nog ongelukkig 'n bietjie vyandigheid en vooroordeel onder sekere Kleurlinge, en ek het gewonder of die Minister dit nie moet oorweeg om 'n inligtingsdiens in te stel onder die Departement van Kleurlingsake nie, wat aan die Kleurlinge meer kan vertel oor die doel en strewe van hierdie Departement en die Regering se beleid en wat alles vir hulle gedoen word. Ek dink dit kan baie goed doen om daardie gevoel van vooroordeel uit die weg te ruim."⁷⁷⁾

Mnr. P.W. Botha, destydse Adjunk-minister van Bin-nelandse Sake, het op die versoek soos volg geantwoord: "Ek kan hom meedeel dat daar nou 'n Staatsdiensinspeksie was in die Departement, en dat die Departement verlof gekry het vir die instelling van 'n voorligtingsdiens as gevolg van daardie Staatsdiensinspeksie. Ons hoop dat ons daardeur breë voorligting sal kan gee aan die Kleurlinge om aan hulle te toon wat die goeie gesindheid van die Departement is, en ook wat die Departement bereid is om te doen. Dit word dus gedoen."⁷⁸⁾

76) Hansard, Deel 95, 1957, kol. 6662.

77) Hansard, Deel 101, 1959, kol. 7338.

78) Ibid., kol. 7360.

Die funksies en benadering van die Kleurlinginligtingsdiens het baie met dié van die Naturelle-inligtingsdiens ooreengestem. "According to the latest annual report of the Department of Coloured Affairs (1959-1961) the Information Section's most important function is to boost the Department's activities and aims by means of speeches, the press, the radio and direct contact chiefly with Coloured persons."⁷⁹⁾

Hierdie inligtingsdiens sou ook in 1961 deel van die Departement van Inligting word.

GEVOLGTREKKING.

Deur die vaste aanstelling van die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens se personeel en die oorplasing van die diens na die Departement van Buitelandse Sake het die Suid-Afrikaanse Regering die noodsaaklikheid van 'n permanente staatsinligtingsdiens in vredestryd finaal erken. Soos die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens, die Naturelle-inligtingsdiens en die Kleurlinginligtingsdiens uitgebrei het, het die omvang van die verspreiding van inligting binne Suid-Afrika deur die Staat toegeneem. Aan die einde van hierdie tydvak het die Naturelle-inligtingsdiens 87 en die Kleurlinginligtingsdiens 15 personeelposte getel.⁸⁰⁾ Die belang van hierdie tydvak

79) Anon. Some notes on the development of the Department of Information, p. 10.

80) Jaarverslag 1961-62, p. 2 en 3.

lê juis daarin dat die verskillende inligtings-dienste van die Staat so uitgebrei het dat hulle saam 'n volwaardige Departement van Inligting kon vorm.

Waar die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens nog versigtig was in die verspreiding van inligting in die binneland en eerder in die buiteland uitgebrei het, het ontwikkelinge ten opsigte van die Bantoe en die Kleurlinge dit noodsaaklik gemaak dat die Naturelle-inligtingsdiens en die Kleurlinginligtingsdiens hulle aktiwiteite in die binneland uitbrei. Die verskil in benadering tussen die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens en die Naturelle- en Kleurlinginligtingsdienste was ook duideliker in hierdie tyd-vak. Dit kan daaraan toegeskryf word dat die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens hoofsaaklik aan die blankes binnenslands inligting versprei het. Die Naturelle- en Kleurlinginligtingsdienste kon 'n ander benadering volg omdat hulle hoofsaaklik aan die Bantoe en Kleurling inligting versprei het. Omdat die Bantoe en die Kleurling nie op dieselfde wyse as die Blanke in die Regering betrokke was nie, was die verhouding tussen die partypolitiek en staatsinligting nie so 'n probleem vir die Naturelle- en Kleurlinginligtingsdienste nie. Die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens moes hier vir kritiek lig loop omdat sy inligting vir die blanke be-doel was. Vandaar die versigtiger benadering waar die koerante, as erkende instrumente van die demokrasie, gebruik is om inligting te versprei. Ná

die samesmelting van die verskillende inligtingsdienste sou die algemene benadering meer dié van die Naturelle-inligtingsdiens word. Tog sou die blankes steeds anders en versigtiger benader word.

Aan die einde van hierdie tydvak het die werksaamhede van die verskillende inligtingsdienste so uitgebrei dat oorvleueling steeds meer voorgekom het. Ná die Sharpeville-voorval en die gebeure rondom die sestigerjare het die oproep ook sterker geword dat die Staat se inligtingsdienste vergroot en gekoördineer moet word en 'n hoër prioriteit moet kry. Die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens het in hierdie tyd van sy moeilikste jare ondervind. "Daarom is ek van mening dat ons Inligtingsdiens moet ontwikkel tot 'n volwaardige Staatsdepartement. Die behoefte is groot en dit groei daaglik en die taak van ons Inligtingsdiens word daaglik groter."⁸¹⁾ Al hierdie faktore sou meewerk om die Regering te laat besluit om 'n gekoördineerde en selfstandige staatsinligtingsdiens daar te stel in die vorm van 'n volwaardige Departement van Inligting. Hierdie stap het 'n verdere nuwe bedeling in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens ingelui.

81) Mnr. J.C. Greyling, Hansard, Deel 105, 1960, kol. 5971.

HOOFSTUK 7

1961-1965. 'N DEPARTEMENT VAN INLIGTING.

Op 27 November 1961 het die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens 'n volwaardige Departement van Inligting geword. Die eerste Minister van Inligting was mnr. F.W. Waring. Volgens die Staatskoerant van 1 Desember 1961 (Deel 11, no. 120) is mnr. W.C. du Plessis as die Sekretaris van die Departement aangestel.¹⁾ Mnr. Du Plessis is deur die Eerste Minister, dr. H.F. Verwoerd, persoonlik genader om hierdie taak te onderneem.²⁾

Die totstandkoming van die nuwe Departement het 'n reorganisasie van die staat se inligtingsdienste tot gevolg gehad. "In party gevalle kom dit daarop neer dat hele afdelings oorgeplaas word na die Departement van Inligting. In ander gevalle sal die werk geheel of gedeeltelik in 'n bestaande Departement voortgesit kan word, maar met koördinerings daarvan deur die Departement van Inligting."³⁾ Die kern van die nuwe Departement is deur die ou Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens gevorm. Die inligtingsdiens van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling asook die Kleurlinginligtingsdiens van die Departement van Kleurlingsake

- 1) Jaarverslag 1961-62, p. 2.
- 2) Wennie du Plessis. Die Goue Draad, p. 218.
- 3) Anon. Reorganisasie van Openbare Inligtingsdienste. Die Burger, p. 11, 2 Desember 1961.

is na die nuwe Departement van Inligting oorgeplaas.⁴⁾ Die inligtingsafdeling van die Departement van Verdediging, die inligtingsafdeling van die Departement van Vervoer, die Spoorweë se skakelafdeling en reklamedepartement asook verskeie ander Departemente se inligtingsafdelings is nie deur die verskuiwings geraak nie.⁵⁾

PROBLEME VAN DIE NUWE DEPARTEMENT.

"Om 'n Staatsdepartement in te rig, is geen kleinigheid nie en een soos daardie, wat met die vinnigste medium op aarde, nuus, of inligting of voorligting, moes werk, was 'n opdrag van besondere omvang" volgens mnr. W.C. du Plessis, die eerste Sekretaris van die nuwe Departement.⁶⁾

"Die indeling van personeel, met inbegrip van die skep van sekere nuwe poste en afdelings, die verkryging van meer kantoorruimte en die opstel van 'n hersiene departementele begroting is sake wat nou die aandag geniet van die Departement van Inligting, wat vandeeweek tot stand gekom het."⁷⁾ Die Departement het in Desember tot stand gekom en die eer-

4) Jaarverslag 1961-62, p. 2 en 3.

5) Anon. Reorganisasie van Openbare Inligtingsdienste. Die Burger, p. 11, 2 Desember 1961.

6) Wennie du Plessis. Die Goue Draad, p. 219.

7) Anon. Reorganisasie van Openbare Inligtingsdienste. Die Burger, p. 11, 2 Desember 1961.

ste begroting moes reeds aan die einde van Januarie gereed wees om aan die Parlement voorgelê te kon word. Voordat met die begroting begin kon word, moes daar eers 'n departementele struktuur vasgestel word. Die begroting moes aan die hand van 'n departementele struktuur opgestel word.⁸⁾

Samesprekings is met die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling asook die Departement van Kleurlingsake gevoer oor die oorplasing van hulle inligtingsdienste na die Departement van Inligting. Die Inligtingsdiens van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het op daardie tydstip uit 87 personeellede bestaan wat aan 13 streekkantore verbonde was. Die Kleurling-inligtingsdiens het 15 personeellede getel. Daar is ook samesprekings met die Departement van Indiërsake gevoer met die oog op die instelling van 'n inligtingsdiens vir die Indiërbevolking.⁹⁾

Die nuwe Departement het aanvanklik uit 'n Publisiteitsafdeling, 'n Skakelafdeling en 'n Administratiewe Afdeling bestaan.¹⁰⁾ "Die voorlopige bowe-struktuur van die Departement is: Sekretaris van Inligting, mnr. W.C. du Plessis; Adjunk-sekre-

8) Wennie du Plessis. Die Goue Draad, p. 220.

9) Jaarverslag 1961-62, p. 2 en 3.

10) Vir 'n grafiese voorstelling van die Departementele struktuur vgl. Jaarverslag 1961-62, p. 16.

taris van Inligting (Publisiteit), mnr. P.G.J. Meiring; Adjunk-sekretaris (Skakeldienste), mnr. C.W. Prinsloo; Ondersekretaris (personeel en administrasie, mnr. J.F. Wiesner."¹¹⁾

Mnr. P.G.J. Meiring was voorheen Direkteur van die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens en mnr. C.W. Prinsloo was hoof van die Bantoe-inligtingsdiens. In die Parlement het mnr. E.G. Malan beweer dat iemand oor die hoof van mnr. Meiring aangestel en dat hy na 'n minder belangrike afdeling verskuif is.¹²⁾

Min. Waring het geantwoord dat mnr. Meiring hoof van die Publisiteitsafdeling wat rolprente, televisie, radio, Panorama en alle Bantoe publikasies ingesluit het, was. "Ek kan die agbare lid verseker dat tegniese publisiteit van hierdie aard hom meer geval as wat 'n mens mag sê administrasie en die organisasie van die onderneming hom geval."¹³⁾

In 1963 het daar weer 'n verskuiwing in die boustruktuur van die Departement plaasgevind. "Die Sekretaris van die Departement, mnr. W.C. du Plessis, het Administrateur van Suidwes-Afrika geword en in sy plek is mnr. B.G. Fourie, voorheen van die Departement van Buitelandse Sake, aangestel. Terselfdertyd het mnr. P.G.J. Meiring, Adjunk-sekreta-

11) Jaarverslag 1961-62, p. 3.

12) Hansard, Deel 4, 1962, kol. 8330.

13) Ibid., kol. 8346.

ris (Publisiteit), die Departement verlaat nadat sy kontrak ten einde geloop het."¹⁴⁾

Nadat die reorganisasie voltooi is en 'n vaste struktuur vir die Departement daargestel is, het die personeel meer as 280 getel met 30 streekkantore in Suid-Afrika en in die buiteland. "Onder die personeel is ook Bantoe-, Kleurling- en Indiërinligtingsbeamptes, as mede Bantoe-subredakteurs wat behulpsaam sal wees in verband met Bantoeublikasies."¹⁵⁾

Ná die aanvanklike probleme wat die Departement ondervind het, kon mnr. W.C. du Plessis reeds in Julie 1962 soos volg verslag doen: "Ek kan egter met genoeg sê dat die organisasie van die Departement destyds beplan en sedertdien getoets aan die eise wat aan ons gestel is, byna onveranderd bly staan het."

"Die organisasie van die Departement van Inligting - skaars agt maande gelede gestig - het so fluks gevorder dat daar binne die volgende twee maande 'tot die hoogste versnelling oorgeskakel sal kan word'."¹⁶⁾

14) Jaarverslag 1963-64, p. 2.

15) Anon. Nuwe Departement voortaan in hoogste rat. Die Transvaler, p. 7, kol. 2, 17 Julie 1962.

16) Mnr. W.C. du Plessis aangehaal in Anon. Nuwe Departement voortaan in hoogste rat. Die Transvaler, p. 7, kol. 2, 17 Julie 1962.

ALGEMENE BELEID EN FUNKSIES.

Die funksies van die Departement is soos volg in Goewermentskennisgewing 1142 van 1 Desember 1961 omskryf:

- "a) Die oorname van al die pligte en verantwoordelikhede wat tevore met betrekking tot die buiteland en die binneland deur die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens behartig is;
- "b) Die uitvoering van al die funksies wat tevore deur die Inligtingsdiens van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling uitgevoer is, insluitende die verstrekking van inligting aan die Bantoe van die Republiek van Suid-Afrika en van die gebied Suidwes-Afrika, en van inligting oor hulle en hul ontwikkeling aan die inwoners van Suid-Afrika en ander lande;
- "c) Die voorsiening van 'n doeltreffende inligtingsdiens aan die Kleurling- en Indiërgemeenskappe in Suid-Afrika en die verspreiding van gegewens oor hulle en hul ontwikkeling in die binneland en die buiteland;
- "d) Die koördinering van alle publisiteitsdienste van die Staat;
- "e) Die verrigting van alle verdere dienste en die gebruikmaking van media wat nuttig mag wees om oral waar dit nodig of gewens is, juiste inligting te verstrek oor alle aspekte van die lewenswyse, werksaamhede en natuurlike hulpbronne van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, en

"f) Die behartiging van ander funksies waaroor daar van tyd tot tyd besluit mag word."¹⁷⁾

Hierdie omskrywing van die Departement van Inligting se funksies het die omskrywing van die Smith-Bourke-Hurter-kommissie van 1945 vervang. Die funksies van die Departement is so breed omskryf dat dit in die sewentigerjare nog as die uitgangspunt van die Departement gebruik is.¹⁸⁾

Mnr. W.C. du Plessis het samevattend die taak van die Departement gesien as "om deur voorligting en inligting 'n geheelbeeld te gee van hierdie land se verskillende bevolkingsgroepe - hoe hulle lewe, wat hulle doen en hoe die land ontwikkel word. Daarby word 'n hulpdiens aan alle Staatsdepartemente gelewer."¹⁹⁾ Hoewel die Departement nog as 'n publisiteitskantoor vir ander staatsdepartemente opgetree het en so 'n hulpdiens gelewer het, het hierdie funksie op die agtergrond geskuif.

Waar die buitelandse inligtingsfunksie deur die ou Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens en die binnelandse verspreiding van inligting deur elke staatsdepartement self behartig is, het die nuwe Departement van Inligting nou albei hanteer. Mnr. Blaar Coetzee, 'n latere kabinetsminister, het hierdie twee-

17) Jaarverslag 1961-62, p. 2.

18) Vgl. Jaarverslag 1969-1971, p. 4.

19) Anon. Nuwe Departement voortaan in hoogste rat. Die Transvaler, p. 7, kol. 2, 17 Julie 1962.

ledige taak van die Departement soos volg gesien: "Meneer die Speaker, ek sien dat die Departement van Inligting twee groot take het. In die eerste plek het hy 'n binnelandse taak en in die tweede plek 'n buitelandse taak. Hul binnelandse taak is om alles te doen wat hulle kan om die verhouding tussen blank en nie-blank in Suid-Afrika so goed as moontlik te maak. Hul buitelandse taak is om die beste en mees simpatieke beeld van Suid-Afrika aan die buiteland te bring. Dit is vir my moeilik om te sê watter een van die twee take die belangrikste gaan wees. Maar ek wil sê dat, as hulle daarin kan slaag om hul eerste taak met sukses te volbring, nl. om te help om die verhoudings tussen blank en nie-blank beter en gunstiger te maak, dan sal hul tweede taak baie makliker wees."²⁰⁾

Die verbetering van verhoudinge tussen die verskillende groepe in Suid-Afrika wat hier genoem is, sou 'n belangrike doelstelling van die Departement van Inligting in latere tydvakke word.

KRITIEK OP DIE DEPARTEMENT.

Die jare net ná die Departement van Inligting tot stand gekom het, is deur fel kritiek teen die Departement gekenmerk. Veral in die Volksraad is heftige debatte oor die werksaamhede en doelstel-

20) Hansard, Deel 2, 1962, kol. 1958.

lings van die Departement gevoer.²¹⁾ Hierdie kritiek was hoofsaaklik teen die binnelandse funksies van die Departement gemik.

Mnr. E.G. Malan het dit so gestel: "Maar wat ons die meeste bekommer, is die binnelandse beleid wat deur hierdie departement gevolg gaan word ... Ek vrees dat dit die begin kan wees van 'n reusagtige skema van indoktrinasie en beïnvloeding van die Bantoe in Suid-Afrika onder die toesig van die Minister van Inligting."²²⁾

Mnr. R.B. Durrant het dit ook oor die binnelandse funksie: "Ek herhaal wat ons op hierdie banke tevore gesê het, nl. dat ons aan hierdie kant nie insien waarom 'n Ministerie van Inligting nodig is om hierdie binnelandse aspek te behartig nie, nl. om Regeringsinligting onder die kiesers van Suid-Afrika te versprei nie. Daar is geen ander land wat dit doen nie, en afgesien daarvan sal dit hierop neerkom dat die geld van die Suid-Afrikaanse belastingbetalers bestee sal word aan 'n Minister van Inligting om die Regering se beleid in die binneland te versprei; die belastingbetaler se geld sal gebruik

21) Vgl. die debat wat op 2 Maart 1962 oor mnr. Blaar Coetzee se mosie van gelukwensing gevoer is; Hansard, Deel 2, 1962, kol. 1955 e.v. asook die debat op 14 Junie 1962; Hansard, Deel 4, 1962, kol. 8291 e.v.

22) Hansard, Deel 2, 1962, kol. 2004 en 2005.

word om die Minister van Inligting te finansier as 'n partypropagandamasjien tot voordeel van die Regering."²³⁾

Die Opposisie het die Regering verder gekritiseer deur 'n vergelyking tussen die Suid-Afrikaanse Departement van Inligting en ander lande se staatsinligtingsdienste te maak.

"In elke land van die Weste wat 'n parlementêre demokrasie het, het 'n Ministerie van Inligting opgehou om te bestaan. Waar hulle in die lewe geroep is, is hulle in die lewe geroep in tye van nasionale nood, soos gedurende die jongste oorlog. In die Verenigde Koninkryk het hulle die Ministerie van Inligting afgeskaf, en hul vernaamste bedrywig-hede met betrekking tot inligting word voortgesit deur individuele departemente, deur verantwoordelike amptenare wat werk onder die beheer van betrokke departemente. In die Verenigde State het hulle 'n afsku van 'n Ministerie van Inligting ... Natuurlik het hulle een van die grootste inligtingsdienste in die wêreld, maar dit opereer onder 'n staatsdepartement, die Departement van Buitelandse Sake van die Verenigde State se regering, en dit kom onder beheer van die Ministerie van Buitelandse Sake, soos voorheen die geval was met ons Inligtingsdepartement."²⁴⁾

23) Hansard, Deel 4, 1962, kol. 8296.

24) Mnr. R.B. Durrant, Hansard, Deel 2, 1962, kol. 1986.

Die Opposisie wou ook weet hoeveel inligtingsbeamptes inligtingsdiens binne die Republiek verrig. Min. Waring het hierop geantwoord dat dit 126 is van wie 89 blankes, 11 Kleurlinge en 26 Bantoes is.²⁵⁾

Hierdie vergelykings met oorsese lande en kritiek op die binnelandse verspreiding van inligting sou van jaar tot jaar voortgesit word. Die debat oor die begroting van die Departement in 1970 is byvoorbeeld net hieroor gevoer.²⁶⁾

REGVERDIGING VIR BINNELANDSE FUNKSIE.

Die Regering het in hierdie tydvak verskeie argumente geopper om 'n Departement van Inligting en in besonder die binnelandse funksies van die Departement te regverdig. Mnr. Blaar Coetzee het dit soos volg gestel: "In ons moderne wêreld, wat al kleiner en kleiner word, en waar die belange van state al meer en meer ineengestremel word, is so iets soos 'n Departement van Inligting absoluut noodsaaklik. Met al die propaganda- en publisiteitsmiddels in die wêreld van vandag het reklame van die een of ander soort 'n onafhanklike deel geword van die binnelandse en buitelandse lewe. Kyk maar na Suid-Afrika; hier is byna nie 'n stadsraad van enige belang wat nie sy inligtingsdiens het nie. Daar is

25) Hansard, Deel 5, 1963, kol. 1874.

26) Vgl. Hansard, Deel 30, 1970, kol. 4823-4846; 4907-4953.

feitlik geen redelike groot besigheid wat nie sy skakelbeampste het nie ... Ek dink dus nie dit is nodig om 'n saak uit te maak dat daar 'n Departement van Inligting moet wees nie."²⁷⁾

Ten opsigte van die vergelykings met die buiteland het mnr. B.J. van der Walt geantwoord: "Hy sê daar is geen demokratiese land wat dit doen nie. Engeland doen dit. Ek het hier 'n boekie uitgegee deur die 'Government Information Services' in 1961, 'n Witpapier, en dit sê - 'In countries which enjoy democratic institutions Governments have long been accustomed to their actions being critically examined by public opinion and by the free press, but it was not until the twentieth century that the need was felt for an organised pattern of information services to match the increasing scope ... activities and the dual media of communications such as the cinema, radio and television. Government information services, in the words of the British Prime Minister, (Churchill) in December 1945, now play an important and permanent part in the machinery of government under modern conditions'."²⁸⁾

Behalwe die algemene argumente ten gunste van 'n Departement van Inligting was daar ook 'n gevoel dat Suid-Afrika besondere redes het waarom 'n Departement

27) Hansard, Deel 2, 1962, kol. 1957.

28) Hansard, Deel 4, 1962, kol. 8305.

ment van Inligting nodig was. "Daar is sekere faktore in Suid-Afrika wat 'n mens nie in die Verenigde Koninkryk vind nie. Een van daardie faktore byvoorbeeld is dat ons 'n onontwikkelde massa in Suid-Afrika het aar wie die Staat ook inligting moet uitdra... Dit is uiters belangrik om 'n binnelandse inligtingsdiens te hê veral om ons Bantoe-, Kleurling- en Indiërbevolking by te kom," volgens mnr. G.F. van L. Froneman.²⁹⁾

Dr. H.G. Luttig se gedagtes het hierby aangesluit: "Daar is geen land wat met so 'n gekompliseerde probleem te doen het as Suid-Afrika nie; daar is geen land in die wêreld waar daardie gekompliseerde rasseprobleem aan soveel druk onderhewig is as in Suid-Afrika nie; waaraan daar in die binneland soveel verdraaiings en vertolkings gegee word. Al daardie dinge vind hier plaas. Dus, meneer die Voorsitter, is dit dan nie die werklike taak van die Departement van Staatsinligting om daar te probeer om die regte perspektief te stel deur aan die rasse teenoor mekaar te bewys watter positiewe stappe gedoen word vir die welvaart van die verskillende rassegroepe nie? Dink hy nie deur daardie belangrike werk van Staatsinligting 'n enorme bydrae gemaak word tot die skepping van goeie rasseverhoudings in die binneland nie?"³⁰⁾

29) Hansard, Deel 15, 1965, kol. 7468.

30) Hansard, Deel 4, 1962, kol. 8327.

In vorige tydvakke is oor die breë beginsel van 'n staatsinligtingsdiens besin. Die breë beginsel is ook deur die Opposisie aanvaar.³¹⁾ In hierdie tydvak het dit spesifiek om die georganiseerde verspreiding van inligting in die binneland deur 'n staatsinstelling gegaan. Die Regering is hierdeur gedwing om duidelik die binnelandse werksaamhede van so 'n staatsinligtingsdiens af te baken en so te verseker dat die demokratiese proses nie in gevaar gestel word nie. Mnr. T. Fife Clark, 'n vorige direkteur-generaal van die Britse Central Office of Information, som die probleem tussen partypropaganda, regeringsinligting en die posisie van die Inligtingsafdeling in 'n demokratiese staat miskien die beste op as hy dit soos volg stel:

"It has been suggested that it is wrong to have specialised Information Officers, because if they do their work well, this redounds to the credit of the Government of the day and so boosts a particular Minister and a particular political party. It has always seemed to me that in this respect an Information Officer is in precisely the same position as any other Departmental officer. His problem is no different from that of every Private Secretary and Permanent Secretary. Years of expe-

31) Vgl. die toespraak van mnr. E.G. Malan, Hansard, Deel 101, 1959, kol. 5844.

rience have drawn a clear line - Ministers know it as well as their officers, and respect it - between official information and party propaganda, between the Departmental occasion and the political platform.

"As to the suggestion that a man who competently performs a function which is now agreed to be an essential part of modern administration is doing something which redounds to the credit of the Government of the day and therefore something improper - why, no one suggests that a skilled administrator should not put his best work into a Bill because if it goes well in Parliament and in operation it will be to the credit of the Minister and the Government; or that professional and scientific officers should withhold or dilute their advice for the same reason. Of course the policy which a Department administers and the legislation which it drafts, are bound to have some association with the personality of its Minister and the political ideas of the party in power. But the Information Officer can now rely on the same safeguards as every other Civil Servant. He is a permanent officer, serving successive Ministers and Governments impartially to the best of his ability, sustained not only by his own integrity but by the tradition and practise of the Civil Service as a

whole." ³²⁾

ALGEMENE BELEID TEN OPSIGTE VAN BLANKE
INLIGTING EN PERSSKAKELING.

As gevolg van die kritiek teen die binnelandse funksies van die Departement is in hierdie tydvak baie versigtig opgetree wanneer dit by die verspreiding van inligting aan die blankes kom. Die standpunt was, veral ná mnr. Brand Fourie Sekretaris van Inligting geword het, dat 'n inligtingsbeampte nie regstreeks inligting aan die blankes versprei nie. Dit was die taak van die Volksraadslede en Ministers. ³³⁾ Hierdie benadering sou later verander. Waar inligting wel aan die blankes verskaf is, is dit met behulp van die koerante versprei. Dit was 'n uitgangspunt wat reeds in die oorlogsjare deur die staatsinligtingsdiens aanvaar is.

As uitvloeisel van hierdie benadering kom daar in 1962 'n nuwe onderafdeling tot stand. Die onderafdeling was bekend as "Binnelandse Skakeldienste (Blankes en Pers)." ³⁴⁾ Hierdeur is persskakeling en skakeling met die Blankes in dieselfde afdeling geplaas. Hieruit kan afgelei word dat hier-

32) T. Fife Clark. Do we need Government Information Services, Public Administration, 35, Winter 1957, p. 344 aangehaal in Anon. Bantu, 5(3), Maart 1958, p. 3 en Hansard, Deel 4, 1962, kol. 8306.

33) Onderhoud met mnr. M.U. Zimmermann.

34) Jaarverslag 1962-63, p. 2.

die twee aspekte in hierdie tydvak as dieselfde funksie gesien is. "Die seksie stel hom dit ten doel om skakelwerk tussen Departemente en die pers te bewerkstellig en in stand te hou aangesien die pers die funksie vervul om inligting aan die publiek beskikbaar te stel."³⁵⁾

Die Departement se doel was om 'n hulpfunksie ten opsigte van die koerante te vervul.³⁶⁾ Die Opposisie het beweer dat dié reëling waardeur alle verklarings deur die Departement van Inligting vrygestel is, tot perssensorkap sou lei.³⁷⁾ Dit was dieselfde argument as wat die Opposisie reeds in 1936 geopper het.³⁸⁾ Die Minister van Inligting, mnr. F.W. Waring, het die versekering aan die koerante gegee dat dit nie die geval sou wees nie.³⁹⁾ Mnr. W.C. du Plessis bevestig hierdie versekering hoewel hy sekere voorwaardes stel: "Hierdie departement wil graag te alle tye met die pers saamwerk en alle nodige hulp aanbied, maar ons sal geen samewerking verleen aan diegene deur wie se bedryf-

35) Jaarverslag 1962-63, p. 28.

36) Anon. Nuwe Departement voortaan in hoogste rat. Die Transvaler, p. 7, kol. 2, 17 Julie 1962.

37) Hansard, Deel 2, 1962, kol. 1989-1991; Hansard, Deel 15, 1965, kol. 7398.

38) Vgl. Hansard, Deel 27, 1936, kol. 3152 en 3203.

39) Hansard, Deel 15, 1965, kol. 7457.

wighede ons land skade aangedoen word nie."⁴⁰⁾

WERKSAAMHEDE TEN OPSIGTE VAN DIE PERS
EN DIE BLANKES.

Die Departement het die persskakelfunksies van die ou Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens net so oorgeneem. Daar is voortgegaan met die vrystelling van persverklarings namens departemente; die reël van perskonferensies; die verskaffing van inligting aan die buitelandse verteenwoordigers van nuusagentskappe; die loodsing van publiseiteitsveldtogte, ens.⁴¹⁾

Die publiseiteitsveldtogte was hoofsaaklik opvoedkundig van aard. So is daar 'n veldtog teen wanvoeding, 'n anti-polio-veldtog, 'n koop-Suid-Afrikaans-veldtog, die bekendstelling van die Oranjerivierprojek en 'n publiseiteitsveldtog met die toekenning van selfbestuur aan die Transkei gereël.⁴²⁾

Die Departement het voortgegaan met die verspreiding van 'n weeklikse plattelandse nuusbrief aan meer as 100 plattelandse koerante.⁴³⁾

Die Departement het ook regstreeks inligting aan die Suid-Afrikaanse blanke publiek verskaf. In die

40) Anon. Geen hulp vir die wat land wil skaad. Die Transvaler, p. 7, kol. 1, 17 Julie 1962.

41) Jaarverslag 1962-63, p. 28.

42) Jaarverslag 1961-62, p. 15; Jaarverslag 1962-63 p. 28.

43) Jaarverslag 1961-62, p. 23.

Departementele jaarverslae is versigtig hieroor verslag gedoen. "Omdat aanvaar word dat 'n deeglik ingeligte openbare mening die voorvereiste vir 'n verligte demokrasie is, bestee die seksie noukeurige aandag aan navrae wat van lede van die publiek oor regeringsbeleid en staatsbedrywigheide ontvang word. Amptelike tydskrifte, brosjures en feite-artikels word aan Suid-Afrikaners wat daarom vra, verstrekk om vir hulle as bron van inligting te dien en hulle te help om buitelandse kennis in te lig."⁴⁴⁾ Waar tydskrifte en brosjures vrylik versprei is onder die nie-blankes, is dit hier duidelik beklemtoon dat tydskrifte en brosjures slegs aan blankes wat daarom vra, verskaf is. Hierdie diens het verband gehou met die reeds gevestigde diens waardeur inligting aan Suid-Afrikaners wat oorsee reis, verskaf is. 'n Verdere streekkantoor is in Windhoek geopen om met hierdie diens behulpsaam te wees.⁴⁵⁾

Wat publikasies betref, is steeds meer publikasies net in die binneland versprei.⁴⁶⁾ Van South African Digest se opplaag is byvoorbeeld 13 906 eksemplare buite die Republiek en 21 940 binnenslands

44) Jaarverslag 1962-63, p. 28 en 29.

45) Jaarverslag 1961-62, p. 8 en 23.

46) Jaarverslag 1962-63, p. 2.

versprei.⁴⁷⁾ Hoewel nêrens verslag gedoen is van publikasies wat regstreeks inligting aan blankes verskaf nie, het dit wel op hierdie wyse plaasgevind. Die tydskrif baNtu het ook meer en meer 'n tydskrif aan die Blankes oor die Bantoe geword.⁴⁸⁾ Nadat die Vooruitgangreeks uit baNtu ontwikkel het, het baNtu net in Afrikaans en Engels verskyn. Die stof is meer net op die Blanke gerig en baNtu is selfs oorsig versprei. Meer as 27 000 eksemplare van baNtu is aan die einde van hierdie tydperk binne-lands versprei.⁴⁹⁾

Die verspreiding van rolprente in die binneland is in hierdie tydperk deur die Departement van Inligting uitgebrei. "Statistiek in hierdie verband dui daarop dat ongeveer die helfte van die blanke bevolking jaarliks hierdie dokumentêre films sien. 'n Opname toon aan dat een besondere film in 521 bioskope in Suider-Afrika vertoon is; voorts dat dit herhaaldelik in die bioskoop by die Randse Paasskou op die silwerdoek te sien was en dat dit nie-kommersieel deur al 19 streekkantore in die Republiek wyd en syd versprei is. Dit kan dus met veiligheid beweer word dat gemiddeld 2 miljoen persone in Suider-Afrika die merendeel rolprente wat deur die Departement vervaardig word, jaarliks

47) Hansard, Deel 5, 1963, kol. 1876.

48) Onderhoud met mnr. M.U. Zimmermann.

49) Jaarverslag 1964-65, p. 29.

in Suid-Afrika sien."⁵⁰⁾

Die Departement van Inligting het in hierdie tyd-
vak nie meer net as 'n publiseitskantoor vir die
onderskeie staatsdepartemente opgetree nie. Waar
die Departement op eie inisiatief inligting aan
Blankes versprei het, is dit óf slegs op navraag
óf onregstreeks deur die openbare media gedoen.
Hierdie versigtigheid is aan die dag gelê om die
demokratiese proses te beskerm.

Blaad na p. 1, 1

DOELSTELLINGS MET DIE VERSPREIDING VAN
INLIGTING AAN DIE BANTOE.

Die verskaffing van inligting aan die Bantoe was
een van die belangrikste binnenslandse aktiwiteite
van die Departement van Inligting. Dit was in oor-
eenstemming met die opdrag aan die Departement vol-
gens Goewermentskennisgewing 1142.⁵¹⁾

Mnr. G.F. van L. Froneman het die binnelandse funk-
sies van die Departement ten opsigte van die Ban-
toe soos volg saamgevat: "Ek wil afsluit deur te
sê dat ons deur middel van ons binnelandse inlig-
tingsdiens moet probeer om die regte beeld van
Suid-Afrika tuis te bring by alle bevolkingsgroepe.
Ons eie bevolkingsgroepe moet bewus gemaak word van
ons Suid-Afrikaanse 'way of life', hulle moet be-

50) Jaarverslag 1965-66, p. 28.

51) Vgl. Jaarverslag 1961-62, p. 2.

wus word van wat ons instellings is en waarheen hierdie Regering mik met sy beleid."⁵²⁾

Die Departement van Inligting het nie net inligting verskaf nie, maar ook inligting van die Bantoe af aan die Regering oorgedra. Aangesien die Bantoe nie regstreeks aan die demokratiese proses deelgeneem het nie, was dit belangrik dat die Regering bewus van hulle behoeftes en probleme sou wees. Waar hierdie funksie reeds in 1951 deur dr. Verwoerd ingestel is, beweer die Departement dat dit in hierdie tydvak werklik gevestig en tot sy volle reg gekom het.

"In 'n toenemende mate skakel Bantoe-organisasies en persone nou reeds uit eie beweging met amptenare van hierdie Departement, lê hulle probleme voor en verlang advies. Met vrymoedigheid kan gekonstateer word dat die dubbele doel wat met die instelling van die Inligtingsdiens met betrekking tot die Bantoe in die vooruitsig gestel is, nou reeds tot op groot hoogte bereik is, naamlik dat inligting enersyds sal gaan na die Bantoe en, andersyds, dat die Bantoe hierdie diens sal gebruik as 'n kanaal waarlangs probleme van die Bantoe na die owerheid geneem kan word."⁵³⁾

52) Hansard, Deel 15, 1965, kol. 7468.

53) Jaarverslag 1962-63, p. 30.

WERKSAAMHEDE TEN OPSIGTE VAN DIE BANTOE.

Behalwe deur persoonlike skakelwerk het die Departement geprobeer om die Bantoe met verskillende publikasies te bereik. Die doel met hierdie publikasies was "... nie alleen daarop gemik om die Bantoe tot belangstelling in die ontwikkeling van hulle eie tuislande te prikkel nie, maar ook om hulle ingelig te hou aangaande die ontwikkelingsplanne vir die toekoms en die patroon van algemene vooruitgang".⁵⁴⁾

Die uitgangspunt was om elke groep in sy eie taal te bereik. Die publikasies van die Vooruitgangreeks is uitgebrei na sewe maandelikse publikasies. Hierdeur was daar nou vir elke etniese groep 'n publikasie in sy eie taal. Die publikasies is ook gemoderniseer sover dit hulle voorkoms en ontwerp betref. Daar is veral 'n uitgebreide dekking van plaaslike nuus van die onderskeie bevolkingsgroepe in hierdie publikasies gegee.⁵⁵⁾

Vir die eerste keer het die Departement ook in hierdie tydvak ruimte in koerante en tydskrifte gekoop wat spesiaal op die Bantoe gerig was. "Langs hierdie weg is lae van die bevolking bereik wat nie noodwendig deur die gereelde publikasies van die Departement bereik word nie."⁵⁶⁾

54) Jaarverslag 1965-66, p. 4.

55) Jaarverslag 1964-65, p. 4 en p. 29.

56) Jaarverslag 1962-63, p. 34.

Die streekkantore van die Departement wat spesifiek op die Bantoe gerig was, is in hierdie tydvak tot 17 uitgebrei.⁵⁷⁾ Hierdie kantore was hoofsaaklik in die tuislande en in die stede waar 'n digte sametrekking van Bantoe was, geleë.⁵⁸⁾

Die Departement het ook klem gelê op die verspreiding van rolprente om veral die ongeletterde Bantoe te bereik. "'n Nuwe rigting in die inligtingswerk in die binneland, veral onder die nie-blanke groepe, het ingetree met die verkryging van mobiele eenhede wat deur klank en beeld inligting tot die verste uithoeke van die land kan uitdra. Daardeur is dit moontlik om ook hulle te bereik wat nie deur die geskrewe woord bedien kan word nie."⁵⁹⁾ Aanvanklik is net opvoedkundige rolprente met titels soos: We build a School, Better Cattle for the Bantu, Take Care of your Eyes, ens. vertoon.⁶⁰⁾

In 1965 is daar met 'n Bantoe-nuusrolprentreeks begin.⁶¹⁾ Dié reeks sou later as die Ditaba-reeks bekend staan. Die instelling van 'n nuwe stamowerheid en toesprake deur Ministers en belangrike Blankes en Bantoe is so aan die Bantoe oorgedra.

57) Jaarverslag 1965-66, p. 22.

58) Vir 'n lys van plekke waar streekkantore was vgl. Jaarverslag 1962-63, p. 30.

59) Jaarverslag 1962-63, p. 2.

60) Hansard, Deel 14, 1965, kol. 4058.

61) Jaarverslag 1965-66, p. 28.

Die beleid van afsonderlike ontwikkeling is doeltreffend op hierdie wyse aan die Bantoe verduidelik.⁶²⁾

Behalwe die Bantoe-rolprente is vir die eerste keer ook van tentoonstellings gebruik gemaak om sekere inligting aan die Bantoe oor te dra. So het die Departement in 1965 aan vyf Batfairs (Bantu Trade Fairs Association) deelgeneem. Hierdie metode is as baie geslaagd beskou.⁶³⁾

In hierdie tydvak is 'n bedrag van R500 vir 'n geheime diens begroot.⁶⁴⁾ Dié bedrag is van die ou Naturelle-inligtingsdiens geërf. Die geld is vir die verkryging van inligting oor die Bantoe en Bantoebedrywighede aangewend.⁶⁵⁾ In 1966 het die Minister van Inligting hieroor soos volg verslag gedoen: "Die agbare lid weet dat daar verlede jaar R500 in die begroting vir die geheime diens verskyn het. Daarvan is nie 'n enkele sent gespandeer nie. Vanjaar is nie 'n enkele sent by die Begroting gevoeg nie. Hy weet - dit staan op die begroting - dat niks uitgegee is nie. Die hele R500 is weer net so teruggestort."⁶⁶⁾ Veral

62) Onderhoud met mnr. M.U. Zimmermann.

63) Jaarverslag 1964-65, p. 26.

64) Hansard, Deel 4, 1962, kol. 8346 en Hansard, Deel 15, 1965, kol. 7440.

65) Hansard, Deel 15, 1965, kol. 7460.

66) Sen. Jan de Klerk, Hansard, Deel 17, 1966, kol. 2022.

in die sewentigerjare sou daar weer sprake wees van geheime begrotings en "ondergrondse" werksaamhede.

INLIGTING AAN DIE KIESERS VAN DIE TRANSKEI.

'n Belangrike taak van die Departement in hierdie tydvak was om die stemprosedure aan die kiesers van die Transkei te verduidelik. "Die omvang van die voorligtingstaak in die Transkei blyk uit die feit dat 'n hele volk ingelig moes word oor wat van sy stemgeregtigde kiesers op verkiesingsdag verwag is. Vir die hele Xhosa-volk was dit 'n vreemde en nuwe belewenis."⁶⁷⁾ Verskeie vergaderings is gehou en 'n film "Hoe om te stem" is vervaardig vir vertoning in die Transkei.⁶⁸⁾

Die Opposisie het ook op hierdie poging kritiek gehad. "Daar is honderd-en-vyftig vergaderings gehou ten einde die Transkei te leer hoe om te stem. Meneer, is dit 'n departement van stem-opvoeding? Het hulle die inwoners van Transkei die prosedure geleer of het hulle die inwoners geleer vir wie hulle moet stem?" volgens mnr. Vause Raw.⁶⁹⁾

Die Minister van Inligting, mnr. F.W. Waring, ontken hierdie beskuldiging en wys daarop dat "... al

67) Jaarverslag 1963-64, p. 24.

68) Ibid., p. 2.

69) Hansard, Deel 15, 1965, kol. 7439.

die pogings van die Departement van Inligting daarop toegespits was om hulleself te oortuig dat die demokratiese prosedure begryp en gevolg is in die verkiesings, waarmee die massas van die Transkei heeltemal onbekend was."⁷⁰⁾

INLIGTING AAN DIE KLEURLINGE EN INDIËRS.

Nadat die 15 personeellede van die Kleurlinginligtingsdiens na die Departement van Inligting oorgeplaas is, is voortgegaan met die werksaamhede wat vroeër deur die Kleurlinginligtingsdiens verrig is. Na aanleiding van die welslae wat die Bantoe-onderwysblad behaal het, het die Departement van Kleurlingsake die Departement van Inligting versoek dat 'n soortgelyke blad vir die Kleurlinge ingestel moet word. So ontstaan die Kleurling-onderwysblad Alpha in Maart 1963.⁷¹⁾ Die blad het in 1965 reeds 'n oplaag van 20 000 eksemplare per maand gehad.⁷²⁾ Die Departement het in hierdie tydvak veral op inligting oor Kleurlingonderwys klem gelê.⁷³⁾

Omdat daar met die totstandkoming van die Departement nie 'n gevestigde Indiërinligtingsdiens was nie, het die Departement aanvanklik gesukkel om

70) Hansard, Deel 15, 1965, kol. 7439.

71) Jaarverslag 1962-63, p. 33.

72) Jaarverslag 1965-66, p. 26.

73) Jaarverslag 1962-63, p. 31.

die regte persone te vind vir die verspreiding van inligting onder die Indiërs. In 1964 is byvoorbeeld vier poste vir Indiër-inligtingsassistenten in die Durbanse kantoor goedgekeur, maar die poste kon nie onmiddellik gevul word nie.⁷⁴⁾ Die Departement het in 1965 'n rolprent vir die Indiërbevolking vervaardig terwyl 'n Indiër-onderwysblad Fiat Lux ook tot stand gekom het.⁷⁵⁾ Die verspreiding van inligting deur die staat aan die Indiërs sou in latere tydvakke eers gevestig raak.

GEVOLGTREKKING.

Die belangrikheid van hierdie tydvak lê daarin dat die Regering die verspreiding van inligting as so belangrik beskou het dat 'n volwaardige Departement hiervoor tot stand gebring is. Die Departement van Inligting het in 1966 reeds 'n personeel van 345 gehad wat uit 255 blankes, 79 Bantoes en 11 Kleurlinge bestaan het.⁷⁶⁾ In 1966 is ook 'n begroting van R3 345 000 vir die Departement goedgekeur.⁷⁷⁾

Die bydrae van hierdie tydvak lê nie in die skepping van nuwe funksies en benaderings nie, maar wel in die feit dat die onderskeie inligtingsdien-

74) Jaarverslag 1964-65, p. 25.

75) Jaarverslag 1965-66, p. 23 en p. 26.

76) Hansard, Deel 17, 1966, kol. 2293.

77) Ibid., kol. 1966.

ste van die Regering met welslae in een departementele struktuur gekoördineer kon word. Die funksies van die onderskeie inligtingsdienste waaruit die Departement van Inligting saamgestel is, is net so oorgeneem en voortgesit. Van verdere belang in hierdie tydvak was die debat wat oor die verspreiding van inligting in die binneland aan die blanke kiesers gevoer is. Die debat sou in volgende tydvakke voortgesit word.

Nadat die Departement gevestig is, kon daar nou begin word om in volgende tydvakke nuwe funksies op die proef te stel en die bestaande struktuur aan te pas en te wysig.

HOOFSTUK 8.

1966-1971. AANPASSINGS EN VERANDERINGE.

Op 5 April 1966 is sen. Jan de Klerk in die plek van min. F.W. Waring as Minister van Inligting aangestel.¹⁾ Mnr. B.G. Fourie, die Sekretaris van die Departement, is op 1 Julie 1966 na die Departement van Buitelandse Sake oorgeplaas. Mnr. F.G. Barrie is in sy plek aangestel.²⁾ Sen. De Klerk is op 13 Augustus 1968 deur dr. C.P. Mulder as Minister van Inligting vervang.³⁾

REORGANISASIE VAN DIE DEPARTEMENT.

Die onderskeie aanstellings sou 'n nuwe tydvak in die geskiedenis van die Departement van Inligting inlui. Die nuwe Minister asook die nuwe Sekretaris het elkeen veranderinge in die Departement aangebring.

In sy eerste jaarverslag het mnr. Barrie na veranderde wêreldgebeure en ontwikkelinge in Suid-Afrika verwys. "Dit het inderdaad 'n nuwe fase van die Departement se werksaamhede tot gevolg gehad. Die terrein wat gedek moes word, moes verbreed word. In die buiteland moes aktiwiteite verskerp word,

1) Jaarverslag 1968-69, p. 2.

2) Jaarverslag 1966-68, p. 2.

3) Jaarverslag 1968-69, p. 2.

en aan Hoofkantoor moes die grondliggende struktuur van die Departement dermate gereorganiseer word dat dit slag gereed kan wees vir die groter stroom giftige propaganda."4)

As gevolg van die reorganisasie wat plaasgevind het, sou die Departement voortaan uit vyf afdelings bestaan. Afgesien van die gebruiklike Administratiewe en Finansiële Afdelings was daar ook 'n Afdeling Binneland, 'n Afdeling Buiteland en 'n Afdeling Oudiovisuele Dienste en Publikasies. Waar die Afdeling Buiteland die Departement se 19 buitelandse kantore gekoördineer het, het die Afdeling Binneland uit vier onderafdelings bestaan. Die onderafdelings was Blanke-, Kleurling-, Indiër- en Bantoeskakel. Onder die Afdeling Oudiovisuele Dienste en Publikasies was daar sewe seksies wat elk 'n aspek van die Afdeling se werksaamhede gehanteer het. Die Seksies was Rolprente en Televisie, Radio, Kleurskyfies, Tentoonstellings, Kultuur, Fotografiëse en Kunsvorsing. Die onderafdeling Inligtingsbron en -verwerking het ook onder die Afdeling Oudiovisuele Dienste en Publikasies geval. Op 19 Oktober 1970 is 'n Afdeling Persskakel by die bestaande afdelings gevoeg.⁵⁾

Uit die feit dat een van die drie hoofafdelings

4) Jaarverslag 1966-68, p. 3.

5) Jaarverslag 1969-71, p. 4.

nā die reorganisasie 'n Afdeling Binneland was, kan afgelei word watter belang aan die verspreiding van inligting in die binneland geheg is. In die jaarverslae van die Departement sou voortaan duidelik onderskeid gemaak word tussen dié werksaamhede wat in die buiteland en dié wat in die binneland verrig is. Verder is daar ook vir elke bevolkingsgroep 'n eie onderafdeling geskep. Die feit dat die onderafdeling Blankeskakel is van die Persskakelafdeling dui op die klem wat in hierdie tydvak op die verspreiding van inligting aan die Blankes sou val.

BINNENSLANDSE BELEID EN KRITIEK DAAROP.

Die Minister van Inligting, dr. C.P. Mulder, het die taak van die Departement binnenslands soos volg gesien: "Dit is ons taak om aan al die volkere binne Suid-Afrika die inligting oor te dra van dag tot dag wat die beleid van die Staat en van die Regering is sodat hulle dit presies kan weet, want dit raak hulle van dag tot dag."⁶⁾

Mnr. Barrie, die Sekretaris van die Departement, sê hieroor: "Ten opsigte van binnelandse inligting byvoorbeeld word die omvang van die taak van die Departement steeds breër."⁷⁾

6) Hansard, Deel 27, 1969, kol. 7677.

7) Jaarverslag 1966-68, p. 5.

Spiedig het die Opposisie in hierdie groter klem wat op die verspreiding van inligting in die binneland geplaas is, 'n bedreiging gesien. Mnr. E.G. Malan het dit in 1970 so gestel: "Vir binnelandse propaganda vra die Minister alleen R2 miljoen vir vanjaar, 25 persent meer as die vorige jaar."⁸⁾

Die Minister van Inligting antwoord soos volg: "Hier is die feite: Die totale uitgawe is R5,725,000. Aan die buitelandse diens word R3,631,900 spandeer, met ander woorde 63,4 persent van die totale begroting word in die buiteland spandeer ... terwyl 36,6 persent in die binneland spandeer word. Daaruit kan agbare lede sien waar ons hoofzaak lê, want die hoofzaak lê tog waar die meeste geld spandeer word."⁹⁾

Ook oor die personeelverhouding het mnr. Malan die Departement gekritiseer. "Uit 'n totaal van ongeveer 440 amptenare van sy departement is 392 in Suid-Afrika gestasioneer ... Daarteenoor het hulle in die res van die wêreld net 53 beampptes. 87 Persent van die personeel van die Departement sit hier in Suid-Afrika ..."¹⁰⁾

Sen. Jan de Klerk het in 1966 op 'n soortgelyke vraag soos volg geantwoord: "Die insinuasie is

8) Hansard, Deel 30, 1970, kol. 4831.

9) Ibid., kol. 4931.

10) Ibid., kol. 4831.

dan daarby dat daar meer binnelandse as buitelandse amptenare is omdat hulle vir die Nasionale Party in die binneland propageer. Dit is die insinuasie. Maar dit is nie so nie ... In die buitelandse diens is 43. Maar nou gaan ek verder. Benewens die 43 persone in die buiteland - wat lyk of hulle die minste is - is daar ook nog 32 tiksters, klerke, ensovoorts, wat deur die Departement van Buitelandse Sake aangestel en besoldig word. Daar is dus 'n totaal van 75 eenhede wat in die Departement van Inligting in die buiteland werk. Afgesien hiervan is 49 vakkundige en tegniese personeel hier in Suid-Afrika besig om werk te verrig en materiaal te produseer wat deur die kantore in die buiteland gebruik word ... Ek wil maar net sê dat die Nasionale Party is ryk genoeg en sterk genoeg en het ook genoeg materiaal en breinkrag om sy eie publikasies uit te stuur."¹¹⁾

KLEM OP BLANKE-INLIGTING.

Drie maande ná dr. C.P. Mulder as Minister van Inligting aangestel is, het hy die volgende in 'n toespraak op Elsburg gesê: "Daar word ook in toenemende mate gevoel dat die Departement inligting op 'n groter skaal aan die blanke nasie van Suid-Afrika moet voorsien. In die verlede was daar die neiging om te redeneer dat 'n departement van in-

11) Hansard, Deel 17, 1966, kol. 2022.

ligting hom nie op die politieke terrein moet be-
geef nie, en derhalwe nie op die inligtingster-
rein van die blankes nie. In die veranderde wêreld
van vandag het daar egter 'n nuwe benadering ten
opsigte van inligting met betrekking tot die Blan-
kes ontstaan. Dit gaan nie oor verspreiding van
die beleid van 'n politieke party nie, maar die
noodsaaklike oordra van Staatsbeleid aan elke in-
dividu in daardie land. Waar hierdie landsbeleid
die wel en wee van elke lid van die bevolking mag
raak, is dit alleen reg dat die Departement van
Inligting hom moet toespits om die beleid van die
land, soos deur die Regering van die dag vertolk,
aan die landsburgers oor te dra. Daar is niks
sinisters aan hierdie gedagterigting verbonde nie.
Trouens, in elke Westerse land word inligting van-
dag op hierdie grondslag aan sy landsburgers oor-
gedra, en die tyd het aangebreek dat die Departe-
ment in 'n groter mate as in die verlede sy aandag
aan hierdie aspek van sy voorligtingstaak moet
wy."12)

Aan die einde van hierdie verslagjaar het mnr.
Barrie as Sekretaris van die Departement soos volg
hieroor verslag gedoen: "Daar is ook in 'n gro-
ter mate aandag geskenk aan die verskaffing van in-

- 12) Toespraak in November 1968 voor die Elsburgse
Rapportryerskorps gelewer; aangehaal in Han-
sard, Deel 27, 1969, kol. 7663.

ligting aan die Blankes oor Staatsbeleid en die implementering daarvan. Hierdie aspek van inligtingsverskaffing sal in die nabye toekoms nog verder uitgebou moet word om in die steeds toenemende vraag na inligting te voorsien."¹³⁾

Behalwe oor staatsbeleid is die Blankes in hierdie tydvak ook oor die Bantoe ingelig. "Ten einde noodsaaklike goeie verhoudings tussen die bevolkingsgroepe te bevorder, is daar ook in 'n groter mate aandag geskenk aan die voorligting van die Blanke publiek met betrekking tot die Bantoe-volksgroep, hul gewoontes en tradisies."¹⁴⁾

Hierdie nuwe benadering was die teenoorgestelde van die benadering wat in vorige tydvakke deur die staatsinligtingsdiens gevolg is. Hoewel inligting wel voorheen regstreeks aan die Blankes verskaf is, is dit nooit as 'n duidelike doelstelling gestel nie.

KRITIEK TEEN DIE VERSPREIDING VAN INLIGTING AAN DIE BLANKES.

Die Opposisie het hierdie nuwe benadering heftig teengestaan as die verspreiding van partypropaganda met die belastingbetaler se geld. Die Opposisie was so sterk hierteen gekant dat die Inlig-

13) Jaarverslag 1968-69, p. 5.

14) Jaarverslag 1969-71, p. 34.

tingsdebat in 1970 net oor hierdie aspek gevoer is.¹⁵⁾ Die Opposisie se argument was dat die Departement eerder inligting oor die Regering se beleid ten opsigte van belastinge kon versprei of die verpligte militêre dienspligstelsel kon verduidelik as om partypropaganda te verkondig.¹⁶⁾

Dr. C.P. Mulder wou hierop weet waarom hy die Departement van Finansies en die Departement van Verdediging se beleid mag verduidelik - "Maar hoekom mag ek dan nie die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling se beleid verduidelik nie? Wat is dan die verskil? Daar is geen logika hoege-naamd in die agbare lid se argumente nie."¹⁷⁾

"Maar as die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling aankondig, namens die wettig verkose Regering van Suid-Afrika, dat hy tuislande gaan ontwikkel, groter skeiding gaan bewerkstellig en vorms van selfbestuur gaan instel - en dit is alles kragtens wet deur die Parlement van Suid-Afrika op demokratiese wyse deurgeloods - dan is dit die plig van die Departement van Inligting om Jan Burger daaroor in te lig, want die uitvoering van hierdie beleid gaan hom direk of indirek raak. Dit is my argument. En dit is niks nuut nie."¹⁸⁾

15) Vgl. Hansard, Deel 30, 1970, kol. 4823-4846; 4907-4953.

16) Ibid.

17) Hansard, Deel 30, 1970, kol. 4942.

18) Ibid., kol. 4943; vgl. ook Hansard, Deel 33, 1971, kol. 5373-5374.

Die Opposisie het beweer dat Suid-Afrika die enigste demokratiese land is waar die Regering inligting aan sy kiesers versprei. Die Minister van Inligting het hierop probeer bewys dat ander demokratiese lande ook inligting aan hulle kiesers versprei. Hiervoor het hy breedvoerig uit publikasies van die Britse Central Office of Information, uit 'n Franse publikasie La Politique Intérieure de la France en uit sekere dokumente van die advertensieveldtog van die Federale Regering van Wes-Duitsland aangehaal.¹⁹⁾

Dr. Mulder se standpunt is dat elke politieke party sy eie inligtingsdiens het. Hierdie diens behoort die beoogde beleid van die party en die moontlikhede wat die party vir die kiesers voorsien, te verduidelik. Die staatsinligtingsdiens daarenteen verduidelik slegs beleid en besluite wat reeds deur die Regering van die dag aanvaar is en uitgevoer word.²⁰⁾

PUBLIKASIES VIR BLANKES.

Die nuwe benadering ten opsigte van die verspreiding van inligting aan die blankes het ook in die publikasies van die Departement na vore gekom. In 'n jaarverslag van die Departement word dit soos volg gestel: "Om sy rol te vervul as kanaal

19) Vir die volledige aanhalings vgl. Hansard, Deel 30, 1970, kol. 4943-4950.

20) Onderhoud met dr. C.P. Mulder.

waardeur ook inligting aan die Blanke bevolkingsdeel voorsien word, maak die Departement in toeneemende mate van publikasies gebruik."²¹⁾ Voorheen is die verspreiding van publikasies aan die Blankes vermy. Dit is as 'n te regstreekse metode beskou. Waar die Departement wel publikasies beskikbaar gestel het, was dit hoofsaaklik daarop gemik om Suid-Afrikaners wat oorsee wou reis, oor Suid-Afrika in te lig.

In hierdie tydvak het nou publikasies verskyn wat die Blanke kieser ingelig het oor hoe Regeringsbeleid en Regeringsbesluite hom persoonlik sou raak. "Onder die brosjures wat in die besonder daarop gemik was om 'n deel van die bevolking op hoogte te bring met die werksaamhede van 'n ander departement en wat in die verslagtydperk gedruk is, is 'Die Boer en die Ongevallewet', waarvan 70 000 Afrikaanse eksemplare en 30 000 Engelse eksemplare in Suid-Afrika versprei is. So ook is die brosjure 'Vooruitgang in die Bantoetuislande' uitgegee om Suid-Afrikaners op hoogte te hou van die vooruitgang in die Bantoetuislande. Die brosjure oor grensnywerhede en die nuwe publikasie oor die Oranjerivier-projek wat 'n beeld van dié reusagtige ontwikkeling gee, word ook in Afrikaans en Engels binnenslands versprei.

21) Jaarverslag 1966-68, p. 14.

'Suid-Afrika in 'n veranderende Wêreld', 'n toespraak van die Minister van Buitelandse Sake wat in brosjurevorm gepubliseer is, is ook binnenslands beskikbaar."²²⁾ Hieruit kan afgelei word watter soort inligting aan die Blankes op hierdie wyse versprei is.

Die tydskrifte South African Digest en Suid-Afrikaanse Oorsig kan in hierdie tydvak ook as publikasies wat inligting aan die blankes binnenslands versprei, beskou word. Die binnelandse sirkulasie van South African Digest was aan die einde van hierdie tydvak reeds 44 757 eksemplare teenoor die 8 664 eksemplare wat in die buiteland versprei is. Die syfers vir die Afrikaanse uitgawe Suid-Afrikaanse Oorsig was 47 748 eksemplare binne en 2 623 buite Suid-Afrika.²³⁾

Ook die tydskrif baNtu is in hierdie tydvak in die jaarverslae as 'n blad wat inligting aan blankes verskaf, behandel.²⁴⁾ Hierdeur het baNtu ontwikkel van 'n spreekbuis vir die baNtu, soos deur die ou Naturelle-inligtingsdiens in die vyftigerjare uitgegee, tot 'n inligtingsblad vir die Blankes oor die Bantoe.

22) Jaarverslag 1966-68, p. 14.

23) Hansard, Deel 40, 1972, kol. 190.

24) Jaarverslag 1966-68, p. 15.

SKAKELING MET DIE PERS.

In hierdie tydvak is 'n nuwe benadering ten opsigte van die skakeling met die pers gevolg. "Die gewoonte wat in die verlede ontstaan het dat persmense die Departement van Inligting gebruik as tussenganger om inligting van ander staatsdepartemente te bekom, is afgeskaf en persnavrae moet nou regstreeks aan departemente gerig word. Die Departement van Inligting bly egter tot beskikking van die pers waar hulp verlang word; dit bly steeds sy strewe om gesonde betrekkinge tussen die staatsdepartemente en die pers te bevorder en om toeganklikheid vir die pers aan te moedig."²⁵⁾

Die nuwe reëling het nie beteken dat die Departement van Inligting geen verdere hulp aan staatsdepartemente sou verskaf nie. In departementele omsendskrywes op 25 November 1966 het mnr. Barrie Sekretaris van Inligting, die nuwe reëling aan alle departementshoofde verduidelik.

"Alle staatsdepartemente het die Departement van Inligting tot hulle beskikking om verklarings, aankondigings en toesprake aan nuusagentskappe en die pers uit te reik. Die Departement behartig hierdie diens met graagte en probeer sy uiterste om te verseker dat nuusberigte die betrokke instansies

25) Jaarverslag 1966-68, p. 5.

so gou moontlik bereik."²⁶⁾ "Hoewel die Departement van Inligting soos in die verlede, beskikbaar en bereid is om verklarings namens ander departemente aan die pers uit te reik of om 'n publisiteitsstaak uit te voer, berus dit by elke departement om self te besluit of hy van die dienste van die Departement van Inligting gebruik wil maak."²⁷⁾

Die nuwe benadering het voordele maar ook nadele ingehou. Soos in 1959 die probleem was,²⁸⁾ het die nuwe reëling tot 'n gebrek aan koördinasie gelei. Dit was 'n herhaling van die situasie wat in min. Eric Louw se tyd probleme veroorsaak het.²⁹⁾ In November 1967 is gevolglik 'n memorandum oor hierdie saak aan die Regering vir optrede voorgelê.

"Alhoewel die Departement van Inligting die standpunt huldig dat dit elke departement se eie keuse is om te besluit oor die publisiteitsmedia wat hy wil gebruik, is dit van die allergrootste belang dat die Departement van Inligting ten opsigte van aankondigings van nasionale en internasionale belang, minstens gelyktydig met die pers, die Suid-Afrikaanse Persvereniging en die S.A.U.K. ingelig word. Ek sal dit besonder waardeur indien uitvoering hieraan gegee word, want die Departement van

26) Departementele omsendskrywe, 15 Desember 1966.

27) Departementele omsendskrywe, 25 November 1966.

28) Vgl. Hansard, Deel 101, 1959, kol. 5872-5873.

29) Vgl. Hoofstuk 6, p. 107 hierbo.

Inligting moet sy eie kantore binnelands sowel as buitelands, diplomatieke sendings, universiteite, parlamentslede, ensovoorts op hoogte van sake hou."³⁰⁾

"Dit is die prerogatief van Ministers en staatsdepartemente om aankondigings en verklarings regstreeks aan die pers, die Suid-Afrikaanse Persvereniging en die S.A.U.K. te doen. Dit is egter die stigtingsopdrag van die Departement van Inligting, soos in Goewermentskennisgewing nommer 1142 van 1961 neergelê, om alle publisiteitsdienste van die staat te koördineer.

"Om hierdie funksie na behore te vervul is dit nodig dat die Departement van Inligting tydig en ten volle ingelig word oor belangrike aankondigings deur die Regering."³¹⁾

'n Oplossing vir hierdie probleme is in 1970 gevind deurdat hierdie benadering effens gewysig is. Elke Departement het nog self met die pers geskakel, maar alle aankondigings van nasionale en internasionale belang is deur die Departement van Inligting hanteer.³²⁾

30) Verwysing na die Departementele omsendskrywe van 25 November 1966 in Memorandum aan die Kabinet, November 1967, p. 1.

31) Memorandum aan die Kabinet, November 1967, p. 2.

32) Onderhoud met dr. C.P. Mulder.

'N PERSAFDELING EN VERDERE AANPASSINGS.

Op 22 September 1970 het die Minister van Inligting in die Parlement 'n verklaring oor die toekomstige skakeling met die pers gemaak. Die Departement sou voortaan sy skakeling meer professioneel probeer maak. "Die uitgangspunt van my departement in hierdie verband is dat die pers in 'n demokratiese land 'n belangrike en noodsaaklike funksie te vervul het. Die pers moet daarom redelike geriewe hê om sy funksie, nl. om inligting, sonder prysgawe van sy eie onafhanklike mening, so getrou moontlik aan die publiek oor te dra."³³⁾

Twee nuwe reëlings ten opsigte van die pers is deur die Minister aangekondig. "Meer aandag sal voortaan aan perskonferensies bestee word. Die Departement beoog om ongeveer twee perskonferensies per jaar te reël vir die Eerste Minister op tye wat vir hom gerieflik is. Hiertoe het die Eerste Minister goedgunstiglik ingestem. Daarbenewens kan, indien die omstandighede dit regverdig, perskonferensies (briefing sessions) gereël word om aan die pers agtergrondinligting oor belangrike gebeure te verstrek."³⁴⁾

Die tweede reëling het oor nuwe poste gehandel. "Die Kabinet het die skepping van twee senior poste

33) Hansard, Deel 30, 1970, kol. 4824.

34) Dr. C.P. Mulder, Hansard, Deel 30, 1970, kol. 4825.

goedgekeur; Persskakelbeampste en Assistent-persskakelbeampste. Hierdie twee beampstes sal voltyds beskikbaar wees om die Eerste Minister en ander Ministers behulpsaam te wees met die hantering van die pers en van persaankondigings."³⁵⁾ Die laaste reëling toon ooreenkomste met die Amerikaanse metode waar politici en Regeringsbeampstes hulle eie skakelbeampstes het.

As uitvloeisel van hierdie nuwe benadering het op 19 Oktober 1970 'n Afdeling Persskakel naas die Binnelandse, Buitelandse en Oudiovisuele afdelings tot stand gekom.³⁶⁾ Die beampstes van hierdie nuwe afdeling het as 'n eerste werksaamheid die meeste redakteurs en persverteenvoordigers in Suid-Afrika besoek. "Hierdie besoeke het aan die lig gebring dat die besluit van die Regering om sy skakeling met die nuusmedia op 'n hegte grondslag te plaas, groot belangstelling gaande gemaak het en allereë verwelkom word."³⁷⁾ Die meeste koerante het ook hierdie nuwe benadering verwelkom.³⁸⁾

Ná die eerste bestaansjaar van die nuwe Afdeling Persskakel is soos volg daarvoor verslag gedoen:

- 35) Dr. C.P. Mulder, Hansard, Deel 30, 1970, kol. 4825. kol. 4825.
- 36) Jaarverslag 1969-71, p. 5.
- 37) Ibid., p. 36
- 38) Vgl. die inleidingsartikels van The Star en die Cape Argus van 23 September 1970 aangehaal in Hansard Deel 33, 1971, kol. 5367 en 5368.

"Hoewel die nuwe Afdeling Persskakel nog nie lank bestaan nie, is dit reeds duidelik dat dit beslis 'n leemte vul. Deur die kanaal wat nou geskep is, behoort die kommunikasiemedia dit gaandeweg makliker te vind om outentieke inligting oor die Regering se beleid, optrede en bedoelings aan die publiek oor te dra."³⁹⁾

ALGEMENE DOELSTELLINGS MET INLIGTING AAN DIE BANTOE.

As gevolg van die ontwikkeling van die beleid van afsonderlike ontwikkeling het die doelstellings van die Departement van Inligting ten opsigte van die Bantoe mettertyd verander. Die klem het van die bekendmaking van die beleid na die verduideliking van sekere aspekte daarvan verskuif. Oor die verskillende doelstellings van die Departement in hierdie tydvak is soos volg verslag gedoen:

"Die bewerkstelling van verdere skakeling en die knoping van nuere bande tussen die Bantoe in Blanke stede en dié in die tuislande het in alle groot stedelike sentrums voorkeur-aandag geniet."⁴⁰⁾

"Die Afdeling het ook 'n aansienlike rol gespeel in die voorsiening van inligting in verband met die toekenning van groter magte aan verskillende

39) Jaarverslag 1969-71, p. 36.

40) Ibid., p. 35.

Bantoe-owerhede, soos byvoorbeeld Ovamboland, die Ciskei, en Tswanaland."⁴¹⁾

"Beampes van die Departement het ook al begin om 'n doelgerigte diens aan bestaande volksowerhede te lewer om die implementering van hul positiewe oogmerke en besluite te bevorder."⁴²⁾ Hierdie diens wat aan die volksowerhede gelewer is, was die begin van eie inligtingsdienste vir die onderskeie tuislande. Die posisie van hierdie inligtingsdienste en hulle beampes sou in die volgende tydvak probleme veroorsaak.⁴³⁾

'n Verdere probleem in hierdie tydvak was die onkunde wat daar onder die publiek, maar ook onder ander Departemente se amptenare was oor die funksies en werkterrein van die Inligtingsbeampes wat met die Bantoe geskakel het. Dit het aanleiding gegee tot onnodige misverstand en selfs wrywing waar 'n skynbare oorvleueling van werksaamhede voorgekom het.⁴⁴⁾ Mnr. M.U. Zimmermann, Hoof van die Afdeling Binneland, het daarop gewys dat die Departement lankal nie meer net 'n publisiteitskantoor was nie, maar dat die Departement ook spesifieke inligtingstake gehad het om uit te voer.

41) Jaarverslag 1968-69, p. 5.

42) Jaarverslag 1969-71, p. 35.

43) Onderhoud met mnr. M.U. Zimmermann.

44) Ibid.

"... sedertdien word die grootste onkunde oor hierdie besondere Departement se funksies openbaar. Steeds word aan die gedagte geklou dat die Inligtingsdiens 'n soort vermaaklikheidsorganisasie is - mense wat rolprentvertonings hou, artikeltjies skryf vir tydskrifte, rolprente vervaardig, kiekies neem en luidsprekers op aanvraag beskikbaar moet stel. Dit is duidelik dat van die voorligtingsmedia verwar word met die eintlike funksie van hierdie diens, naamlik dié van skakeling, en om welwillendheid en vertroue by die gemeenskap te wen sodat enersyds die boodskap van die Owerheid inslag sal vind en andersyds dat die bevolking die vertroue en vrymoedigheid sal hê om hulle sienswyses en moontlike griewe te openbaar."⁴⁵⁾

T. & K. S.

PUBLIKASIES EN ROLPRENTE VIR DIE BANTOE.

Die publikasies van die Departement wat spesifiek vir die Bantoe bedoel was, is steeds uitgebrei. In hierdie tydvak is begin om 'n reeks nuusblaai vir besondere bevolkingsgroepe in hulle eie tale te publiseer.⁴⁶⁾ "Die waarde van die nuusblaai lê daarin dat die lesers op die hoogte van die jongste nuusgebeure gehou word en ook dat hulle

45) M.U. Zimmermann. Die Binnelandse Inligtings- en Skakelafdeling van die Departement van Inligting, p. 5.

46) Jaarverslag 1966-68, p. 15 en Hansard, Deel 20, 1967, kol. 4693.

nuttig deur gebieds- en verteenwoordigende streek-
rade aangewend kan word om oor hul werksaamhede
aan hulle verskeie bevolkingsgroepe verslag te
doen."⁴⁷⁾ Hierdie nuwe metode vir die versprei-
ding van inligting aan die Bantoe blyk geslaagd
te wees as na die sirkulasiesyfers van die onder-
skeie nuusblaaie gekyk word. Ikhwezi, 'n Xhosa-
maandblad, het in 1971 reeds 'n oplaag van 52 000
gehad, terwyl Izindaba, wat in Zoeloe verskyn het,
se oplaag 30 000 was.⁴⁸⁾

Die Vooruitgangreeks, wat reeds gevestig was, se
doel is in hierdie tydvak breër gestel. "In
hierdie reeks word klem gelê op algemene ontwik-
keling en word nuwe projekte wat op een of ander
van hierdie groepe betrekking het, onder hul aan-
dag gebring. Dit het ook die newedoel om die
Bantoe in die stedelike gebiede voortdurend van
die ontwikkelinge in die tuislande op hoogte te
hou."⁴⁹⁾

Die oorkoepelende doel met die verskillende publi-
kasies van die Departement is duidelik in die jaar-
verslae gestel. "Die verskillende nuusblaaie en
tydskrifte van die Departement, veral die Vooruit-
gangreeks, is met groot sukses gebruik om die ge-
dagte van afsonderlike ontwikkeling uit te dra."⁵⁰⁾

47) Jaarverslag 1969-71, p. 11.

48) Ibid.

49) Jaarverslag 1966-68, p. 15.

50) Jaarverslag 1968-69, p. 33.

Rolprente is in 'n steeds groter mate deur die Departement aangewend om sy doelstellings te bereik. "... in die Departement se taak ten opsigte van die Nie-Blanke groepe in Suid-Afrika vorm die beeld 'n belangrike onderdeel. Die Departement is tans die aktiefste organisasie op die gebied van die verspreiding van rolprente onder die Nie-Blankes in Suid-Afrika."⁵¹⁾

"Die sukses wat met hierdie medium behaal word, kan gemeet word aan die volgende vergelykende syfers. Gedurende die boekjaar 1965-66 is 489 000 toeskouers met hierdie vertonings bereik en gedurende die 1966-67-boekjaar 2 358 623 - 'n styging van 361 persent.

"'n Totaal van 1 129 afdrucke van die Departement se rolprente, waarvan sommige in nege inheemse tale is, is tans in gebruik."⁵²⁾

INLIGTING AAN DIE KLEURLING- EN INDIËRBEVOLKINGS.

Die Kleurling- en Indiërinligtingsdienste van die Departement van Inligting het nog nie inligting op dieselfde skaal as die Bantoe-inligtingsdiens versprei nie. Die Departement se werksaamhede ten opsigte van die Kleurlinge is as 'n hulpdiens gesien. "As hulpdiens vir die Departement van

51) Jaarverslag 1966-68, p. 26.

52) Ibid.

Kleurlingsake, het die Departement hom beywer om deur middel van gepaste inligtingsmedia die doelstellings van die Regering aan die Kleurlingvolk, hoofsaaklik in Wes-Kaapland, bekend te stel."⁵³⁾

Die Departement het in hierdie tydvak inligting aan die Kleurlingbevolking versprei oor hulle registrasie as kiesers.⁵⁴⁾ Die Departement het ook 'n intensiewe veldtog dwarsdeur die land geloods om die Kleurlingkiesers van die verkiesing wat in 1969 plaasgevind het, bewus te maak.⁵⁵⁾

Omdat die Departement se diens aan die Indiërbevolking nog nie so uitgebrei was dat inligting op groot skaal versprei kon word nie, het die klem steeds op persoonlike skakelwerk met meningsvormers geval.⁵⁶⁾

GEVOLGTREKKING.

In hierdie tydvak is drie veranderings en/of uitbreidings van belang. Die verklaarde beleid waardeur inligting nou ook regstreeks aan die blankes verskaf is, die groter klem wat op goeie skakeling met die pers geplaas is, en die uitbreiding van die skakeling met die Bantoe dui op aanpassings wat die Departement moes maak om tred te kon hou met die veranderende situasie in Suid-Afrika.

53) Jaarverslag 1966-68, p. 45.

54) Jaarverslag 1968-69, p. 5.

55) Jaarverslag 1969-71, p. 35.

56) Ibid., p. 36.

Soos die beleid van afsonderlike ontwikkeling momentum gekry het, was dit nodig om steeds meer inligting daaroor aan die Bantoe te versprei. Die groter klem wat op die verspreiding van inligting aan die Bantoe geval het, het so in direkte verband met die ontwikkeling van die beleid van afsonderlike ontwikkeling gestaan. As gevolg hiervan sou in die volgende tydvak 'n nuwe bedeling aanbreek ten opsigte van die verspreiding van inligting aan die Bantoe toe die onderskeie tuislande hulle eie inligtingsdienste gevra het.

Dit was in hierdie tydvak duidelik dat, ten einde doeltreffend te kan regeer, enige moderne regering 'n uitgebreide stelsel moet hê waarmee hy met sy burgers kan kommunikeer. In 'n demokratiese land sal die gevaar egter steeds bly dat hierdie staatsinligtingsdiens misbruik kan word tot nadeel van die demokratiese proses. So is die kritiek en vrese van die Opposisie in hierdie tydvak teen die regstreekse verspreiding van inligting aan die Blankes verstaanbaar. In die volgende tydvak sou hierdie funksie van die Departement verder uitgebrei en gevestig word as 'n noodsaaklike funksie in die moderne staat.

Noudat die Suid-Afrikaanse Departement van Inligting as 'n permanente staatsinligtingsdiens met ook binnelandse funksies gevestig was, sou die belangrikste taak van die Departement wees om steeds tred te hou en aan te pas by die vinnig veranderende omstandighede.

HOOFSTUK 9.

1972-75. DIE HUIDIGE STAATSINLIGTINGSDIENS.

Die omvang van die werk van die Departement van Inligting het steeds groter geword. Die Minister van Inligting, dr. C.P. Mulder, het op 19 Mei 1972 in die Volksraad verduidelik hoe sekere nuwe ontwikkelinge nuwe eise aan die Departement gestel het. Om hieraan te kon voldoen, het die Minister 'n reorganisasie van die Departement in die vooruitsig gestel. "Nou wil ek dadelik sê dat uit die rykdom en die kennis van die verlede tesame met nuwe begrippe en tegnieke wat tans gebruik word in talle lande van die wêreld, sal 'n nuwe struktuur en grondplan in die breë opgestel word vir die Departement van Inligting. Ons is tans daarmee besig."¹⁾

Hierdie tydvak is gekenmerk deur die klem wat op die vermoë om vinnig by veranderende omstandighede aan te pas. "Daarom is ek van plan om prioriteite, tegnieke en projekte van my Departement te hersien en opnuut aan te pas, van maand tot maand aan te pas. Die leuse van my Departement sal bly: Dinamiese dryfkrag en doeltreffende optrede. Daartoe bind ek myself en op daardie wyse sal ons Suid-Afrika verdedig."²⁾

1) Hansard, Weekliks no. 15, 1972, kol. 7823.

2) Ibid., kol. 7824.

Ten opsigte van die beoogde reorganisasie is dit ook gestel dat: "Hoewel dit groter spesialisasie en meer gekonsentreerde werkverrigting moontlik maak, sal dit nogtans buigsaam genoeg wees om, indien verdere verandering en ontwikkeling dit vereis, aanpassings te maak."³⁾

REORGANISASIE EN PERSONEEL.

Op 1 Desember 1972 het die reorganisasie van die Departement plaasgevind. Waar die Departement voorheen uit vier vakkundige afdelings bestaan het, naamlik 'n Afdeling Buiteland, Afdeling Oudiovisuele Dienste en Publikasies, Afdeling Binneland en 'n Afdeling Persskakel, "... het die noodsaak vir groter delegasie van magte en snelle beslissings vereis dat daar voortaan agt vakkundige afdelings moet wees, naamlik die afdelings Gaste en Besoekers, Buitelandse Inligting, Buitelandse Publikasies, Film-, Televisie- en Radioproduksie, Visuele Dienste, Persskakel, Opleiding en die afdeling Binnelandse Inligting, waaronder Binnelandse Publikasies ook ressorteer. Die Administratiewe Afdeling het behoue gebly."⁴⁾

In die Jaarverslag van 1972 is die doel met die reorganisasie soos volg gestel: "Hierdie struktu-

3) Jaarverslag 1972, p. 8.

4) Ibid.

rele veranderinge en verbeterings is nie slegs daarop gemik dat die Departement vinniger op uitvoerende opdragte moet kan reageer nie, maar ook om prosedure te vereenvoudig en die organisasie in staat te stel om, wanneer omstandighede dit noodsaak, spoedeisend aanpassings in sy prioriteite en modus operandi te maak.⁵⁾

Wat die bo-struktuur van die Departement betref, was daar 'n personeelverandering in hierdie tydvak. Op 1 September 1972 het die Sekretaris van Inligting, mnr. F.G. Barrie, Kontroleur en Ouditeur-generaal geword. Dr. E.M. Rhoodie is op 21 September 1972 in sy plek aangestel. Ná die reorganisasie van die Departement is verskeie ander veranderinge ook aangebring.⁶⁾

Op 31 Desember 1974 het die diensstaat van die Departement 499 poste bevat. Van hierdie poste was 219 vakkundige poste waarvan 59 deur vroue gevul is.⁷⁾ 'n Bedrag van ongeveer 11,8 miljoen rand is in die 1975-begroting vir die Departement van Inligting goedgekeur. Uit hierdie syfers kan die grootte van die Departement en die omvang van sy werksaamhede afgelei word.

5) Jaarverslag 1972, p. 4.

6) Ibid., p. 8.

7) Jaarverslag 1974, p. 9.

ALGEMENE BELEID BINNENSLANDS.

In hierdie tydvak was die Departement veral aktief in die buiteland. Die Departement was byvoorbeeld nou betrokke met die détente-welslae in Afrika. Die aktiwiteite in die binneland het egter nie hieroor gely nie. Die binnelandse werksaamhede is voortgesit en het so 'n omvang aangeneem dat Adjunk-minister Louis le Grange in Oktober 1975 met alle binnelandse inligting belas is.⁸⁾ Hieroor het Die Vaderland op 20 Oktober 1975 soos volg berig:

"Die Departement van Inligting gaan ingespan word in 'n nuwe veldtog van die Regering om binnelandse détente te bevorder. Dit sal deur die binnelandse afdeling van die Departement onderneem word. Inligting sal aan alle bevolkingsgroepe - onder wie die Blankes - versprei word oor sake soos die wegbeweeg van diskriminasie, rassebetrekkinge en die uitskakeling van irriterende maatreëls.

"Die Minister van Inligting, dr. Connie Mulder, het dié taak opgedra aan sy Adjunk, mnr. Louis le Grange. As eerste stap kom al die amptenare wat met binnelandse inligting belas is, op 12 November in Pretoria byeen om die nuwe veldtog te bespreek."⁹⁾

8) Onderhoud met dr. C.P. Mulder.

9) Anon. Inligting begin tuis met détente.
Die Vaderland, p. 1, 20 Oktober 1975.

Mnr. Le Grange het later teen die bespiegeling van die koerant oor hoe hy sy taak sou verrig, beswaar gemaak.¹⁰⁾ Tog gee dit 'n aanduiding dat binnelandse inligting in hierdie tydvak geensins op die agtergrond geskuif is nie. Die nuwe Adjunk-minister is byvoorbeeld van plan om so gou as moontlik al die binnelandse streekkantore te besoek en so eerstehandse kennis van die probleme wat ontdek word in die verspreiding van inligting in die binneland, op te doen.¹¹⁾

Op 12 November 1975 het die vergadering van die binnelandse streekverteenwoordigers van die Departement in Pretoria plaasgevind. Hoewel dit nie die eerste vergadering van sy soort was nie, sal daar voortaan meer sulke vergaderings onder leiding van die Adjunk-minister plaasvind. Hierdeur kan beleid gekoördineer en die nodige aanpassings van tyd tot tyd gemaak word.¹²⁾ Op die vergadering op 12 November 1975 is die taak van die Binnelandse Afdeling van die Departement van Inligting soos volg gestel:

"Die Afdeling Binnelandse Inligting, met sy onderafdelings Blanke-, Kleurling-, Indiër- en Bantoeskakel se eerste taak lê nog steeds in die verskaffing van inligting oor die landsbeleid aan die

10) Anon. Louis le Grange stel sy saak. Die Vaderland, p. 2, 21 Oktober 1975.

11) Onderhoud met dr. C.P. Mulder.

12) Ibid.

Bantoevolkere, die Kleurling- en Indiërvolksgroepe, asook die oordra van hierdie bevolkingsgroepe se begeertes en denkrigtings aan die betrokke regeeringsinstansies. Aandag word in 'n steeds groter wordende mate gegee aan die verskaffing van inligting aan Blankes oor Staatsbeleid en die implementering daarvan."¹³⁾

'n Spesifieke opdrag ten opsigte van die Blankes wat op die vergadering bespreek is, het gelui: "'n Intensiewe goedbeplande inligtingsveldtog handelende oor staatsbeleid, die implementering en uiteinde-like kulminering daarvan in onafhanklike tuislande (byvoorbeeld Transkei) moet daadwerklik aandag geniet."¹⁴⁾

NUWE WERKSAAMHEDE VAN DIE DEPARTEMENT.

'n Belangrike toevoeging tot die publikasies van die Departement was die verskyning van Comment and Opinion op 1 Februarie 1974. Die publikasie het weekliks die hoofartikels van Afrikaanse en Engelse koerante in Engels weergegee.¹⁵⁾ Die Minister van Inligting, dr. C.P. Mulder, het dit soos volg verduidelik:

13) Vergadering van die streekverteenwoordigers van die Departement van Inligting, Werksdokument, 12 November 1975, p. 2.

14) Ibid., p. 5.

15) Jaarverslag 1974, p. 60.

"... die doel daarvan is dat ons binnelands en buitelands mense het wat uit die aard van die saak nie Afrikaans verstaan nie; dat ons binnelands te doen het, in die eerste plek, met talle immigrante wat eentalig is en geen Afrikaans verstaan nie, en, tweedens, dat talle besoekers en toeriste aan Suid-Afrika nie 'n woord Afrikaans verstaan nie, dus net die Engelstalige koerante kan lees, en dus net die een kant van die storie kry. In die derde plek het ek gesê daar is 'n behoefte by die ambassades ..."16)

Oor die sirkulasie van die blad het die Minister gesê: "Die publikasie is egter so gewild in die binneland - ek kan talle briewe van ons mense aanhaal wat ons daarvoor bedank - dat die sirkulasie in die binneland baie vinniger as dié in die buitenland gestyg het."17) In die binneland is weekliks 55 500 eksemplare versprei teenoor die 2 300 eksemplare in die buitenland.18) Hieruit kan afgelei word dat hierdie publikasie hom binne 'n jaar as een van die belangrikste binnelandse publikasies van die Departement gevestig het. "n Soortgelyke publikasie is in die vyftigerjare deur die Staatsinligtingskantoor versprei. Hierdie publikasie het egter net Afrikaanse redaksionele kommentaar

16) Hansard, Weekliks no. 9, 1974, kol. 4336 en 4337.

17) Ibid., kol. 4337.

18) Ibid., kol. 4290

in Engels weergegee.¹⁹⁾

'n Belangrike projek van die Departement in hierdie tydvak was die verbetering van arbeidsverhoudinge tussen Wit en Swart. Oor hierdie onderwerp is daar byvoorbeeld in 1974 ruim 152 lesings by 43 ondernemings gehou wat deur 5 121 Blanke werksbestuurders en -toesighouers bygewoon is.²⁰⁾ Die inligting wat op hierdie wyse versprei is, het oor onder andere die Bantoeekultuur, gewoontes, gesagsbeskouing, gesagspersone en aanspreekvorme gehandel. Daar is veral klem op die verskille tussen die Blanke benadering tot sake en dié van die Bantoe gelê omdat juis hierdie verskille tot swak kommunikasie en arbeidsonrus aanleiding gee.²¹⁾ Hierdie dienste van die Departement was so in aanvraag dat die Departement nie alle versoeke kon opvolg nie.²²⁾

Die Departement het ook die Departement van Arbeid by verskeie geleenthede bygestaan om arbeidsprobleme op te los. So was van die Departement se beamptes behulpsaam met mynwerkersonluste op die Vrystaatse goudvelde. Omdat die beamptes 'n Bantotoetaal magtig is en die onderskeie etniese groepe

19) Vgl. Hoofstuk 5, p. 85 en 86 hierbo.

20) Jaarverslag 1974, p. 51.

21) SUID-AFRIKA (Republiek) Inligting, Dept. van. Employer - Bantu Employee relations.

22) Onderhoud met mnr. M.U. Zimmermann.

ken, kon hulle binne vyf minute die probleme oplos.²³⁾

Die Departement was in hierdie tydvak ook met die anti-inflasieveldtog van die Regering behulpsaam. Die Departement het die sekretariaat daarvoor voorsien.²⁴⁾ Dit was nadat verskeie pleidooie om 'n intensiewe inligtingsveldtog oor hierdie probleem gelewer is.²⁵⁾

INLIGTINGKUNDE EN SPESIALE PROJEKTE.

In 1975 het mnr. B.J. du Plessis, L.V., die volgende versoek aan die Regering gerig: "Ek wil die aandag van die Raad kortliks vestig op die ordening van alle inligtingsaktiwiteite in Suid-Afrika. Ek wil die belangrikheid van informatika, of inligtingkunde, in Suid-Afrika beklemtoon... Informatika, of inligtingkunde, gaan oor die verkryging, die verwerking, die berging en die herwinning van alle pertinente inligting in 'n land."²⁶⁾

Mnr. D.W. Steyn, L.V., bespreek dieselfde saak: "Soos die welvaart van 'n volk groei, groei sy aktiwiteite en namate sy aktiwiteite groei, genereer hy gegewens wat tot inligting verwerk moet word.

23) Jaarverslag 1974, p. 51 en Hansard, Weekliks no. 12, 1975, kol. 5158.

24) Onderhoud met dr. C.P. Mulder.

25) Vgl. mnr. J.J.B. van Zyl, Hansard, Weekliks no. 7, 1975, kol. 3712 en Hansard, Weekliks no. 12, 1975, kol. 5111.

26) Hansard, Weekliks no. 12, 1975, kol. 5135.

Algaande word die inligting meer en waar die inligting in die verlede deur manne-arbeid verwerk kon word, bestaan daar nou 'n behoefte dat die inligting op 'n gerekenariseerde basis verwerk moet word, want daar is nie genoeg hande-arbeid beskikbaar nie. Ons het dus die era van die rekenaar betree."²⁷

Nadat die Departement van Inligting hierdie aspek ondersoek het, is daar besluit om in 1976 daaraan aandag te gee. Hierdeur sal die Departement van Inligting oor 'n rekenaar beskik wat inligting oor waar sekere inligting gevind kan word, sal verskaf.²⁸⁾ Dit gaan dus hier om die berging van inligting, maar ook oor die doeltreffende verspreiding daarvan. Dit sal 'n heeltemal nuwe funksie van die Departement wees wat tekenend is van die vinnige aanpassings wat die Departement moet maak.

As gevolg van die meer gespesialiseerde benadering wat die Departement in hierdie tydvak gevolg het, het die Departement verskeie spesiale projekte in die buiteland en in die binneland geloods.²⁹⁾ Hieroor sê die Sekretaris van Inligting, dr. Eschel Rhodie: "Ek vra u egter om Inligting nie aan sy

27) Hansard, Weekliks no. 12, 1975, kol. 5261.

28) Onderhoud met dr. C.P. Mulder.

29) Ibid.

jaarverslag te meet nie. Dit is ons roetine-werksaamhede. Ons spesiale programme en projekte kan ons in die meeste gevalle vanweë die aard daarvan nie openbaar maak nie, asook omdat ons nie goedgesinde onafhanklike mense en organisasies aan aanvalle wil blootstel nie."³⁰⁾

Hierdie werksaamhede van die Departement van Inligting lei daartoe dat die volgende in die jaarverslag van die Departement in 1974 gestel is: "Die tyd het dus aangebreek, veral in die lig van die feit dat ons in sielkundige oorlogvoering betrokke is, om te oorweeg of dit in die belang van die Regering en van Suid-Afrika is, en of dit nie dalk nadelig vir ons inligtingsprogram is nie, om voort te gaan om soos in die verlede so volledig oor ons werk verslag te doen. Die Departement is van mening dat hy sy openbare verslaggewing by wyse van hierdie jaarverslag aansienlik moet beperk."³¹⁾

Die belang en omvang van hierdie werksaamhede van die Departement sal gevolglik eers in latere jare korrek begryp en beoordeel kan word.

INLIGTINGSDIENSTE VIR DIE TUISLANDREGERINGS.

Waar die Departement van Inligting in die vorige tydvak reeds die tuislandregerings met die uitdra

30) Dr. E.M. Rhoodie. Referaat oor Massa-Kommunikasie, 25 Oktober 1972, p. 15.

31) Jaarverslag 1974, p. 7.

en verduideliking van hulle besluite gehelp het,³²⁾ het die tuislandregerings in hierdie tydvak om hulle eie inligtingsdienste gevra. "Die versoeke van tuislandregerings soos die Transkei, Bophuthatswana, die Ciskei en Lebowa vir die instelling van eie inligtingsdienste, is 'n logiese gevolg van die beleid van afsonderlike ontwikkeling en word deur die Departement ondersteun. Alle tuislandregerings het immers ervaring van 'n doeltreffende voorligtingsdiens."³³⁾

Op 1 April 1974 het die Transkeise hoofminister die instelling van 'n inligtingsafdeling verbonde aan die departement van die hoofminister aangekondig.³⁴⁾ Teen die einde van 1975 het al die tuislandregerings reeds om hulle eie inligtingsdienste gevra. Behalwe die Transkeise Inligtingsdiens funksioneer die inligtingsdienste van Bophuthatswana en die Ciskei ook reeds. Die praktiese instelling van 'n inligtingsdiens vir Gazankulu is reeds ver georder.³⁵⁾

Hierdie ontwikkeling het verreikende gevolge ten opsigte van die binnelandse verspreiding van inligting aan die Bantoe deur die Departement van Inligting gehad. Waar die verspreiding van inligting aan die Bantoe in die tuislande as 'n binne-

32) Jaarverslag 1969-71, p. 35.

33) Jaarverslag 1974, p. 47.

34) Hansard, Weekliks no. 9, 1974, kol. 4284.

35) Onderhoud met mnr. M.U. Zimmermann.

landse funksie van die Departement gesien is, sal dit nou moet verander na 'n buitelandse funksie. "Die instelling van 'n eie Inligtingsdiens in die Gazankulu-regeringsdiens impliseer egter nie die onttrekking van die inligtingswerkzaamhede van hierdie Departement van Gazankulu nie. Net soos in ander lande, byvoorbeeld die V.S.A., Brittanje, Nederland, Duitsland, ens., sal die R.S.A. sy inligtingstaak ook in Gazankulu voortsit."³⁶⁾

"Die Inligtingsdiens van die R.S.A. daarenteen sal hom onttrek van alle voorligtingswerk ten behoeve van die Gazankulu-regering en sal hoofsaaklik die belange van die R.S.A. in hierdie Tuisland bevorder, soos byvoorbeeld welwillendheid en vriendskaplike verhoudings te bevorder tussen die R.S.A. en Gazankulu."³⁷⁾

'n Verdere probleem van hierdie ontwikkeling was die 63 Bantoepersoneellede wat in diens van die Departement was. Hulle is aangemoedig om by die inligtingsdienste van die tuislande aan te sluit.³⁸⁾ Die rede hiervoor was dat 'n onmoontlike situasie sou ontstaan as byvoorbeeld 'n Transkeise burger

36) SUID-AFRIKA (Republiek) Inligting, Dept. van. Die instelling van 'n eie Inligtingsdiens by die Gazankulu-regeringsdiens, p. 1.

37) Ibid., p. 2.

38) Hansard, Weekliks no. 9, 1974, kol. 4285.

in diens van die Suid-Afrikaanse Departement van Inligting die Transkeise Regering ten gunste van Suid-Afrika probeer beïnvloed.³⁹⁾ Die Departement sal voortaan ook nie meer so regstreeks met publikasies en ander metodes inligting aan die Bantoe in die tuislande kan versprei nie.

Hierdie veranderde funksies van die Departement van Inligting ten opsigte van die tuislande het reeds daartoe gelei dat Tuislandregerings die Departement beskuldig het van inmenging in hulle sake.⁴⁰⁾ Dit was omdat die Departement op dieselfde wyse as wat in Brittanje gedoen word, meningsleiers in die tuislande probeer beïnvloed het. Die funksies van en verhoudinge tussen die tuislandinligtingsdienste en die Suid-Afrikaanse Departement van Inligting kan in die toekoms probleme veroorsaak as dit nie duidelik omskryf en versigtig hanteer word nie.

DIE OPLEIDING VAN SWART INLIGTINGSBEAMPTES.

Die tuislandinligtingsdienste sal na die onafhanklikheid van die tuislande ook 'n buitelandse inligtingsfunksie moet vervul. Die Bantoe-inligtingsbeamptes wat van die Departement na die onderskeie tuislandinligtingsdienste gegaan het, het voorheen slegs inligting in die binneland onder die

39) Onderhoud met mnr. M.U. Zimmermann.

40) Ibid.

Bantoebevolking versprei. In die lig hiervan het die Minister van Inligting, dr. C.P. Mulder, in 1974 die volgende verklaring gemaak: "Dit is die voorname van die departement, veral waar formele goedkeuring van die Kabinet daartoe verkry is, om steeds vroeg in die komende jaar, wanneer die opleidingsprogram vir 1975 'n aanvang neem, ook Bantoebeamptes by hierdie program te betrek. Ná 'n kort periode van opleiding en oriëntering, sal hulle dan met die oog op verdere opleiding as inligtingsbeamptes in die volgende kantore geplaas word, te wete New York, Londen, Keulen en Parys."⁴¹⁾

Ses inligtingsbeamptes van die Transkei is in 1975 deur die Departement van Inligting in Pretoria opgelei. Vyf van hierdie beamptes is in September 1975 na die buitelandse kantore van die Departement oorgeplaas waar hulle met groot lof van die Suid-Afrikaners gepraat het.⁴²⁾

Ná die onafhanklikheid van die Transkei sal 'n nuwe situasie in Suid-Afrika ontstaan deurdat van hierdie beamptes in Suid-Afrika aangestel kan word om inligting namens die Transkei te versprei. Hulle sal dan Suid-Afrikaanse meningsleiers ten gunste van die Transkei probeer beïnvloed. Dit sal 'n unieke tydvak in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse staatsinligtingsdiens inlui.

41) Hansard, Weekliks no. 9, 1974, kol. 4286.

42) Anon. 'Geen diskriminasie in SA-Huis nie'. Die Transvaler, p. 3, kol. 4-6, 3 Januarie 1976.

BANTOE-, INDIËR- EN KLEURLINGSKAKEL.

Hoewel die Departement van Inligting in hierdie tyd-
vak in 'n oorgangsfase was as gevolg van die ontwik-
keling van die tuislandinligtingsdienste, het die
verspreiding van inligting aan die Bantoe soos in
vorige tydvakke voortgegaan. Die oorkoepelende
doel van die Departement was om die implikasies en
uiteindelike mikpunte van die beleid van afsonder-
like ontwikkeling aan die Bantoe tuis te bring en
ook om goeie verhoudinge tussen die Bantoe en ander
bevolkingsgroepe in Suid-Afrika te bevorder.⁴³⁾ So
is 'n veldtog geloods om die belangrikheid van bur-
gerskapsertifikate met die oog op toekomstige ver-
kiesings in die tuislande onder die aandag van die
Bantoe te bring. In die tuislande is die noodsaak-
likheid van landboukundige ontwikkeling asook ge-
reelde skoolbywoning beklemtoon. Die werksaamhede
van die verskillende departemente van die onderskeie
Bantoe-regeringsdienste is ook deur die Departement
aan die Bantoe verduidelik.⁴⁴⁾

Watter aspekte vir die Departement van Inligting in
hierdie tydvak van belang was, blyk uit die sake
wat op die konferensie van binnelandse streekver-
teenwoordigers op 12 November 1975 bespreek is.
Van hierdie sake was onder andere:

43) Jaarverslag 1974, p. 49 en 50.

44) Ibid.

"Die naastenby agt miljoen Swartmense in blanke gebiede noodsaak 'n dringende en doelgerigte aksie-program.

"Die Departement moet aktief behulpsaam wees om verwagte grootskaalse verskuiwings van Swartmense (veral in Natal) so glad moontlik te laat verloop.

"'n Intensiewe skakelprogram om kontak met leierfigure, meningsvormers en invloedrykes onder al die volksgroepe op te bou en uit te bou, is noodsaaklik. 'n Klimaat van goeie gesindhede kan op dié wyse uitgebrei word.

"In die inligtingsprogram moet die jeug (onder al die bevolkingsgroepe) 'n groter mate van aandag ontvang.

"Verteenwoordigers van die Departement moet die voortou neem waar dit die diplomatieuse bearbeiding en voorligting van amptenary, wat met anderskleuriges werk, betref."⁴⁵⁾

Die Departement het in 1974 reeds 13 Indiër- en Kleurlingbeampies gehad.⁴⁶⁾ "Die pogings van die Departement om gesonder verhoudinge tussen die Blanke en Kleurlinggroep te bewerkstellig, is gedurende die jaar in verskeie gebiede verskerp."⁴⁷⁾

45) Vergadering van die streekverteenwoordigers van die Departement van Inligting, Werksdokument, 12 November 1975, p. 3.

46) Hansard, Weekliks no. 9, 1974, kol. 4287.

47) Jaarverslag 1974, p. 52.

So is daar in hierdie tydvak ook groter klem op die verspreiding van inligting aan en oor die Indiërbevolking gelê. 'n Belangrike projek in hierdie tydvak was "... om die Indiërbevolkingsgroep se aandeel in die Suid-Afrikaanse ekonomie aan die ander bevolkingsgroepe bekend te stel en om kennis van die groep te bevorder."⁴⁸⁾

Hieruit kan afgelei word in hoe 'n mate politieke ontwikkelinge in Suid-Afrika 'n regstreekse invloed op die prioriteite en klemverskuiwings van die Departement van Inligting gehad het.

GEVOLGTREKKING.

Hoewel die Departement van Inligting in hierdie tydvak die klem op die buiteland geplaas en ook besondere welslae in Afrika behaal het, het die binnelandse inligtingsdiens nie daaronder gely nie. Die feit dat die Adjunk-minister van Inligting met die verspreiding van inligting in die binneland belas is, dui op die belangrikheid wat hieraan geheg is. Die binnelandse inligtingsfunksies van die Departement het hierdeur nuwe erkenning en status verwerf as 'n belangrike aspek van die staatsinligtingsdiens.

In hierdie tydvak is verskeie nuwe eise aan die Departement gestel. Aan die een kant was die Departement by die ekonomiese probleme van die land betrok-

48) Jaarverslag 1974, p. 52.

ke met die anti-inflasievelddtog, terwyl die Departement aan die ander kant aandag aan die verspreiding van inligting met rekenaars moes gee. Suid-Afrika se betrokkenheid in Angola kan selfs daartoe lei dat sekere funksies wat deur mnr. Wilson se oorlogstydse inligtingskantoor verrig is, weer deur die Departement verrig moet word.

Om die belangrikheid en bydrae van hierdie tydvak nou reeds te beoordeel, is baie moeilik. In toekomstige jare sal dié tydvak in beter perspektief gesien en beoordeel kan word. Dit is ook nie duidelik of hierdie tydvak in 1975 tot 'n einde gekom het en of dit nou eers momentum kry nie. Waarskynlik sal 'n nuwe tydvak ná die onafhanklikheid van die Transkei volg. Wat wel in hierdie tydvak van belang is, is die groot klem wat op die aanpassingsvermoë en buigsaamheid van die Departement geplaas is. In die onsekere en veranderende omstandighede van vandag stel dit die Departement in staat om van maand tot maand aan te pas as dit nodig sou wees. Hierdie aanpassingsvermoë is van groot belang om vir Suid-Afrika 'n doeltreffende inligtingsdiens te verseker.

HOOFSTUK 10.

SAMEVATTING.

"Inligtingsdienste of openbare skakelwerk op die internasionale vlak het 'n unieke verpligting geword wat vir die moderne staat onmisbaar is", volgens dr. E.M. Rhoodie, huidige Sekretaris van die Departement van Inligting.¹⁾ Dieselfde kan van openbare skakelwerk tussen die moderne staat en sy eie burgers gesê word. Mev. Indira Gandhi se woorde dat: "Public Relations is one of the lubricants of democracy"²⁾ kan nou ook in beter perspektief gesien word. In Suid-Afrika het dit lank geduur voordat hierdie stelling aanvaar en prakties deur die Regering uitgevoer is. Die verspreiding van inligting in die buiteland daarenteen is sonder moeite aanvaar en reeds van vroeg af uitgevoer as 'n logiese verpligting van die Staat.

Waar die eerste inligtingsbeampte reeds in 1937 aangestel is, was hier nog geen sprake van 'n georganiseerde staatsinligtingsdiens nie. Suid-Afrika was in die voordelige posisie dat sy staatsinligtingsdiens gedurende die Tweede Wêreldoorlog gevestig is. Met die noodtoestand as regverdiging was dit moontlik om die diens baie vinnig uit te brei en verskeie funksies ten opsigte van die ver-

1) Dr. E.M. Rhoodie. Referaat oor International Communication, 22 en 23 Februarie 1972 en Jaarverslag 1972, p. 7.

2) Vgl. Hoofstuk 1, p. 4 hierbo.

spreading van inligting in die binneland te vestig. Hoewel daar ná die oorlog 'n voorspelbare reaksie teen die verspreiding van inligting deur die staat in die binneland was, was die diens reeds so gevestig dat die Regering dit nie sonder meer tot niet kon maak nie. Die voortbestaan van die staatsinligtingsdiens is toe geregverdig deur die buitelandse funksie van die diens te beklemtoon. Omdat die verspreiding van inligting in die binneland nog nie as 'n algemene funksie van die staatsinligtingsdiens aanvaar is nie, het die diens sover moontlik die verspreiding van inligting in die binneland vermy. In die binneland sou die diens slegs as 'n publisietskantoor optree. Dit het behels dat die inligtingsdiens hoofsaaklik namens die Regering met die pers geskakel het. Verder het die diens 'n hulp-funksie ten opsigte van ander staatsdepartemente verrig. Dit het daarop neergekom dat die inligtingsdiens publisietsfunksies in opdrag van staatsdepartemente verrig het.

As gevolg van die verskerpte buitelandse aanvalle teen Suid-Afrika in die vyftigerjare het die Departement vinnig uitgebrei sodat dit teen 1960 reeds 'n gevestigde staatsafdeling was. Hierdie uitbreiding het ook die verspreiding van inligting in die binneland aangehelp, hoewel dit tot in die sestigerjare hoofsaaklik skakeling met die pers sou bly.

As gevolg van Suid-Afrika se bevolkingsamestelling

en die feit dat die nie-blankes nie regstreeks aan die demokratiese proses deelgeneem het nie, het die verspreiding van inligting aan die nie-blankes in die vyftigerjare baie belangrik vir die Regering en staat geword. Vir die Regering het die sukses van sy beleid van afsonderlike ontwikkeling ook in 'n groot mate afgehang van die mate waarin met die Bantoe oor die beleid gekommunikeer kan word. As oplossing hiervoor het dr. Verwoerd in 1951 'n natuurlike-inligtingsdiens ingestel. Dit sou later deur 'n Kleurlinginligtingsdiens gevolg word. Hierdie inligtingsdienste is in 'n groot mate as noodsaaklik aanvaar en het relatief min kritiek ontlok. Dit was waarskynlik omdat hierdie inligtingsdienste nie inligting aan die kiesers verskaf het nie.

Ná Sharpeville en ander gebeure in die sestigerjare was daar 'n groot behoefte aan 'n intensiewe en gekoördineerde inligtingsveldtog deur die Regering. Die Staatsinligtingskantoor met sy oorwegend buitelandse funksie en die Naturelle-inligtingsdiens met sy oorwegend binnelandse funksies het ook so uitgebrei dat hulle 'n volwaardige Departement van Inligting geregverdig het. In hoe 'n mate dr. Verwoerd se pogings om 'n Engelssprekende in die Kabinet in te bring 'n rol in die totstandkoming van 'n selfstandige Departement van Inligting gespeel het, is moeilik bepaalbaar.

Ná die totstandkoming van die Departement is die regstreekse verspreiding van inligting aan die

Blankes steeds vermy. Die verspreiding van inligting deur die Regering aan die Blanke kiesers en die Departement se skakeling met die pers is as dieselfde funksie gesien. Ten opsigte van die verspreiding van inligting aan die nie-blankes was die Departement baie minder versigtig en is die doelwitte van die Regering duidelik uitgespel.

In 1968 het die Minister van Inligting, dr. C.P. Mulder, aangekondig dat die Departement voortaan ook regstreeks inligting binnenslands aan die Blankes sou versprei. Die argument was dat Regeeringsbesluite en beleid wat die kieser persoonlik raak, deur die Regering en spesifiek die Departement van Inligting aan hom verduidelik moet word. As verdere regverdiging het die Regering aangevoer dat dit reeds praktyk in die meeste demokratiese lande is.

Hierdie nuwe benadering het heftige reaksie van veral die Opposisieparty uitgelok omdat hulle hierin 'n bedreiging vir hulleself en die demokratiese proses gesien het. Die Opposisiegroepe het beweer dat die Regering nie regstreeks met sy kiesers mag kommunikeer nie. Die koerante behoort in 'n demokratiese land as 'n onafhanklike tussenganger tussen die Regering en die kiesers op te tree om so te verseker dat die demokratiese proses nie benadeel word nie. In hierdie opsig het die Opposisie se standpunt by dié van Thomas Jefferson, 'n Amerikaanse president, aangesluit.

Hy het die belangrike rol wat koerante in 'n demokratiese staat vervul, in 1787 soos volg gestel:

"It is to give them full information of their affairs through the channel of public papers and to contrive that those papers should penetrate the whole mass of the people. The newspapermen, publishers, reporters, are just as much public servants as men in the government service itself."³⁾

J.R. Pimlock sluit hierby aan en stel 'n voorwaarde vir wanneer die Regering regstreeks met sy kiesers mag kommunikeer. "Here then is a most important principle which has underlaid the development of official information activities in a Federal Government and has been implicitly accepted by Congress and the mass media. The first object should be to facilitate the dissemination of information by mass media, and the information services should inform the public direct only where the mass media fail to do so adequately."⁴⁾

Die Regering het gevoel dat die koerante nie hierdie taak doeltreffend verrig nie en dat 'n kommunikasiebreuk tussen die Regering en sy burgers ontstaan het. Die spanning en verwydering wat in meeste demokratiese lande tussen die Regering en

3) Aangehaal in Hansard, Deel 2, 1962, kol. 1987.

4) J.R. Pimlock. Public Relations in American democracy aangehaal in Hansard, Deel 2, 1962, kol. 1986.

die media is, het veral in die sewentigerjare in Suid-Afrika duideliker geword. Dit was veral ten opsigte van die Afrikaanse koerante sigbaar. Die Afrikaanse koerante was voorheen partymondstukke en was die Regering so behulpsaam in die uitdra van sy standpunte. Na mate meer Afrikaanse koerante 'n onafhanklike benadering begin volg het, kon die Regering nie meer doeltreffend met sy burgers kommunikeer nie. Dit was waarskynlik 'n rede waarom die Departement aan die een kant meer regstreekse inligting aan die Blankes versprei het, terwyl aan die ander kant die skakeling met die pers verbeter is.

Waar die besluite en probleme van 'n moderne staat steeds meer gespesialiseerd en ingewikkeld raak, moet dit as 'n verdere belangrike rede gesien word waarom 'n moderne Regering dit nodig vind om 'n binnelandse inligtingsdiens op te bou. Geen moderne Regering kan vandag doeltreffend regeer sonder 'n uitgebreide stelsel waardeur hy met sy staatsburgers kan kommunikeer nie. Hierdie ontwikkeling hang nou saam met die ontwikkeling van die Skakelwese die afgelope 50 jaar. In enige demokratiese staat sal die gevaar egter steeds bly dat hierdie staatsinligtingsdiens misbruik kan word tot nadeel van die demokratiese proses. Die presiese verhouding tussen hoeveel en watter inligting 'n regering regstreeks aan sy burgers mag oordra sonder om die demokratiese proses te beïnvloed, moet nog volledig ondersoek word. Dit

geld ook die plek wat die openbare media in hierdie verhouding moet inneem.

Waar dit vir die moderne Regering steeds noodsaakliker word om regstreeks met sy burgers te kommunikeer, sal dit in enige demokratiese land in die toekoms steeds moeiliker word om die verhouding tussen staatsinligting en partypropaganda te bepaal.

SLOTSOM.

Deur hierdie verhouding en die funksies en doelstellings van die Suid-Afrikaanse staatsinligtingsdiens sedert 1936 te ondersoek, is gepoog om 'n bydrae tot die omlyning van hierdie vraagstukke te maak. In die lig van die ondersoek is geen getuienis opgediep wat daarop dui dat agtereenvolgende Regerings in vredestryd wel die demokratiese proses probeer beheer of die openbare pers in sy natuurlike funksie te strem nie.

BRONNE

I ARGIVALE BRONNE

1. ONGEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

1.1. Staatsargief, Pretoria.

Die Departement van Binnelandse Sake,
1948-1955.

J.B.M. Hertzog-versameling.

J.C. Smuts-versameling.

2. GEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

2.1. SUID-AFRIKA (Republiek). Debatte van
die Volksraad, Deel 2-40 (1962-1972),
Weeklikse uitgawes no. 9 (1974) en
no. 7 en 12 (1975).

2.2. UNIE VAN SUID-AFRIKA. Debatte van die
Volksraad, Deel 27-107 (1936-1961).

2.3. UNIE VAN SUID-AFRIKA. Report on Future
Organisation and Functions of the Bureau
of Information. Verslag van mnr. A.N.
Wilson. Pretoria, 1945.

2.4. UNIE VAN SUID-AFRIKA. Verslag van die
Interdepartementele Komitee wat aange-
stel is om die verslae van die Komitee
in sake Staatspublisiteit en die Film-
komitee en ander betrokke sake te oor-
weeg. Die Smith-Bourke-Hurter-verslag.
Pretoria, Staatsdrukker, U.G. no. 23 -
1945.

II DIVERSE ONGEPUBLISEERDE STUKKE

1. Anon. Die ontstaan, doel en taak van die Departement van Inligting. Afgerol. s.pl., 197-?
2. Anon. Some notes on the development of the Department of Information. Afgerol. s.pl., 196-?
3. Mulder, E.C. Onvoltooide manuskrip 1975.
4. Rhodie, E.M. International Communication. Referaat deur die Sekretaris van Inligting by geleentheid van die konferensie "Communication South Africa" aangebied deur die Openbare Skakel-instituut van Suid-Afrika in Kaapstad op 22 en 23 Februarie 1972. Afgerol. Pretoria, 1972.
5. Rhodie, E.M. Referaat deur die Sekretaris van Inligting by geleentheid van die seminaar oor "Massa-kommunikasie" aangebied deur die Nasionale Ontwikkeling- en Bestuurstigting van Suid-Afrika en die Openbare Skakel-instituut van Suid-Afrika (Noord-Transvaalstreek) in Pretoria op 25 Oktober 1972. Uitgereik deur die Departement van Inligting. Afgerol. Pretoria, 1972.
6. SUID-AFRIKA (Republiek) Inligting, Dept. van. Employer - Bantu employee relations; Full use of the employee's labour ability, prepared by A.S. Marais. Afgerol. Boksburg, 1974?

7. SUID-AFRIKA (Republiek) Inligting, Dept. van. Die instelling van 'n eie inligtingsdiens by die Gazankulu-regeringsdiens, deur D.G. Grobler. Afgerol. Pretoria, 1975.
8. SUID-AFRIKA (Republiek) Inligting, Dept. van. Die uitreiking van persverklarings en toeganklikheid vir die pers, deur F.G. Barrie, Sekretaris van Inligting; 'n Departementele omsendskrywe. Afgerol. Pretoria, 1966.
9. SUID-AFRIKA (Republiek) Inligting, Dept. van. Die uitreiking van Persverklarings; 'n Memorandum voorberei vir die Kabinet. Afgerol. Pretoria, 1967.
- 10 Vergadering van Streekverteenwoordigers van die Departement van Inligting, Pretoria, 12 November 1975. Program. Werksdokument. Afgerol. Pretoria, 1975.
- 11 Zimmermann, M.U. Die binnelandse inligtings- en skakelafdeling van die Departement van Inligting. Afgerol. s.pl., 1973?

III PERIODIEKE PUBLIKASIES

1. KOERANTE EN TYDSKRIFTE.
 - 1.1. Anon. The Information Department. Africa Report, 71(2): 43, Februarie 1966.
 - 1.2. Anon. Information Officers and Policy. Bantoe/Bantu, 5(3) :3, Maart 1958.
 - 1.3. Anon. Die Inligtingsdiens en die

Suid-Afrikaanse Bantoe. Bantoe/Bantu,
4(10): 23, Oktober 1957.

1.4. Anon. Die Inligtingsdiens en die
Suid-Afrikaanse Blanke. Bantoe/Bantu,
4(9): 37, September 1957.

1.5. Anon. Die Inligtingsdiens en ons bui-
telandse besoekers. Bantoe/Bantu,
4(8):29, Augustus 1957.

1.6. Anon. The South African Bureau of In-
formation; the first exclusive inter-
view with the Director. The Nongai,
33(6):647, Junie 1942.

1.7. Die Burger: 15 Mei 1957, 2 Desem-
ber 1961.

1.8. Robertson, Kommandant. Suid-Afrika
moet voorvat. Kommando, 6(3): 15,
Maart 1955.

1.9. The Star: 8 Februarie 1947.

1.10 Die Transvaler: 8 April 1942, 17 Ju-
lie 1962, 3 Januarie 1976.

1.11 Die Vaderland: 20 Oktober 1975, 21
Oktober 1975.

2. JAARVERSLAE.

SUID-AFRIKA (Republiek) Inligting, Dept.
van. Jaarverslae/Annual Reports 1961-62;
1962-63; 1963-64; 1964-65; 1965-66;
1966-68; 1968-69; 1969-71; 1971-72;
1972; 1973; 1974.

UNIE VAN SUID-AFRIKA Binnelandse Sake, Dept.

van. Jaarverslag van die Staatsinligtingskantoor/Annual Report of the State Information Office 1950; 1951; 1952; 1953; 1954-55.

UNIE VAN SUID-AFRIKA Buitelandse Sake, Dept. van. Jaarverslag van die Suid-Afrikaanse Staatsinligtingsdiens 1955-56; 1956-57; 1957-58; 1958-59; 1959-60.

IV LITERATUUR.

1. Bekker, M.J. Histories-Empiriese studie van die Suid-Afrikaanse Diplomatieke en Konsulêre diens as staatskakelorganisasie. Verhandeling ter verkryging van die graad M.A. (Kommunikasiekunde), P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1973.
2. Cutlip, S.M. en Center, A.H. Effective public relations; 4th ed. Englewood Cliffs, N.J. Prentice-Hall, Inc., 1971.
3. Dekker, E. Overheidsvoorlichting in de verzorgingsmaatschappij. Rijswijk, 1969.
4. Doob, L.W. Public opinion and propaganda; 2nd ed. Hamden, Connecticut, Archon, 1966.
5. Du Plessis, Wennie. Die goue draad; "op die trekpad van 'n nasie". Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1970.
6. Ellul, J. Propaganda: The formation of men's attitudes. New York, Random House Inc., 1973.
7. Frankel, J. International politics; con-

- flict and harmony; 2nd ed. Middelsex, England, Penguin Books, Cox & Wyman Ltd., 1973.
8. Frankel, J. International relations; 2nd ed. Londen, Oxford University Press, 1972.
 9. Holsti, K.J. International politics; a framework for analysis; 2nd ed. Londen, Prentice Hall International, Inc., 1974.
 10. Malan, J.P. & L'Estrange, J.A. Openbare skakelwese in Suid-Afrika. Johannesburg, Malan en L'Estrange, 1973.
 11. Muller, C.F.J. red. Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria, Academica, 1969.
 12. Nicolson, H. Diplomacy; 3rd ed. Londen, Oxford University Press, 1969.
 13. Pienaar, G.J. Perssensuur en staatsveiligheid. Proefskrif ter verkryging van die graad D. Phil, P.U. vir C.H.O. Potchefstroom, 1968.
 14. Van Jaarsveld, F.A. Van Van Riebeeck tot Verwoerd 1652-1965; 'n inleiding tot die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1971.
 15. Wilson, G.H. Gone down the years; 2nd ed. Londen, Allen & Unwin, 1947.

V. ONDERHOUDE EN GESPREKKE.

1. Dr. C.E. Mulder, verbonde aan die Departement van Inligting en hoof van die Afdeling Opleiding. Oktober 1975.
2. Dr. C.P. Mulder, Minister van Inligting sedert 1968. Desember 1975
3. Mnr. J.H. Steyn - deur genl. J.B.M. Hertzog as eerste staatsinligtingsbe-ampte aangestel 1937-1939. Oktober 1975.
4. Min. Marais Steyn, verbonde aan die oorlogstydse Buro van Inligting 1940-1942. Oktober 1975.
5. Mnr. A.N. Wilson, oorlogstydse Direkteur van Inligting aangestel deur genl. J.C. Smuts, 1939-1945. Julie 1975.
6. Mnr. M.U. Zimmermann, verbonde aan die Departement van Inligting en hoof van die Afdeling Binneland van 1971 af. Hy is ook in 1953 as een van die eerste inligtingsbeampes by die Naturelle-inligtingsdiens aangestel. Oktober 1975.